

Opgedra aan Anria en my ouers

THE NEW YORK TIMES

EN DIE GEVAL

STEVE BIKO -

Die evaluering van
betekenisvolle gesindheidsobjekte

deur

ATTIE MARTHINIUS GERBER

Verhandeling ingedien ter
gedeeltelike vervulling van
die vereistes vir die M.A.-graad
in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
aan die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Potchefstroom
Januarie 1980

VOORWOORD

Die ondersoeker betuig sy hartlike dank teenoor die volgende persone sonder wie se hulp die afhandeling van hierdie studie nouliks moontlik sou gewees het:

- × Mnr. P.G. Snyman van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. wat as studieleier waardevolle hulp en leiding verleen het;
- × Elda Kocks en Susan McDonald van die Randse Afrikaanse Universiteit wat met die kodering van die gewens behulpsaam was;
- × Linda Venter vir haar besonder noukeurige tikwerk;
- × Aan die volgende persone vir algemene hulp en/of leiding: Prof. T.L. de Koning (R.A.U.), mnr. A.S. de Beer (R.A.U.), dr. Johan Visagie (Inligtingsdiens van Suid-Afrika), Isak Malherbe, en alle ander persone wat op een of ander wyse gehelp het;
- × Aan Anria vir haar ondersteuning, belangstelling EN daadwerklike hulp.

A.M. Gerber

I N H O U D

| | |
|--|----|
| <u>INLEIDING</u> | 1 |
| <u>HOOFSTUK EEN: HISTORIESE SITUERING</u> | 8 |
| 1.1 Inleiding | 8 |
| 1.2 Persoonlike agtergrond | 10 |
| 1.3 Geweldsmens of nie? | 13 |
| 1.4 Omstandighede van sy dood | 19 |
| 1.5 The New York Times | 23 |
| 1.6 Samevatting | 31 |
| <u>HOOFSTUK TWEE: INHOUDSONTLEDING: TEORETIESE</u> | |
| <u>RAAMWERK</u> | 33 |
| 2.1 Inleiding | 33 |
| 2.2 Inhoudsontleding as 'n wetenskaplike metode | 36 |
| 2.2.1 'n Wetenskaplike metode | 36 |
| 2.2.2 Vereistes | 41 |
| 2.2.2.1 Die sisteemvereiste | 41 |
| 2.2.2.2 Objektiviteit | 42 |
| 2.2.2.3 Betroubaarheid | 47 |
| 2.2.2.4 Geldigheid | 49 |
| 2.2.2.5 Bruikbaarheid | 52 |
| 2.2.3 Kwantitatiewe inhoudsontleding | 53 |
| 2.3 <u>Evaluative assertion analysis</u> | 57 |
| 2.3.1 Sistematies | 62 |
| 2.3.2 Objektief | 65 |
| 2.3.3 Betroubaar | 68 |
| 2.3.4 Geldig | 69 |

| | | |
|-------|-------------|----|
| 2.3.5 | Bruikbaar | 70 |
| 2.4 | Samevatting | 71 |

| | | |
|-----------------------|---------------|----|
| <u>HOOFSTUK DRIE:</u> | <u>METODE</u> | 73 |
|-----------------------|---------------|----|

| | | |
|-----------|--|----|
| 3.1 | Inleiding | 73 |
| 3.2 | Universum | 75 |
| 3.3 | Toepassing | 77 |
| 3.3.1 | Maskering | 77 |
| 3.3.2 | Abstrahering | 79 |
| 3.3.2.1 | Identifisering van evaluatiewe materiaal | 79 |
| 3.3.2.2 | Die stellingskaart | 82 |
| 3.3.3 | Rigting en intensiteit | 85 |
| 3.3.3.1 | Werkwoorde | 86 |
| 3.3.3.1.1 | Rigting | 86 |
| 3.3.3.1.2 | Intensiteit | 89 |
| 3.3.3.2 | Evaluatiewe tekens (TGB ^E) | 90 |
| 3.3.3.2.1 | Rigting | 90 |
| 3.3.3.2.2 | Intensiteit | 92 |
| 3.3.4 | Sommering | 94 |
| 3.3.5 | Konsekwentheidskontrole | 96 |
| 3.4 | Samevatting | 97 |

| | | |
|-----------------------|--------------------------------|----|
| <u>HOOFSTUK VIER:</u> | <u>RESULTATE EN BESPREKING</u> | 99 |
|-----------------------|--------------------------------|----|

| | | |
|-------|---|-----|
| 4.1 | Inleiding | 99 |
| 4.2 | Resultate | 101 |
| 4.2.1 | Stellings | 101 |
| 4.2.2 | Intensiteit van evaluatiewe stellings (TGB ^E) | 103 |
| 4.2.3 | Gemiddelde evaluatiewe tellings | 107 |
| 4.3 | Bespreking | 108 |

| | | |
|---------|--------------------------------------|-----|
| 4.3.1 | <u>Biko</u> | 110 |
| 4.3.1.1 | Primêre bronne (+2,18) | 111 |
| 4.3.1.2 | Sekondêre "pro"-Biko-bronne (+2,33) | 113 |
| 4.3.1.3 | Sekondêre "anti"-Biko-bronne (-2 41) | 115 |
| 4.3.1.4 | Opsommend | 117 |
| 4.3.2 | <u>Polisie</u> | 118 |
| 4.3.2.1 | Primêre bronne (-2,08) | 118 |
| 4.3.2.2 | Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,27) | 120 |
| 4.3.2.3 | Sekondêre "anti"-Biko-bronne (+0,89) | 123 |
| 4.3.2.4 | Opsommend | 123 |
| 4.3.3 | <u>Die Regering</u> | 124 |
| 4.3.3.1 | Primêre bronne (-2,20) | 125 |
| 4.3.3.2 | Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,38) | 127 |
| 4.3.3.3 | Sekondêre "anti"-Biko-bronne (+2,51) | 128 |
| 4.3.3.4 | Opsommend | 128 |
| 4.3.4 | <u>Adv. Kentridge</u> | 130 |
| 4.3.4.1 | Primêre bronne (+2,09) | 130 |
| 4.3.4.2 | Sekondêre "pro"-Biko-bronne (+2,48) | 131 |
| 4.3.4.3 | Sekondêre "anti"-Biko-bronne (-2,35) | 132 |
| 4.3.4.4 | Opsommend | 132 |
| 4.3.5 | <u>Mnr. Kruger</u> | 133 |
| 4.3.5.1 | Primêre bronne (-1,96) | 133 |
| 4.3.5.2 | Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,39) | 134 |
| 4.3.5.3 | Sekondêre "anti"-Biko-bronne (—) | 135 |
| 4.3.5.4 | Opsommend | 135 |
| 4.3.6 | <u>Landdros Prins</u> | 136 |
| 4.3.6.1 | Primêre bronne (-1,47) | 137 |
| 4.3.6.2 | Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,61) | 138 |
| 4.3.6.3 | Sekondêre "anti"-Biko-bronne (—) | 138 |
| 4.3.6.4 | Opsommend | 138 |
| 4.3.7 | Samevattend | 140 |

| | |
|--------------------------------------|-----|
| <u>SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKING</u> | 145 |
| <u>LITERATUURLYS</u> | 157 |
| <u>BYLAE</u> | 174 |
| <u>ABSTRACT</u> | 203 |

INLEIDING

Wanneer 'n mens die wel en wee van Suid-Afrika gedurende die afgelope dekade in oënskou neem, is dit nouliks moontlik om die geval Steve Biko na te laat. Inteendeel, hierdie gebeurtenis is een van die mees opvallende laagtepunte wat Suid-Afrika beleef het sedert die onstuimige Sharpeville-era in die vroeë sestigerjare.

Die werklike skade wat die gebeurde rondom die dood van dié swartman Suid-Afrika hier en in die buiteland berokken het, is op die oog af nie gering nie. Sy dood in aanhouding in September 1977 het aan Suid-Afrika se vyande in die buiteland skietgoed gebied om die Republiek se negatiewe internasionale beeld verder af te takel. Die verleentheid waarin dit die Regering gestel het, was politieke munt vir sy kritici en teenstanders in Suid-Afrika. In die lig van die gespanne rasseverhoudinge ná die onrus in swart woongebiede gedurende 1976 en 1977, het dié voorval ook op 'n uiters ongeleë tydstip plaasgevind.

Die dood van Steve Biko in aanhouding het wye internasionale belangstelling gaande gemaak. In oorsese regeringskringe het die Suid-Afrikaanse Regering en sy rassebeleid skerp deurgeloop. Oral in die wêreld het invloedryke openbare kommunikasie-media nuusdekking aan dié voorval verleen (bylaag B bied 'n oorsig van die kommentaar wat etlike invloedryke koerante op die Biko-aangeleentheid gelewer het). In New York is byvoorbeeld 'n toneelstuk met die titel "The Biko Inquest" op die planke gebring (The New

York Times, 18 Mei 1978).

Die omvang van die reaksie en belangstelling het vreemd voorgekom omdat Steve Biko vóór sy dood 'n relatief onbekende persoonlikheid in die algemene Suid-Afrikaanse politiek was. Aan die ander kant was dit 'n aanduiding dat Biko onderskei moes word van ander politieke aangehoudenenes wat vóór hom in aanhouding gesterf het. Nie een van dié aangehoudenenes het soveel belangstelling gaande gemaak en reaksie ontlok nie, en hulle het waarskynlik ook nie Suid-Afrika soveel skade berokken as die Steve Biko-geval nie. Hierdie oënskynlike teenstrydigheid (onbekendheid teenoor reaksie/belangstelling) het vrae by 'n mens laat ontstaan oor wie en wat Steve Biko werklik was. .

Standpunte oor Steve Biko kan breedweg in twee kategorieë (voorstanders en teenstanders) verdeel word. Ener syds was daar diegene wat hom voorgehou het as bekend, belangrik, invloedryk, gematig, vredeliewend, ensovoorts. Ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Regering was egter van mening dat hy onbekend en 'n onbeduidende faktor in die Suid-Afrikaanse politiek was. Volgens hulle wou Biko die bestaande orde op 'n gewelddadige wyse verander.

Die konnotatiewe betekenis wat bogenoemde partye aan Steve Biko geheg het, dek verskeie dimensies; sommige oordele het betrekking op sy belangrikheid en invloed, ander handel oor sy fisiese eienskappe, ensovoorts. Daar is ook heelwat oordele wat van so 'n aard is dat dit as taksering in terme van goed of sleg (moreel gesproke) opgeneem kan word. Hierdie oordele word evaluatiewe oordele genoem, en dit

vorm 'n deurlopende faktor in die mens se semantiese oordele (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957). As Steve Biko dus 'n vredeliewende, saggeaarde en opregte mens was, was hy 'n goeie mens omdat goeie mense hierdie eienskappe besit. Dieselfde geld ten opsigte van slegte eienskappe waarmee slegte mense vereenselwig word.

The New York Times, een van Amerika se belangrikste en invloedrykste gehalte-koerante, is as medium gekies om die evaluering van onder andere Steve Biko te bestudeer. Die volledige doel van hierdie inhoudsontleding is om ondersoek in te stel na die aard en inhoud van die evaluatiewe oordele oor Biko en vyf ander belangrike gesindheidsobjekte wat by die Biko-episode betrokke was. Die ondersoek wend tel om die meting van die rigting en intensiteit van hierdie oordele.

Die meting van rigting en intensiteit kan 'n inhoudsontleider heelwat hoofbrekens besorg. Die wesenlike probleem is om 'n metode te vind wat die inhoudseienskappe betroubaar, geldig en so objektief as moontlik meet. In hierdie ontleding word die evaluatiewe oordele van bronne oor gesindheidsobjekte gemeet. Die aangewese metode in dié verband is evaluative assertion analysis van Osgood, Saporta en Nunnally (1956). Dié metode is nie alleen op die meting van evaluatiewe oordele ingestel nie, maar dit het ook 'n stewige teoretiese onderbou. Die metingseenheid is die evaluatiewe stelling wat 'n bron ten opsigte van 'n gesindheidsobjek gemaak het. Die eindproduk is 'n evaluatiewe telling vir elke gesindheidsobjek wat ontleed is. Hierdie telling verteenwoordig die gewig waarmee 'n gesindheidsobjek geëvalueer is.

Evaluative assertion analysis kan veral vir psigo-linguistiese doeleindes aangewend word. In sommige gevalle is hierdie vorm van inhoudsontleding in staat om gesindhede geldig te meet. Hierdie ondersoek is egter inhoudsbeskrywend van aard; daar word slegs gekonsentreer op die eienskappe van die evaluatiewe oordele, en nie op hul gesindheidsaspekte nie. Deur bogenoemde metode in hierdie ondersoek te gebruik word kwantitatiewe maatstawe verkry op grond waarvan bronne en gesindheidsobjekte noukeuriger met mekaar vergelyk kan word, byvoorbeeld: Bron A het gesindheidsobjek X soveel punte positiewer/negatiewer as bron B geëvalueer.

Om hul evaluering van die gekose gesindheidsobjekte met mekaar te vergelyk, is daar in hierdie ontleding 'n onderskeid tussen primêre bronne (redaksielede van die koerant) en sekondêre bronne (aangehaalde bronne) getref. Laasgenoemde is op die beurt in twee kategorieë verdeel, naamlik bronne vir en teen Biko. Benewens die vergelykingsmoontlikhede wat bogenoemde onderskeidings inhou, bied dit ook die geleentheid om onderlinge relasies tussen bronne vas te stel. Dit kan moontlik ook aanduidings verskaf van die wyse waarop die artikel- en berigskrywers sekondêre bronne gebruik het.

Die keuse van die gesindheidsobjekte spruit uit die belangrike rolle wat hulle in die Biko-drama vertolk het. Biko se insluiting benodig nie verdere verduideliking nie. As Minister van Justisie, Polisie en Gevangeniswese ten tye van die voorval, moes mnr. J.T. Kruger die aangeleentheid hanteer en ontlont. Sy uitlatings oor die dood van Biko het

hom egter in die middel van die debakel laat beland. Landdros M.J. Prins, hooflanddros van Pretoria, is ingesluit omdat hy as voorsittende regsbeampte gedurende die geregtelike ondersoek dikwels in die kollig was. Dieselfde geld ten opsigte van adv. S.W. Kentridge, die leier van die Biko-familie se regsverteenvoerders tydens die geregtelike ondersoek. Daar is ook besluit om evaluatiewe oordele oor die Suid-Afrikaanse Regering te ontleed, aangesien hierdie regering en sy rassebeleid onder die venynigste aanvalle deurgeloop het. Die keuse van die Polisie lê voor die hand: die behandeling van Biko en die omstandighede waarin hy dood is, het die Polisie ook 'n belangrike skyf van aanvalle gemaak.

Opsommend

Aan aktualiteit en belangrikheid ontbreek hierdie onderwerp beslis nie. Biko was nie die eerste swart politieke aktivis wat in aanhouding gesterf het nie, maar die reaksie op sy dood was uniek en groter as al die ander sterfgevälle saam. Die beelddaftakeling wat dit die Republiek op die hals gehaal het, laat 'n mens beseef dat Suid-Afrika met sy huidige internasionale posisie nie nog sulke voorvalle kan bekostig nie.

The New York Times het geen bekendstelling vir enige ingeligte mens nodig nie. Dié koerant se invloed op die openbare mening en besluitnemers in die Verenigde State kon ook ten opsigte van die Biko-aangeleentheid verreikende gevolge gehad het. Die keuse van The New York Times as ontledingsmedium moet in die lig hiervan gesien word.

Beeldvorming oor Steve Biko en ander betrokke gesindheidsobjekte het 'n betekenisvolle evaluatiewe dimensie gehad.

Hy en die ander gesindheidsobjekte is onder meer as goed of sleg (in 'n morele verband) voorgehou. Die doel van hierdie studie is om die aard en inhoud van die evaluatiewe oordele oor die gekose gesindheidsobjekte te ondersoek. Dit word gedoen deur drie groepe bronne se evaluatiewe stellings oor die uitgesoekte gesindheidsobjekte te meet. Daarna word die evaluatiewe tellings onderling vergelyk om moontlike relasies tussen bronne en tussen gesindheidsobjekte op te spoor. Die inhoud van die evaluatiewe oordele geniet ook besondere aandag.

Evaluative assertion analysis is deur Osgood, Saporta en Nunnally (1956) ontwikkel om evaluatiewe stellings te meet. Dié vorm van inhoudsontleding word ook in hierdie ondersoek aangewend.

Hierdie inhoudsontleding beskryf die evaluatiewe dimensie van die gemanifesteerde inhoud. Latente inhoud ("tussen-die-reëls-inhoud") word nie in die meting van evaluatiewe oordele in berekening gebring nie.

- - - - -

Die hoofstukindeling van hierdie studie is soos volg:

× Hoofstuk Een ("Historiese situering") neem die Biko-voorval op 'n oorsigtelike wyse in oënskou. Nadruk word gelê op sake soos Biko se politieke beduidendheid, sienswyse en die omstandighede waarin hy dood is. Die waarde van dié hoofstuk kom veral in die bespreking van die resultate na vore.

× Hoofstuk Twee ("Inhoudsontleding: Teoretiese raam-

werk") behandel inhoudsontleding as 'n wetenskaplike metode sodat evaluative assertion analysis in die lig hiervan ge- weeg kan word.

× Hoofstuk Drie ("Metode") bespreek die werkswyse wat in hierdie studie gevolg is. Dié hoofstuk wentel in 'n groot mate om die operasionalisering van evaluasie.

× Hoofstuk Vier ("Resultate en bespreking") behandel die aard en die inhoud van die geabstraheerde evaluatiewe stellings.

× Hierdie ondersoek word afgesluit met die "Samevat- ting en gevolgtrekking".

H O O F S T U K E E N

HISTORIESE SITUERING

1.1 INLEIDING

Vir die Suid-Afrikaanse Regering se vyande was die gebeurde rondom die dood van Steve Biko waarskynlik 'n ongekende bloeitydperk. Dit was haas ondenkbaar dat die dood van 'n enkeling soveel onstuimige golwe op die internasionale waters sou veroorsaak. Die bekende rubriekskrywer van Die Burger, Dawie, was van mening dat dit lyk "of die geval Biko met 'n gillende gretigheid aangegryp is om die ergste denkbare skade aan Suid-Afrika te besorg" (Die Burger, 21 September 1977).

Die tydperk vóór Biko se dood is juis gekenmerk deur pogings van nie alleen die Kommunistiese moondhede en onverbonde lande nie, maar ook sommige Westerse lande, om Suid-Afrika op elke moontlike gebied te isoleer. Die onluste van 1976 en 1977 het hierdie pogings versterk. Derhalwe kan 'n mens aanneem dat Biko se dood 'n hoogtepunt in die aftakeling van die Republiek se beeld verteenwoordig het.

Die Johannesburgse middagblad The Star (14 September 1977) het twee dae ná Biko se dood in aanhouding gewaarsku dat "it will probably do more damage to South Africa's already tarnished image than all the others combined. It will provide the kind of ammunition that will delight South Africa's enemies and afflict her friends". Dawie skryf

in Die Burger van 21 September 1977 dat die "skade wat die dood van die swartmag-aktivis Steve Biko en die daaropvolgende propaganda - hier en in die buiteland - Suid-Afrika aangedoen het, moet iets ysliks wees". Die Transvaler (16 September 1977) het die dood van so 'n "simboliese figuur soos Biko" as "politieke ploffstof binnenslands sowel as in die buiteland" bestempel. In 'n hoofartikel in The Star (13 Oktober 1977) word die mening uitgespreek dat Biko se dood Suid-Afrika waarskynlik meer skade berokken het as "almost anything that has happened since Sharpeville".

Die bekendmaking van Biko se dood in aanhouding het ook skerp reaksie in oorsese regeringskringe ontlok. Die sekretaris-generaal van die Verenigde Volke, dr. Kurt Waldheim, het sy spyt oor die dood uitgespreek en gesê dat dit die noodsaaklikheid van 'n dringende oplossing vir die "apartheidsprobleem" beklemtoon (International Herald Tribune, 16 September 1977). Die Amerikaanse departement van buitelandse sake het Biko bestempel as "another victim of the apartheid system and the South African security legislation which supports that system" (The New York Times, 14 September 1977). Andrew Young, die VSA se gewese ambassadeur by die VVO, het Biko se dood vergelyk met die "verlies" wat die VSA gely het met die sluipmoorde op president John F. Kennedy, Robert Kennedy en Martin Luther King (Die Transvaler, 14 September 1977).

Woods (1979: 7-9) verskaf die name van 44 ander politieke aangehoudenenes wat vanaf 1963 tot 1977 in aanhouding in Suid-Afrika gesterf het. Nie een van hulle het egter

soveel stof opgeskop as die dood van Biko nie. Wat Biko so 'n besondere geval gemaak het, is nie die onderwerp van hierdie studie nie, ofskoon 'n bekendstelling van dié swartman as nuttige agtergrond vir die navorsingsprobleem kan dien. 'n Lewenskets van Biko is nie sonder probleme nie, aangesien daar diepgaande meningsverskille ten opsigte van sy leierskap, invloed en politieke sienswyse heers. 'n Moontlike oplossing is om die uiteenlopende menings teen mekaar op te weeg en dan op 'n onpartydige wyse tot 'n gevolgtrekking te kom.

1.2 PERSOONLIKE AGTERGROND

Steve Biko is op 18 Desember 1946 op King William's Town in Oos-Kaapland gebore. Hy het op 12 September 1977 in aanhouding in Pretoria gesterf. Ná 'n mislukte studieloopbaan by die Universiteit van Natal het hy hom beywer vir die uitbouing van die swartbewussynsbeweging. In 1968 was hy 'n stigterspresident van die South African Students' Organisation (SASO). Hy was ook 'n leidende figuur in die stigting van die Black People's Convention (BPC) waarvan hy in 1977 'n ere-president geword het. In 1973 is hy vir vyf jaar tot die landdrosdistrik van King William's Town ingeperk. Biko is verskeie kere deur die Veiligheidspolisie aangehou, maar hy is nooit in 'n hof weens sy politieke bedrywighede skuldig bevind nie (Die Transvaler, 15 September 1977; Woods, 1979).

Sommige het Biko as 'n bekende en invloedryke leier onder swartes, veral die jong swartes in die stede, bestempel. Volgens Allister Sparks, redakteur van die Rand Daily Mail,

was Biko 'n huishoudelike naam onder swartmense en het hy miljoene volgelingen gehad (Rand Daily Mail, 17 September 1977). Dieselfde koerant het Biko ook as "perhaps the most important black leader in South Africa" geag (Rand Daily Mail, 14 September 1977).

Fred van Wyk, direkteur van die Instituut vir Rasseverhoudinge, het Biko as 'n "brug" tussen die jonger en ouer geslag swartmense beskou (Die Transvaler, 15 September 1979). Volgens Woods (1979), wat Biko "my most valued friend" genoem het (p. 112), was dit verbasend dat Biko ondanks sy inperking nogtans 'n nasionale leiersrol kon beklee: "...he undoubtedly functioned in a full leadership capacity as far as many blacks in South Africa were concerned (p. 112) ...In the three years that I grew to know him my conviction never wavered that this was the most important political leader in the entire country, and quite simply the greatest man I have ever had the privilege to know" (p. 246).

Regeringswoordvoerders en -ondersteuners het Biko as 'n relatief onbekende en onbeduidende faktor in die Suid-Afrikaanse politiek bestempel. Die voormalige Suid-Afrikaanse premier, mnr. B.J. Vorster, het in 'n onderhoud met John Burns van The New York Times (17 September 1977) bogenelde aansprake op Biko se bekendheid en belangrikheid betwyfel: "It's a very unfortunate affair, but before he died I don't think that one out of a hundred (blacks) knew who he was. If you asked any black man on the street who Biko was before he died he wouldn't be able to tell you. All of a sudden he's the biggest black leader in South

Africa". Betreffende Biko se bekendheid het John Burns mnr. Vorster gelyk gegee: "Undoubtedly, many blacks, perhaps as many as 90 per cent, had no idea who Mr. Biko was until his name leapt into the news in the days following his death" (The New York Times, 25 September 1977).

Al die beperkinge wat 'n inperkingsbevel op normale persoonlike vryhede lê, het waarskynlik Biko se bekendheid belemmer. Volgens Brown (1978: 17) plaas Biko se ingeperktheid 'n vraagteken oor die aansprake op sy belangrikheid en invloed: "How did he manage to exert the profound influence on all blacks or on young urban blacks that American journalists attributed to him".

Invloed en belangrikheid vereis nie noodwendig bekendheid nie. Wat waarskynlik met Biko die geval was, was dat hy frontorganisasies in die swartbewussynsbeweging soos SASO en die BPC gebruik het om sy invloed uit te dra. Dit blyk ook dat Donald Woods, 'n uitgewekene en voormalige redakteur van die Daily Dispatch in Oos-Londen, 'n belangrike skakelpersoon vir Biko tydens sy inperking was: "I virtually became his appointments secretary. Diplomats, academics, politicians and journalists from all over the world approached me to arrange interviews with him" (Woods, 1979: 142). Woods het ook toegelaat dat sy koerant as medium vir die verspreiding van Biko se idees gebruik kon word (p. 84).

Dit is dus te betwyfel of Steve Biko wel 'n huishoudelike naam onder die meerderheid swartmense in Suid-Afrika was. Die openbare publisiteit wat hy moes inboet weens sy

inperking, het waarskynlik 'n belangrike rol in dié verband gespeel (Die Transvaler, 30 September 1977). In dieselfde verband kan ook peil getrek word op die reeds genoemde uitspraak van John Burns (The New York Times, 25 September 1977).

Aan die ander kant is daar wel aanduidings dat 'n "simboliese" figuur (Die Transvaler, 16 September 1977) soos Biko betekenisvolle invloed onder veral die radikale jong swartes in die stede kon hê (Die Vaderland, 28 September 1977). Biko word immers beskou as die vader van die swartbewussynsidee in Suid-Afrika (Rand Daily Mail, 17 September 1977), terwyl hy in sommige se oë die breinkrag en geestelike leier van die swartbewussynsbeweging was (Woods, 1979; Rand Daily Mail, 14 September 1977; The Star, 14 September 1977). In die frontorganisasies van die swartbewussynsbeweging het Biko 'n leiersrol vervul en die waarskynlike invloed wat hy via hierdie organisasies op jong swartes uitgeoefen het, moet mee rekening gehou word. Ongeag die meningsverskille oor die aard en omvang van sy bekendheid, belangrikheid en invloed, moes Biko besondere eienskappe gehad het wat sy dood in aanhouding onderskei het van die ander aangehoudenenes wat gesterf het.

1.3 GEWELDSMENS OF NIE?

Die aanvegbaarheid oor Biko se bekendheid en invloed werk ook deur na die kwessie van sy politieke beskouinge. Ener syds is daar diegene wat hom as vredeliewend, gematig en versoenend jeens die blankes bestempel. Aan die ander kant glo sommige dat hy 'n revolusionêr, radikaal en Marxis was

wat 'n ongenaakbare en haatdraende gesindheid jeens die blankes geopenbaar het.

Die betekenis wat Biko aan die swartbewussyn geheg het, het neergekom op "the cultural and political revival of an oppressed people" (Woods, 1979: 145). Die onderliggende oogmerk van die swartbewussynsbeweging is, volgens Allister Sparks, "to help blacks to throw off their psychological inferiority - the products of centuries of slavery, oppression and underdevelopment" (Rand Daily Mail, 17 September 1977).

Dit lê voor die hand dat die verkryging van politieke mag in terme van 'n swart meerderheidsregering vir "Azanië" (Suid-Afrika), en die kulturele en politieke herlewing van die swartman vir Biko onafskeidbaar was (Woods, 1979). Die wyse waarop Biko hierdie mag wou verkry, asook die rol en plek wat hy vir die blankes onder 'n swart meerderheidsregering voorsien het, lê aan die wortel van die meningsverskille betreffende sy politieke beskouinge.

Volgens Adam Small, bekende kleurling-digter, het Biko wel ruimte vir die blankes in sy politieke bestel gelaat: "Daar is ruimte vir ons almal, en, soos ek Biko se filosofie geken het, was dit inderdaad vir hom so, dat daar plek was in die land vir ons almal. 'Anti-wit' was hy ewe min as wat ek dit is" (Die Vaderland, 28 September 1977). Woods (1979: 249) sluit nou hierby aan: "The government quite clearly never understood the extent to which Steve Biko was a man of peace. He was militant in standing up for his principles, yes, but his abiding goal was a peace-

ful reconciliation of all South Africans, and in this I happen to know he was a moderating influence".

Hierteenoor het die Regering en sy ondersteuners aangevoer dat Biko revolusie en geweld wou aanblaas. Volgens 'n "geheime dokument" wat mnr. J.T. Kruger by geleentheid aangehaal het, wil die swartbewussynsbeweging "internasionale en nasionale kapitalistiese strukture en staatsinstellings in Suid-Afrika op gewelddadige wyse verwoes en 'n nuwe demokratiese stelsel op die ruïnes bou". In dié dokument word die oogmerk van die swartbewussynsbeweging soos volg gestel: "...die bevryding van die onderdrukte massa van Azanië (Suid-Afrika) teen die Fascistiese en imperialistiese onderdrukkers" (Die Volksblad, 17 September 1979).

Kritici van die Regering het egter herhaaldelik daarop gewys dat Biko verskeie kere deur die Veiligheidspolisie aangehou is, maar dat hy nooit in 'n hof as gevolg van sy politieke bedrywighede skuldig bevind is nie. Adam Small het onder meer na aanleiding van bogenoemde dokument gevra: "Wat nou van die pamflet wat die minister intussen te voorskyn gebring het, wat suggereer dat Biko 'n geweldsmens was? Die ongelukkigheid in die verband is dat Steve Biko nou dood is. Hy kan nie meer antwoord nie. Maar toe hy gelewe het, is die klag nie ingebring nie - en op aanklagte waarop hy wel in die hof verskyn het, is hy elke keer onskuldig bevind" (Die Vaderland, 28 September 1977).

In 1974 is 'n kommissie van ondersoek ingestel na aanleiding van die onluste by die Universiteit van die Noorde. SASO

het ook in hierdie ondersoek onder die vergrootglas gekom. Regter J.H. Snyman, die ondersoekbeampte, het in dié verband bevind dat SASO "as hoofdoel het die bevordering van haat teen die blanke, die vernietiging van die universiteite vir die swartes en die aansporing van gewelddadige revolusie" (Die Vaderland, 28 September 1977).

In sy onderhoud met John Burns het Biko erken dat daar meningsverskille onder navolgers van die swartbewussynsidee was met betrekking tot geweld as 'n middel om politieke oogmerke te verwesenlik: "...the spectrum goes from peaceful to completely violent" (Woods, 1979: 158). Biko het egter aan Burns die versekering gegee dat sy groepe as sodanig vreedsame bedingingsweë sou volg, hoewel geweld nie heeltemal uitgesluit kon word nie: "We are not going to get into armed struggle. We'll leave it to the PAC and ANC. We operate on the assumption that we can bring whites to their senses by confronting them with our overwhelming demands. We haven't debated violence so far. We are confined to operating peacefully precisely because we operate above-ground. That doesn't mean that we preclude it. But there are other ways for us to promote our Liberation, such as crippling the economy" (Woods, 1979: 158-159).

Volgens Van der Merwe (Beeld, 24 Februarie 1978) het Biko vir Nelson Mandela en Robert Sobukwe, leiers van onderskeidelik die African National Congress (ANC) en die Pan Africanist Congress (PAC), as leiersfigure voorgelê: "Die ANC en PAC bepleit openlik gewelddadige revolusie as die middel. By die BPC en SASO was geweld as middel hoogstens net onder die oppervlak".

In die verhoor van nege lede van SASO en/of die BPC in 1975 - 1976 het Biko as getuie vir die verdediging opgetree (Woods, 1979: 173-241). Hy is onder kruisverhoor uitgevra na SASO en die BPC se verbinding met die ANC en die PAC, twee Marxisties-georiënteerde organisasies wat gewelddadige revolusie in Suid-Afrika wil ontketen (Weyl, 1970; Du Plessis, 1977). Biko het onder meer na Mandela en Sobukwe verwys as "people who have been selflessly pushing forward the struggle for the black man" (Woods, 1979: 230). Met inagneming van die bepaalde situasie waarin hy hom bevind het, wou Biko hom nie ondubbelsinnig uitlaat of hy die terreurmetodes van die twee organisasies goedgekeur het nie: "We may or may not necessarily approve of their methods, but the fact is they exist in history and for pushing the struggle forward" (Woods, 1979: 230).

Volgens Burns (The New York Times, 25 September 1977; Woods, 1979: 158-160) wyk die swartbewussynsbeweging in belangrike opsigte af van die filosofie en strategie van die ANC en die PAC. Nadat dié organisasies in die begin van die sestigerdekade onwettig verklaar en hulle leiers in die tronk gestop is, is 'n magsvakuum onder die radikale swartes gelaat: "...it was into the void that Mr. Biko moved...he articulated a new approach based on the simple and powerful idea that the road to the black man's salvation began with the recognition of his own worth" (The New York Times, 25 September 1977).

Die leiers van die swartbewussynsbeweging het, volgens Burns, van meet af aan besef dat hul teikengebied die opkomende geslag swartes moes wees. Veral drie organisasies

het in dié verband die substansie van die beweging gevorm, naamlik SASO op universiteitsvlak, die South African Students' Movement (SASM) in die hoër skole, en die BPC, 'n sambreelgroep wat hom toegespits het op die werwing van professionele en intellektuele jong swartes. Dit is interessant om daarop te let dat Biko die betrokkenheid van die SASM by die onluste in 1976 in Soweto beken het: "While taking care not to claim any organizational connection to the disturbances in Soweto, he acknowledged that members of the Students' Movement were deeply involved" (The New York Times, 25 September 1977).

Die 1976-onluste in Soweto was allermins sonder geweld. Biko se bekentenis skep vertwyfeling oor die aanspraak op sy invloed en, veral, dat hy 'n vreedsame en versoenende mens was: "If Biko was a moderate and responsible voice for peaceful, evolutionary change who had particular influence on young urban blacks, at what point did his influence cease? When the first youngster picked up a rock in Soweto? One senses in Biko's own writings and speeches that this is a question he would have ducked" (Brown, 1978: 20). Of Biko se invloed was van so 'n aard dat hy nie die klipgooiende jong swartes kon beheer nie; of hy het hul geweld gesanksioneer. Dit wil voorkom asof die tweede alternatief die waarskynlikste is, hoewel die een die ander nie noodwendig uitsluit nie.

Die strydvraag rondom Biko se modus operandi vir die daargestelling van 'n swart "kommunistiese" staat, waarin sommige aspekte van die huidige kapitalistiese bestel by 'n stelsel van kollektiewe ondernemings ingepas sou word (Woods, 1979:

152), bly steeds in die ope. Te oordeel na Biko se kritiek en aanvalle op ander swart leiers soos Gatsha Buthelezi en Lennox Sebe, kom dit voor asof hy en sy beweging nie in 'n kompromis met die Regering belang gestel het nie (Woods, 1979: 71-241). Woods (p. 249) beken dat Biko militant ten opsigte van sy beginsels was. Derhalwe, watter uitweg sou Biko gevolg het as die Regering nie bereid sou wees om aan die "overwelming demands" van die swartbewussynsbeweging toe te gee nie? Sou Biko hom steeds tot vreedsame en georganiseerde bedinging verbind het? Bloot op die oog af is die antwoord waarskynlik nee.

1.4 OMSTANDIGHEDE VAN SY DOOD

'n Mens kan dus aanneem dat Steve Biko se dood wel belangrike propaganda-waarde vir die teenstanders van die Suid-Afrikaanse Regering gehad het. Sommige uitlatings en teenstrydige verklarings aan die kant van die Owerheid, asook opspraakwekkende onthullings oor Biko se behandeling in aanhouding, het die ontlonting van die situasie 'n feitlik onmoontlike taak gemaak.

In die verklaring wat mnr. J.T. Kruger op 13 September 1977 uitgereik het, is daar ruimte gelaat dat die indruk gewek kon word dat Biko dood is vanweë sy weiering om te eet (vergelyk in hierdie verband byvoorbeeld Die Transvaler, 16 September 1977; Rapport, 18 September 1977; The Citizen, 19 September 1977). Mnr. Kruger se pogings om sy dubbelsinnige eerste verklaring te verduidelik, is deur die oorsese en plaaslike opposisie-media as 'n teenstrydigheid vertolk. Nadat die uitslag van die lykskouing openbaar

gemaak is, en dit bekend geword het dat Biko weens brein-beserings gesterf het, is die oorspronklike verklaring deur sommige as synde 'n toesmeerpoging bestempel (Woods, 1979: 252-255; The New York Times, 4 Desember 1977; Time, 3 Oktober 1977; The Star, 14 Oktober 1977).

Op die Transvaalse kongres van die Nasionale Party twee dae ná Biko se dood het mnr. Kruger na aanleiding van vrae in die pers oor hoekom Biko nie dwangvoeding ontvang het nie, gesê dat dit nie van die Polisie verwag kon word om dieselfde mense wat hulle beswadder het, te dwing om te eet nie (Die Transvaler, 15 September 1977). Die SAUK het egter in sy uitsending van Sake van die Dag op 17 September gemeld dat die mediese behandeling wat Biko op sy sterfdag ontvang het, binne-aarse voeding ingesluit het.

Verwarring het ook geheers oor die plek waar Biko gesterf het. Volgens aanvanklike amptelike verklarings het hy in 'n hospitaal in Pretoria gesterf; later het dit aan die lig gekom dat hy in sy sel in die Sentrale Gevangenis in Pretoria oorlede is (Rapport, 18 September 1977; The Citizen, 19 September 1977).

Die kroon is egter gespan deur mnr. Kruger se opmerking op die kongres dat Biko se dood hom "koud laat" (Woods, 1979: 253; Rand Daily Mail, 17 September 1977; Rapport, 18 September 1977; Time, 26 September 1977). The Times (12 Oktober 1977) het na aanleiding van hierdie uitlating na die "astonishing insensitivity as well as the stupidity of the Minister of Justice" verwys. Ofskoon mnr. Kruger later probeer verduidelik het wat sy werklike bedoeling met die

stelling was, was dit 'n geval van gedane sake het geen keer: "Typically, in seeking to repair the damage of his first statement, he made the damage worse" (Woods, 1979: 254).

Op dieselfde byeenkoms het 'n afgevaardigde ook groot applous en gelag uitgelok toe hy gesê het hy is bly dat mnr. Kruger aangehoudenenes hul demokratiese reg toelaat om hulself in die tronk uit te honger (Die Transvaler, 15 September 1977; Woods, 1979: 253). In 'n hoofartikel het Die Transvaler (16 September 1977) sy afkeuring uitgespreek van sekere "ongelukkige" aanmerkings oor die dood van Biko: "Die indruk is onder meer gewek dat politieke weerwraak sy eetstaking ongehinderd sy gang laat gaan het. Daar was by tye gelag en applous, wat 'n beeld skep van totale ongevoeligheid vir Suid-Afrika se belange - binnenslands en buitenslands - wat aan dié saak verbind is".

Tydens die geregtelike ondersoek na die dood van Biko wat op 14 November 1977 voor die hooflanddros van Pretoria, mnr. M.J. Prins, begin het, het onder meer die volgende omtrent Biko se behandeling in aanhouding van die Veiligheidspolisie in Port Elizabeth aan die lig gekom:

* Biko het waarskynlik breinbeserings opgedoen nadat hy na bewering 'n struweling met sy ondervraers begin het. Volgens getuieis het hy sy kop tydens die struweling teen die kamermuur gestamp (Die Burger, 3 Desember 1977). Landdros Prins het ook bevind dat "the head injuries were probably sustained on September 7 in a scuffle in the Security Police offices in Port Elizabeth" (Woods, 1979: 396).

* Getuienis is gelewer dat die Veiligheidspolisie Biko in hand- en voetboeie aangehou het, en hom daarmee aan die traliewerk van die ondervragingskamer vasgebind het (Die Burger, 15 November 1977; The Star, 15 en 17 November 1977).

* Biko is in opdrag van kol. P. Goosen, hoof van die Veiligheidspolisie in Port Elizabeth, nakend in sy sel in die Polisiekantoor Walmer aangehou, blykbaar as 'n voorkomingsmaatreël teen selfmoord (Die Burger, 18 November 1977; The Star, 17 November 1977).

* Getuienis is ook gelewer dat 'n ongestelde Biko, sonder deskundige mediese bystand, nakend agter in 'n Land Rover van Port Elizabeth na Pretoria gebring is. Daar is aangevoer dat 'n nakende man nie maklik sou ontsnap nie (The Star, 16 November 1977; Die Burger, 17 November 1977).

* Biko het wel mediese behandeling tydens sy aanhouding in Port Elizabeth ontvang, maar die Veiligheidspolisie het aangeneem dat hy siekte veins, selfs nadat 'n lumbale punktuur aanduidings van moontlike breinskade getoon het (Beeld, 10 November 1977; The New York Times, 7 Desember 1977; Woods, 1979). Die aard van die mediese behandeling wat Biko ontvang het, het ook sommige van die betrokke medici onder verdenking geplaas. Onder kruisverhoor het dr. B. Tucker, hoofdistriksgeneesheer van Port Elizabeth, bevestigend op 'n vraag van adv. Sidney Kentridge (namens die Biko-familie) geantwoord of hy die belange van sy pasiënt ondergeskik aan die belange van veiligheid gestel het nadat daar besliste aanduidings van moontlike breinskade was (Die Burger, 24 November 1977; The Star, 23

November 1977).

Daar is in die geval van bogenoemde slegs gekonsentreer op dié aspekte van die geregtelike ondersoek wat waarskynlik die meeste belangstelling in die media hier en oorsee gaande gemaak het. Derhalwe moet sorg gedra word om nie op grond van hierdie enkele punte 'n geheelbeeld van Biko se omstandighede in aanhouding te vorm nie.

1.5 THE NEW YORK TIMES

Daar is reeds in die inleiding van hierdie hoofstuk na die aard en omvang van die reaksie op Biko se dood verwys. Die Biko-voorval was daarbenewens ook 'n belangrike komponent van 'n reeks gebeurtenisse wat uiteindelik die hoogtepunt bereik het in die eenparige optrede van die VVO se Veiligheidsraad in November 1977 (Time, 21 November 1977).

Die onluste van middel 1976 en middel 1977 kan vir praktiese doeleindes as die beginpunt van hierdie reeks gebeurtenisse geneem word (Biko het erken dat die SASM diep betrokke by hierdie onluste was - The New York Times, 25 September 1977). Die reaksie op Biko se dood in September 1977 het dus oorvleuel met die atmosfeer van onrus wat deur die onluste nagelaat is (The New York Times, 14 September 1977; Time, 21 November 1977). Die aard van die reaksie op sy dood het waarskynlik 'n bepalende grondslag gelê vir die aanhoudings, inperkings en verbodde op 19 Oktober 1977 (Die Transvaler, 27 Oktober 1977; SAUK, Sake van die Dag, 19 Oktober 1977; Rand Daily Mail, 22 Oktober 1977; The Star, 20 Oktober 1977). Die een-

parige besluit deur die Veiligheidsraad van die VVO om 'n verpligte wapenboikot teen Suid-Afrika in te stel, het gevolg ná die internasionale reaksie wat deur die Regering se operasie vasvat ontlok is (Time, 21 November 1977).

Bogenoemde besluit is veral betekenisvol omdat die Westerse lede van die Veiligheidsraad hul gewig daarby ingegooi het - ofskoon die Westerse permanente lede 'n voorstel deur die onverbonde lande vir verpligte ekonomiese sanksies teen die Republiek geveto het. Die belangstelling in The New York Times se hantering van die Biko-aangeleentheid spruit onder meer voort uit die deelname van die VSA in hierdie besluit, wat die reeds gespanne betrekkinge tussen Amerika en Suid-Afrika verder op die spits gedryf het (Die Wêreld in Oënskou, November 1977). Brown (1978: 2) koppel die VSA se beweegrede onder meer aan Biko se dood: "His death seemed the catalyst that provoked the United States to punitive response, the catalyst in a series of events starting with riots in Soweto, a black ghetto outside Johannesburg, in June 1976 and continuing after Biko's death and the protests it caused with the South African government's arresting and banning approximately 60 persons, 18 organizations, and two black newspapers in October 1977. In November 1977, the United States recalled the U.S. naval attache and commercial officer from South Africa and participated in a unanimous U.N. Security Council vote to impose a mandatory arms embargo on South Africa".

Oor die werklike en potensieële invloed van die kommunikasie-media op die Amerikaanse buitelandse beleid en die openbare mening kan sekerlik boekdele geskryf word (Cohen, 1963;

Desmond, 1972; Lefever, 1976). Uit die wye spektrum van elektroniese en gedrukte media is daar 'n paar uitstaande invloedryke media, byvoorbeeld die drie groot televisienetwerke (CBS, ABC en NBC), die belangrikste nuustydskrifte (Time, Newsweek, ensovoorts) en koerante soos die Los Angeles Times, Christian Science Monitor, Wall Street Journal, The Washington Post en The New York Times. Wat die koerante betref, heers daar 'n groot mate van eenstemmigheid onder kenners dat laasgenoemde twee die invloedrykste Amerikaanse gehalte-koerante is (Editor & Publisher, 12 April 1960; Bagdikian, 1972; US News & World Report, 2 Augustus 1978 en 17 April 1978).

Ofskoon hierdie studie nie handel oor die moontlike invloed wat The New York Times met betrekking tot sy nuusdekking van die Biko-aangeleentheid op die Amerikaanse regering uitgeoefen het nie (soos dit byvoorbeeld in die besluit van die Veiligheidsraad tot uiting gekom het), het dit onder meer die keuse van hierdie koerant as ontledingsbron gemotiveer. Hierdie keuse sentreer hoofsaaklik om drie redes: kwalitatief gesproke word dié koerant allerweë as die beste Amerikaanse koerant en een van die bestes ter wêreld beskou, tweedens oefen hy 'n groot invloed op die openbare mening in die VSA uit vanweë sy rol in die nasionale diffusie van nuus en kommentaar, en derdens is sy invloed op die sentrale regering in Washington betekenisvol.

Thomas Griffith van Time (7 Februarie 1977) bestempel The New York Times as "the nation's best newspaper". Wiebe (1967: 654) bestempel dié koerant as 'n model vir studente in die joernalistiek: "It is a newspaper of record, and

its reputation for accuracy has made it widely acceptable as a source in scholarly research". Bagdikian (1972: 9) noem The New York Times en The Washington Post in dieselfde asem as hy sê: "They...are better than other newspapers in their selection of news, completeness of reporting, and knowledge of national, social and economic developments". In sy ontleding van buitelandse nuus in Indiese en Amerikaanse koerante, het Vilanilam (1972: 97) The New York Times gekies "because of its worldwide readership, international character, stability, high standards, consistent quality and prestige" (vergelyk ook die motiverings vir die keuse van dié koerant in die volgende studies: Stempel, 1965; Rosi, 1964; Brown, 1978).

In twee bekende meningspeilings in die sestigerjare is The New York Times bo-aan die lys geplaas. Koerantredakteurs het in 1960 hierdie koerant gekies as dié koerant "most superior for news coverage, integrity and public service" (Editor & Publisher, 12 April 1960). In 'n meningspeiling wat Merrill (1964) onder 'n groep kenners van kommunikasiemediea gedoen het en waarin hulle gevra is watter koerante na hul mening die tien bestes ter wêreld is, is The New York Times deur twaalf van die 26 kenners eerste geplaas, terwyl agtien hom onder die eerste drie geplaas het.

In die diffusie van nuus in Amerika speel The New York Times en The Washington Post 'n belangrike rol. Daar is byvoorbeeld 'n duidelike neiging dat hul onderskeie maatskappye al hoe meer kleiner Amerikaanse koerante opkoop: "Already some newspaper chains have begun to absorb

others, and papers like the New York Times and the Washington Post, both part of communications conglomerates, are exercising tremendous influence on the news judgment of editors everywhere. This, in turn, shapes public opinion around the nation" (US News & World Report, 15 Augustus 1977).

'n Koerant soos The New York Times het 'n wêreldwye netwerk van kantore en korrespondente. Die nuus wat hulle insamel, sypel deur The New York Times na honderde klein koerante in die VSA. Sommige meen dat 'n paar kommunikasiereuse, soos bogemelde koerantgroepe, "dominate the approach and tone of news representation as it reaches most Americans" (US News & World Report, 2 Augustus 1976).

'n Bekende Amerikaanse nuustydskrif, US News & World Report, hou sedert 1974 jaarliks 'n omvattende meningspeiling onder Amerikaanse meningsleiers waarin hulle gevra word wie na hul mening die meeste invloed op die Amerikaanse besluitneming uitoefen - die sogenaamde "Who runs America?"-opnames.

Twee gereelde name onder die eerste twintig invloedrykstes is die uitgewers van The New York Times en The Washington Post, onderskeidelik Arthur Ochs Sulzberger en Katharine Graham. In 1976 is Sulzberger as, op dertien na, die invloedrykste mens in die VSA beskou: "The publisher of the New York Times won votes for the influence through his newspaper, both home and abroad" (US News & World Report, 19 April 1976). Sulzberger is in daardie jaar byvoorbeeld bo bekendes soos Ronald Reagan, David Rockefeller, Henry

Jackson, Daniel P. Moynihan en Donald Rumsfeld geplaas. Een respondent het die invloed van The New York Times soos volg beskryf: "What is possible in our society is probably more dependent upon the attitudes of people than upon facts and circumstances. The New York Times dominates the opinion-making apparatus of America" (US News & World Report, 19 April 1976).

Tussen The New York Times en Capitol Hill in Washington heers daar ook 'n besondere verhouding. Vir regeringsamptenare in Washington is hierdie koerant 'n belangrike bron van Amerikaanse en veral buitelandse nuus. Bagdikian (1972: 9) meen dat The New York Times en The Washington Post se invloed buite verhouding tot ander koerante is "because they happen to be delivered to important people in the Capitol every morning". Dit spreek dus vanself dat hierdie koerante 'n beduidende rol in die vorming van die Amerikaanse buitelandse beleid behoort te speel (vergelyk in dié verband byvoorbeeld: Cohen, 1963; Reston, 1966; Desmond, 1972; Lefever, 1976).

Bogenoemde behoort 'n algemene aanduiding te verskaf van die wyse waarop The New York Times die Amerikaanse administrasie en openbare mening deur sy beriggewing van 'n aangeleentheid soos die Biko-voorval kon beïnvloed het. Wat die presiese omvang van die beïnvloeding is, vereis die inagneming van alle ander ter sake faktore. Dié probleem word egter nie in hierdie studie aangeraak nie.

Wat die rigting (positief of negatief) van die beïnvloeding betref, kan 'n mens geldige aannames maak op grond van die

betrekkings tussens The New York Times en die Suid-Afrikaanse Regering in die verlede. Rhoodie (1973a) het by geleentheid na The New York Times as "een van ons werklike vyande" verwys. By 'n ander geleentheid het hy (1973b) dié koerant van selektiewe beriggewing beskuldig: "The New York Times has published attacks on South Africa written by members of P.A.C., the A.N.C., the Communist Party of South Africa, by terrorists and by the ambassadors of Ghana and Liberia but never a single word of defence by for e.g. a South African ambassador".

Die Washingtonse kantoor van die Suid-Afrika-Stigting het sowat twee jaar gelede 'n interessante studie gemaak wat gebaseer was op 'n opname deur 'n Washingtonse organisasie, Accuracy in Media, oor vyf Amerikaanse media se nuusdekking oor menseregte in vyf lande in 1976 (Suid-Afrika-Stigting Nuus, Februarie 1978). Die vyf media was The New York Times, The Washington Post, en die drie groot televisienetwerke, naamlik CBS, ABC en NBC. Die vyf lande, met die aantal berigte oor menseregte in hierdie lande tussens haries, was: Chili (137), Suid-Korea (90), Noord-Korea (1), Kuba (7) en Kambodja (16).

Die Washingtonse kantoor van die Suid-Afrika-Stigting het slegs die twee koerante vir berigte oor menseregte in Suid-Afrika vir 1976 ondersoek: "Gedurende daardie jaar - 1976 - het hierdie twee koerante alleen 513 berigte oor menseregte in Suid-Afrika gepubliseer" (Suid-Afrika-Stigting Nuus, Februarie 1978). Volgens hierdie publikasie beteken dit dat "n hele geslag vandag in die Verenigde State opgroei - jong intellektuele, byvoorbeeld, wat die New York Times

en die Washington Post as die vernaamste koerante in die Verenigde State beskou - wat glo dat die mees betekenisvolle skendings van menseregte in die wêreld vandag nie in die Sowjet-Unie of in Kuba of in Noord-Korea of in Kambodja plaasvind nie, maar wel in lande soos Suid-Korea, Chili en Suid-Afrika".

Die aard van die intensiewe nuusdekking wat Suid-Afrika in die onstuimige vroeë sestigerjare in The New York Times geniet het, het onder meer in 1966 gelei tot die uitsetting van dié koerant se vaste verteenwoordiger in die Republiek, Joseph Lelyveld (Brown, 1978: 6). Eers tien jaar later is 'n vaste korrespondent, John Burns, weer in Suid-Afrika toegelaat - nie soseer omdat die koerant se gesindheid jeens Suid-Afrika verander het nie, maar eerder vanweë 'n algemene behoefte aan beter nuusdekking (kwantitatief gesproke) van die Republiek ná die politieke verwickelinge in Suider-Afrika wat met die onafhanklikwording van Mosambiek en Angola begin het (Brown, 1978).

Bloot op die oog af, op grond van algemene ervaring, spreek dit dus vanself dat 'n mens nie kon verwag dat Suid-Afrika gunstige nuusdekking betreffende die Biko-aangeleentheid in The New York Times sou ontvang nie. Dit is reeds gestel dat die algemene doel van hierdie ondersoek die empiriese vasstelling van die rigting sowel as die intensiteit van dié dekking is. Die aard van die verhouding tussen die bewese rigting en intensiteit enersyds, en andersyds die werklike beeld- en meningsvormende invloed op die Amerikaanse openbare mening en die sentrale regering, word egter nie in hierdie studie behandel nie, ofskoon die waarskyn-

likheid van 'n beduidende positiewe verhouding in hierdie verband die belangstelling in hierdie onderwerp gaande gemaak het.

1.6 SAMEVATTING

Watter skade die Biko-voorval aan Suid-Afrika se reeds afgetakelde beeld in die buiteland aangerig het, bly 'n saak waaroor daar in 'n groot mate slegs bespiegel kan word. Dat dié skade egter nie gering was nie, behoort voor die hand te lê.

'n Nabetragting van die Biko-episode bring 'n mens voor vrae te staan waarvoor daar steeds nie bevredigende antwoorde is nie: Wie en wat was Steve Biko? Was hy 'n gematigde? Wat het werklik tydens sy aanhouding deur die Veiligheidspolisie gebeur? Die talle antwoorde wat verskillende mense bereid is om op hierdie vrae te gee, oortuig nie heeltemal nie.

Beskouinge oor Steve Biko kan in twee breë kategorieë verdeel word. Eensyds word hy voorgehou as belangrik, invloedryk, vredeliewend, gematig, ensovoorts. In hul lofredes oor die swart leier hou mense soos Woods (1979) en Stubbs (1978) die Suid-Afrikaanse Regering en die bestaande politieke bedeling in die Republiek vir Biko se dood verantwoordelik. Bogenoemde standpunte word deur die teenstanders van die Regering, die opposisie-pers in Suid-Afrika en die meeste oorsese kommunikasiemedia onderskraag (vergelyk in dié verband byvoorbeeld bylaag B). Mense en instellings wat hierdie menings huldig kan as "pro"-Biko bestempel word.

Aan die ander kant betwis die Regering en sy ondersteuners hierdie aansprake. Biko word as relatief onbekend en onbelangrik beskou, en hy word uitgebeeld as 'n militante en revolusionêr wat die bestaande orde op 'n gewelddadige wyse omver wou werp. Aanhangers van dié standpunte kan dus as "anti"-Biko beskou word.

Kwalitatiewe oordele oor die swart leier en ander gesindheidsobjekte wat by die saak betrokke is, het verskeie dimensies. In hierdie studie word een van dié dimensies deur middel van inhoudsontleding ondersoek, naamlik die evaluering van bogenoemde gesindheidsobjekte in terme van goed of sleg (moreel gesproke). Die brandpunt van hierdie ondersoek is die rigting en intensiteit van sulke evaluatiewe oordele. Die meting van dié eienskappe deur middel van inhoudsontleding stel besondere eise aan die ondersoeker. Nie alleen moet die ontleding aan die algemene vereistes van inhoudsontleding as 'n wetenskaplike metode beantwoord nie, maar die ontleder moet ook 'n geskikte vorm van inhoudsontleding vind wat rigting en intensiteit doeltreffend ten opsigte van sy besondere probleem meet.

In die volgende hoofstuk word inhoudsontleding as 'n wetenskaplike metode onder die vergrootglas geplaas. Evaluative assertion analysis, die werkswyse wat in hierdie ondersoek gevolg is, word in die lig van bogemelde geweeg.

H O O F S T U K T W E E

INHOUDSONTLEDING: TEORETIESE RAAMWERK

2.1 INLEIDING

Vir die hedendaagse kommunikasienavorser is daar 'n verskeidenheid metodes om kommunikasieverskynsels te ondersoek. Die verskillende vorme van menings- en gesindheidspeilings, eksperimentele ondersoeke en inhoudsanalitiese metodes beslaan boekdele. Elkeen van hierdie metodes vertoon sterk- sowel as swakpunte. Afhangende van die aard en omvang van die navorsingsprojek kan metodes in wisselwerking met mekaar aangewend word, wat moontlik tot die uitskakeling of bevredigende vermindering van beperkinge kan lei.

Ofskoon inhoudsontleding as 'n navorsingsmetode nog heelwat leemtes het en in sommige kringe steeds met skeptisisme bejeën word, is daar ook bepaalde aanduidings dat hierdie metode in gewildheid onder kommunikasie- en ander navorsers toeneem. Hiervan getuig die aantal navorsingsverslae sowel as teoretisering oor die metode in vakkundige tydskrifte soos Journalism Quarterly, Public Opinion Quarterly, Gazette, Publizistik, ensovoorts.

Ondanks die beperkinge en leemtes kan inhoudsontleding in bepaalde omstandighede die enigste metode wees waarop die navorser hom moet verlaat. Dit geld veral wanneer respondente of proefpersone nie beskikbaar is nie, of die aard en omvang van die navorsing die ondersoeker verplig om die

boodskap as die brandpunt vir sy navorsing te gebruik (Riley en Stoll, 1968). Boodskapontleding is byvoorbeeld 'n nuttige metode as die navorser die kommunikasie-inhoud van buitelandse media wil bestudeer. Op grond van hierdie boodskapontleding kan hy moontlik in staat gestel word om afleidings oor die kommunikator en die ontvanger te maak. Dit bied 'n moontlike oplossing vir dié navorser wat nie oor die geldelike en ander vermoëns beskik om daadwerklike menings- en gesindheidspeilings in die betrokke lande uit te voer nie.

Die kader van kennis waarbinne inhoudsontleding uitgebou en metodologies ontwikkel kan word, is die wetenskaplike ontginning van die kommunikasieverskynsel. Die kommunikasieverskynsel is dié algemeenheid wat ten opsigte van alle moontlike toepassings van inhoudsontleding geld omdat die metode neerkom op die ondersoek van boodskappe wat 'n kommunikator en 'n ontvanger (in hul wydste betekenis) in hul kommunikasie gebruik het. Die ingewikkelde samestelling van die kommunikasieverskynsel asook die huidige ontwikkelingspeil van 'n geïntegreerde teoretiese raamwerk met betrekking tot die verskynsel (Riley en Stoll, 1968; Mortensen, 1972), lê in 'n groot mate aan die wortel van die meningsverskille betreffende die wetenskaplike betekenisvolheid, aard en gebruikspektrum van die metode.

Die feit dat die kommunikasieverskynsel 'n onderwerp van studie in 'n wye verskeidenheid dissiplines is, is 'n belangrike oorsaak van die "gebrek" aan 'n ontwikkelde en geïntegreerde teoretiese raamwerk (Mortensen, 1972). Hierdie toestand beperk nie alleen die gebruiksmoontlikhede van

inhoudsontleding nie, maar dit kan ook 'n vraagteken oor sommige analyses plaas wat die boodskap as vertrekpunt en grondslag vir die bestudering van ander komponente van die kommunikasie gebruik (vergelyk in dié verband byvoorbeeld die navorsingsmodelle van Lasswell, Lerner en Pool, 1952; Gerbner, 1958; Holsti 1969a; Westley en MacLean, 1970). Hierdie tekortkoming kan ook daartoe aanleiding gee dat grotendeels eenvoudige probleme en/of onwetenskaplike snuffeltoegte ("fishing expeditions") aangepak word (Holsti, 1969a: 27). 'n Onbevredigende geïntegreerde teoretiese raamwerk betreffende die kommunikasieverskynsel werk laastens belemmerend in op die daarstelling van algemene riglyne vir die veeldoelige en intêrdissiplinêre gebruik van inhoudsontleding (Riley en Stoll, 1968: 371). Dit spreek vanself dat die ontwikkeling en vermeerdering van geldige veralgemenings omtrent die verskynsel sal bydra om orde te skep in die veelheid van wyduiteenlopende gebruiksvorme van die metode; sulke veralgemenings kan derhalwe riglyne voorsien om 'n geïntegreerde teoreties-metodiese raamwerk vir die metode as sodanig daar te stel.

Enige navorsingsprobleem beskik oor unieke eienskappe wat dit in 'n mindere of meerdere mate verskillend van enige ander probleem maak. Die besluit oor 'n geskikte metode hang wesenlik af van die ondersoeker se navorsingsoogmerke én die besondere eienskappe van die probleem. Derhalwe kan in hierdie opsig nie sprake van die algehele standaardisering van inhoudsontledende metodes wees nie. Geen vorm van inhoudsontleding behoort so onbuigsaam te wees dat dit nie eens by die geringe, maar unieke eise van 'n probleem kan aanpas nie. Dit kom dus in die laaste instansie daarop

neer dat die metode nie tot die doel van wetenskapsbeoefening verhef behoort te word nie, omdat dit bloot 'n middel in die hand van die wetenskapsvormer is.

Die oogmerk met hierdie hoofstuk is om die keuse van evaluative assertion analysis as die metode van inhoudsontleding in hierdie studie te motiveer. In breë trekke het die navorsingsoogmerke, die aard van die probleem en die teoretiese onderbou van die metode as sodanig die keuse van evaluative assertion analysis bepaal. Die besondere bewege-rede is die mate waarin hierdie vorm van inhoudsontleding aan die vereistes van inhoudsontleding as 'n wetenskaplike metode beantwoord.

2.2. INHOUDSONTLEDING AS 'N WETENSKAPLIKE METODE

"'n Wetenskaplike metode is 'n wyse van beplande, verifiërende en sistematiserende handeling (of werk) wat as middel (waar moontlik met behulp van middele) diens doen om met gebruikmaking van wat wetenskaplik kenbaar is, wetenskap (dit wil sê geverifieerde en gesistematiseerde kennis) te vorm" (Stoker, 1969: 52).

2.2.1 'n Wetenskaplike metode

'n Metode is 'n handels- of werkswyse, en volgens Stoker (1969: 49) kan die vraag gestel word: "Hoe (op watter wyse) handel iemand (of gaan hy te werk) dat hy met die gebruikmaking van wat voorhande is, 'n gestelde doel ver-wesenlik (of 'n bepaalde resultaat verkry)?" Die antwoord

op die "hoe" wys dus heen na die metode of die modus operandi.

Hoe te werk gegaan word, word tweërlei bepaal: vir eers deur dit wat beskikbaar is en, tweedens, deur die eindoogmerk wat gestel en verwesenlik wil word. Die gebruiker neem dus die beskikbare materiaal en wend die metode as 'n middel aan om die gestelde doel te verwesenlik. Dáárom behoort 'n metode nie tot die doel verhef te word nie, want die metode is bloot 'n middel tot die verwesenliking van die doel.

'n Wetenskaplike metode is derhalwe 'n middel om wetenskaplike kennis te vorm. In die vorming van wetenskap moet die wetenskaplike hom verantwoord oor die metode wat hy gebruik het. In Stoker (1969: 136) se definisie van wetenskap word die rol van die metode ook beklemtoon: "...soveel moontlik tegnies-metodies geverifieerde en soveel moontlik tegnies-metodies gesistematiseerde kennis as kennis" (eie onderstreping). 'n Wetenskaplike metode is dus 'n beplande handelwyse om geverifieerde en gesistematiseerde kennis te vorm.

Onder wetenskaplike metode word die werkswyse van die fisikus en die teoloog, die wiskundige en die historikus ingesluit. Die redusering van 'n wetenskaplike metode tot die natuurwetenskaplike metode - waaraan sommige sosiaal-wetenskaplikes onder invloed van filosofiese rigtings soos die positivisme, empirisme en behaviorisme hulle skuldig maak (Botha, 1973; Potgieter, 1979; Stoker, 1969) - skiet dus tekort aan ewewigtheid. Anderson (1971: 6) praat

in hierdie verband van "the scientific method": "... that method for describing and explaining phenomena which incorporates the principles of empirical verification, operational definition, controlled observation, statistical generalization, and empirical confirmation". In hierdie opsig speel hipotese-toetsing, induktiewe en deduktiewe afleidings ook 'n belangrike rol (Stoker, 1969: 90-95; Westley, 1958: 201-239; Tannenbaum, 1958: 51-77).

Die "hipotese-verifiërende induktiewe metode" (Stoker, 1969: 90) het egter 'n onmisbare bydrae gelewer tot die ontwikkeling van dissiplines soos sielkunde, sosiologie, opvoedkunde, kommunikasiekunde, ensovoorts. Sonder die ontwikkeling en ontplooiing van hierdie metode sou dié rigtings waarskynlik heelwat armer gewees het.

Die kommunikasiekundige het 'n verskeidenheid metodes tot sy beskikking om wetenskaplike kennis oor die kommunikasieverskynsel te vorm. In die wydste sin is inhoudsontleding so oud soos lees self. In 'nenge verband, en waaroor daar ook die grootste mate van eenstemmigheid heers, word inhoudsontleding op die lees van DIE wetenskaplike metode geskoei, ongeag die veelheid tegnieke wat onder inhoudsontleding geressorteer kan word. Die navorsingsoogmerke en die aard van die probleem bepaal die belangrikheid van hipoteses, induktiewe en deduktiewe afleidings in die analise. Hoewel dit wenslik is, en moontlik die wetenskaplike betekenisvolheid van die analise mag verhoog, word die ontleder nie gebind om byvoorbeeld hipoteses te toets nie.

Die volgende bekende definisies verskaf 'n aanduiding van inhoudsontleding in sy meer moderne en engere betekenis, dit wil sê in die konteks van DIE wetenskaplike metode.

"Content analysis is a research technique for the objective, systematic and quantitative description of the manifest content of communication" (Berelson, 1952: 18).

"Content analysis is a technique which aims at describing with optimum objectivity, precision, and generality what is said on a given subject in a given place at a given time" (Lasswell, Lerner en Pool, 1952: 34).

"Aufgabe der Aussagenanalyse ist es, Aussage so systematisch und objectiv wie möglich beschreibend zu erfassen, indem bestimmte Aussagen merkmale analitisch behandelt und ihre Bedeutung und ihr Gewicht im Rahmen des Ganzen bestimmt werden" (Maletzke, 1963: 58).

"Content analysis is any technique for making inferences by objectively and systematically identifying specified characteristics of messages" (Holsti, 1969a: 14).

"...eine Untersuchungstechnik zur objektiven und systematischen Erfassung und Klassifizierung spezifischer Charakteristika bestimmter Aussagenmengen, mit dem Ziel, über Ausprägungen der Aussagen, sowie ihre Wechselbeziehungen mit dem anderen Komponenten des, jeweiligen Kommunikationssystems Aufschluss zu gewinnen" (Koszyk; aangehaal in Fauconnier, 1975: 61).

Die vereistes wat in die algemeen vir 'n wetenskaplike metode as sodanig geld, geld dus ook ten opsigte van alle vorme van inhoudsontleding. Inhoudsontleding moet sistematies, objektief, betroubaar en geldig wees en moet ook aan die bruikbaarheidsvereiste voldoen. Sommige stel dit as 'n vereiste dat die ontleder daarna behoort te streef om teoreties relevante resultate te lewer, dit wil sê dat hy deur middel van veralgemenings tot teorievorming moet bydra.

Die kwantitatiewe vereiste is waarskynlik die mees onderskeidende kenmerk van inhoudsontleding, maar ook die eienenskap wat die meeste bespreking en kritiek uitgelok het (Fauconnier, 1975: 62). Kwantitatiewe inhoudsontleding word gewoonlik vereenselwig met die frekwentatiewe voorkoms van inhoudselemente soos dit in terme van ruimte en tyd gemeet kan word. In hoeverre frekwensie as 'n geldige maatstaf vir rigting en intensiteit, aandagsfokus, beklemtoning, ensovoorts kan dien, is 'n groot bron van meningsverskil onder teoretici. So ook die vraag of, en in watter mate, kwalitatiewe elemente soos byvoorbeeld evaluatiewe begrippe in inhoudsontleding behandel moet word. Aan hierdie sake word later meer aandag geskenk.

In Berelson se definisie van inhoudsontleding kom die kwessie van gemanifesteerde inhoud sterk na vore. Die bedoeling is dat die ontleder slegs op die gemanifesteerde moet fokus en nie moet poog om tussen die reëls te lees nie, aangesien dit die objektiviteit en geldigheid van die ontleding in die wiele kan ry. Betreffende dié aangeleentheid is daar ook nie eenstemmigheid nie (Fauconnier, 1975: 62; Holsti, 1969a: 12), terwyl daar onder die meer

onlangse inhoudsontleders 'n duidelike neiging is om ook die latente inhoud in berekening te bring (vergelyk in die verband Gerbner en andere, 1969; Fauconnier, 1975).

2.2.2 Vereistes

Daar is reeds gemeld dat inhoudsontleding aan sekere vereistes moet voldoen alvorens dit aanspraak op die status van 'n wetenskaplike metode kan maak. In die aangehaalde definisies het hierdie vereistes aan die orde van die dag gekom. Die implikasies wat hierdie vereistes vir inhoudsontleding inhou, word vervolgens onder die vergrootglas geplaas.

2.2.2.1 Die sisteemvereiste

Die term "sisteem" verskil wesenlik van ander begrippe soos aggregeer en versameling deurdat 'n sisteem 'n orde-lyke en interrelasionele verhouding tussen sy bestanddele veronderstel (Baldwin, 1960: 659; Stoker, 1969: 135).

Die sisteemvereiste verwag onder meer die vorming van gesistematiseerde kennis, met ander woorde 'n wetenskaplike eindproduk wat 'n planmatige en afgeronde eenheid van teorie, feit en toepassing vorm (Stoker, 1969: 136). Planmatig dui op die belangrikheid van sorgvuldige beplanning, 'n eksplisiet gestelde navorsingstrategie, en 'n omvattende en deeglike navorsingsontwerp (MacLean, 1958: 35; Holsti, 1969a: 24 en 41).

In die nakoming van die sisteemvereiste word die inhouds-

ontleider ook verplig om ál die tersaaklike inhoud betreffende die gegewe probleem in berekening te bring. Volgens Berelson (1952: 17) beteken dit dat "if some occurrences of the category are taken into consideration, within a specified body of content, then all occurrences must be - or the definition of the problem changed".

Die bedoeling hiermee is om te voorkom dat die ontleder slegs daardie materiaal of inhoudseienskappe kies wat sy hipotese steun. Die implikasie van hierdie voorkomingsmaatreël met betrekking tot die werklike analise is duidelik, naamlik die konsekwente toepassing van eksplisiet gestelde ontledingsvoorskrifte (operasionele definisies): "Systematic means that the inclusion and exclusion of content or categories is done according to consistently applied rules" (Holsti, 1969a: 4). Enersyds word die ontleder dus verplig om sy probleem duidelik te definieer; andersyds word dit van hom verwag om sy ontledingsreëls ondubbelsinnig te stel en nie af te wyk nie. Op dié manier maak hy voorsiening vir die kontrolering van sy resultate deur ander wetenskaplikes.

2.2.2.2 Objektiviteit

"Objectivity is commonly regarded as a prerequisite of scientific research, but one that is difficult to achieve in research on human behavior - and particularly in research on the verbal behavior of men" (Lasswell, Lerner en Pool, 1952: 33).

Die mens ken die wêreld deur middel van onder meer sy sin-

tuie. Wetenskapsbou is ondermeer van sintuiglike waarneming afhanklik, want daardeur word gegewens versamel op grond waarvan wetenskap gebou kan word. Dié gegewens is ook nodig om teorieë en verklarings te verifieer.

Wanneer die wetenskaplike waarneem om wetenskap te vorm, is dit noodsaaklik om objektief waar te neem, dit wil sê om die gegewe waar te neem soos dit werklik is. In belang van wetenskapvorming moet ook so volledig en noukeurig moontlik waargeneem word, asook sorg gedra word dat vooroordele, partydigheid en foutiewe voorveronderstellings so ver moontlik uitgeskakel word.

Rondom die konsep objektiwiteit in die wetenskap bestaan egter diepgaande verskille wat in 'n groot mate lewens- en wêreldbeskoulik van aard is. Onder die invloed van veral die positivisme, empirisme en dergelike wysgerige strominge, voer sommige aan dat die wetenskaplike as sodanig 'n "suiwer" intellektuele wese is en behoort te wees, en dat hy in sy wetenskapsbeoefening sy personale agtergrond behoort te ontkoppel ("detach"). 'n Bogemelde standpunt onderskryf die sogenaamde "neutraliteitspostulaat" (Botha, 1973). Tannenbaum (1958: 61) verstaan byvoorbeeld onder objektiewe waarneming die volgende: "...that the data generated be unadulterated by the personal influence of the investigator; he must maintain a certain aloofness from his data and not allow his own biases to enter in the data gathering and treatment".

Voorstanders van byvoorbeeld die Christelike wetenskaps-idee soos Stoker (1969), Snyman (1971), Botha (1973),

Potgieter (1979) en andere heg nie die neutraliteitsbetekenis aan objektiwiteit nie, aangesien hulle die invloed van die wetenskaplike se personale agtergrond as 'n bepalende faktor in sy wetenskapsbeoefening erken (vergelyk in dié verband byvoorbeeld Stoker, 1969: 63; Snyman, 1971: 15). Stoker (1969: 65) en sy geesgenote neem die standpunt in dat die wetenskaplike in sy wetenskapsbeoefening nie van sy lewens- en wêreldbeskouing ontkoppel kan word nie: "Die selektiewe invloed van lewens- en wêreldbeskouings is in die grond van die saak prinsipiëel van aard (is fundamenteel 'n saak van beginsels). Hier het ons met dieper as wetenskaplike dryfkragte en beslissingsmoontlikhede te doen. Daarom is al eis wat hier gestel kan word, dat elkeen in sy gemoed oortuig moet wees en verantwoordelik en krities (onderskeidend) moet staan teenoor sy lewens- en wêreldbeskouing op wetenskapsvorming (i.c. waarneming)". Objektiwiteit beteken dus nie neutraliteit nie, maar reenskap gee van jou uitgangspunte, terwyl daar ook na gestreef moet word om onpartydig, onbevooroordeeld en oop vir die waarheid te wees (Snyman, 1971).

Terwyl 'n mens enersyds waardering behoort te hê vir die deeglike en rigoristiese navorsingsmetodes en -tegnieke van byvoorbeeld die empiriste, lê dit andersyds voor die hand dat die wetenskaplike probleme sal teëkom waarteenoor hy nie neutraal sal kan staan nie, ten opsigte waarvan hy nie sy personale agtergrond sal kan ontkoppel nie. Selfs die mees kwantitatiewe en betroubare vorme van inhoudsontleding bring die inhoudsontleder voor vrae te staan wat kwalitatiewe antwoorde vereis. Watter gegewens is relevant en irrelevant ten opsigte van die probleem? Watter kate-

gorieë moet gebruik word? Hoe word die kategorieë van mekaar onderskei? Watter maatstawe (en hoekom) word gebruik vir die plasing van spesifieke inhoudseenhede in verskillende kategorieë? Watter kriteria word gebruik om een afleiding bó alternatiewe afleidings te kies? Hierdie paar vrae is slegs 'n druppel aan 'n baie groot emmer.

Die ontleder kan rekenskap van sy uitgangspunte ten opsigte van bogemelde vrae gee. Hy kan ook onpartydig, onbevooroordeeld en oop vir die waarheid wees. Maar hoe (indien moontlik) kan hy verseker dat sy kodeerders dieselfde eenskappe openbaar? In die geval van sommige rigoristiese kwantitatiewe analises (byvoorbeeld analises op grond van die frekwentatiewe voorkoms van woorde) is dit nie 'n wesenlike probleem nie, aangesien die ontleder deur middel van sy koderingsvoorskrifte die kodeerders 'n blote klerklike werk (tel, ensovoorts) kan laat verrig, sonder dat hulle persoonlike oordele hoef te vel.

In die geval van 'n kwalitatiewe inhoudsontleding (punt 2.2.3) word van kodeerders verwag om kwalitatiewe oordele (byvoorbeeld rigting en intensiteit) oor gespesifiseerde inhoudselemente te vel. Die navorsingsontwerp van sommige soorte kwalitatiewe ontledings, byvoorbeeld evaluative assertion analysis, verskaf waarborge vir die vermindering van subjektiwiteit by die kodeerder, en beperk dit grotendeels tot die vertolking van resultate (De Koning, 1979: 3). Hierdie kwessie word vorentoe vollediger bespreek.

'n Groot deel van die debat oor manifeste of latente inhoud sentreer ook om die objektiwiteitskwessie: "The require-

ment of objectivity stipulates that only those symbols and combinations of symbols actually appearing in the message be recorded. In other words, at the coding stage at which specified words, themes, and the like are located in the text and placed into categories, one is limited to recording these items which actually appear in the document. 'Reading between the lines', so to speak, must be reserved to the interpretation stage, at which time the investigator is free to use all of his powers of imagination and intuition to draw meaningful conclusions from the data" (Holsti, 1969a: 12). Die teoretiese onderbou van sommige metodes, soos evaluative assertion analysis, maak egter in bepaalde omstandighede voorsiening om afleidings oor die kommunikator (byvoorbeeld gesindheid) en die ontvanger (byvoorbeeld invloed van die boodskap) op grond van die gemanifesteerde inhoud te maak. Die aard van die navorsingsontwerp, probleem en teoretiese onderbou bepaal ook grootliks die mate waarin latente inhoud in berekening gebring kan word (Holsti, 1969a; Fauconnier, 1975).

Toetsing en hertoetsing, deur die ontleder en deur ander wetenskaplikes met verskillende personale strukture, kan 'n toets vir objektiwiteit in empiriese navorsing wees. Lasswell, Lerner en Pool (1952: 32) meen dat die ontleder in die nakoming van die objektiwiteitsvereiste voldoende inligting moet verskaf "to enable other observers to replicate the observations made of a given body of data". Westley (1958: 229) sluit hierby aan: "...if he fears that the mote in the eye of the observer has influenced the content of observation, he can set up the same conditions and repeat the observations".

Objektiwiteit behels dus die vereiste dat die wetenskaplike verskynsels behoort waar te neem soos dit werklik is; dat hy onpartydig, onbevooroordeeld en oop vir die waarheid moet wees. Weens sosialisering en ander faktore ontwikkel hy 'n unieke personale struktuur wat subjektiewe waarneming van verskynsels in die hand werk. Die ontleder word weer in 'n groot mate deur die oogmerke van sy navorsing en die aard van die navorsingsprobleem gelei in sy besluit of die vermindering van subjektiwiteit by die kodering van gegewens noodsaaklik is. In hierdie opsig speel die navorsingsontwerp 'n uiters belangrike rol.

Omdat die sosiaal-wetenskaplike nie volkome objektief en neutraal in sy wetenskapsbeoefening kan staan nie, behoort hy bewus te wees van die selektiewe invloed van sy lewens- en wêreldbeskouing, en dit is 'n behorensis dat hy daarvan moet rekenskap gee: "...social scientists must be careful to state their biases, insofar as they are conscious of them, and to maintain as objective stance as possible" (Fitzgerald en Cox, 1975: 7).

2.2.2.3 Betroubaarheid

"If research is to satisfy the requirement of objectivity, measures and procedures must be reliable, i.e. repeated measures with the same instrument on a given sample of data should yield similar results" (Holsti, 1969a: 135),

In die alledaagse verband kom betroubaarheid neer op die vertrouwe wat 'n mens in die eienskappe van ander mense en voorwerpe kan stel, byvoorbeeld die vertrouwe wat 'n mens in

'n motor het dat hy jou nie in die steek sal laat nie.

In empiriese navorsing sentreer betroubaarheid rondom die vertrou wat in die meetinstrument en -prosedure gestel kan word. Gouws e.a. (1979: 35) bestempel betroubaarheid in hierdie verband as die "eienskap van 'n meetinstrument, meetprosedure of stel waarnemings wat dit moontlik maak om soortgelyke resultate te verkry as die metings op identiese wyse herhaal sou word".

Meting behels die toekenning van numeriese waardes aan eienskappe op só 'n wyse dat dit sekere verhoudinge tussen die eienskappe en die numeriese waardes weerspieël. In inhoudsontleding speel meting ook 'n belangrike rol. Die indeling van die inhoud in onderwerpskategorieë is 'n voorbeeld van 'n nominale metingskaal. Die toekenning van rigting en intensiteit aan inhoudseienskappe kan op 'n ordinale of interval-metingsvlak geskied (Budd, Thorp en Donohew, 1967: 32).

Die daarstelling van betroubaarheid in inhoudsontleding is 'n funksie van die kodeerders se vaardigheid, ervaring en begripsvermoë, asook die aard van die inhoud en die ondubbel-sinnigheid van die operasionele definisies (Holsti, 1969a: 135). Dit lê voor die hand dat interkodeerder-betroubaarheid deur die deeglike opleiding van kodeerders verhoog kan word (Kaplan en Goldsen, 1968: 83-112).

Inhoudsontleding kan ook uit die standaard-betroubaarheids-toetse put, byvoorbeeld toets-hertoets-betroubaarheid (stabiliteit) en verdeelدهelfte-betroubaarheid (interne

konsekwentheid) (Budd, Thorp en Donohew, 1967: 67; Gouws e.a., 1979: 35). Daar word van die ontleder verwag om aan te toon hoe hy betroubaarheid bepaal het. Betroubaarheid word gewoonlik deur 'n syferindeks aangedui, byvoorbeeld 'n betroubaarheidskoëffisiënt. Die vasstelling van 'n beduidendheidsvlak (aanvaarbaarheidsvlak) vir betroubaarheid is 'n probleem wat slegs binne die konteks van die gegewe navorsingsprobleem beantwoord kan word. In die geval waar kodering die blote telling van woorde of simbole behels, en die kodeerders basies 'n klerklike taak vervul, kan 'n betroubaarheidskoëffisiënt van 0,80 nog onvoldoende wees. Aan die ander kant kan 'n koëffisiënt van byvoorbeeld 0,60 ten opsigte van analyses wat fyn beoordeling vereis, aanvaarbaar wees.

Die betroubaarheid van 'n meetmiddel sentreer dus om die vraag: Hoe akkuraat en konsekwent word daarmee gemeet? Volgens Van der Walt (1970: 80) is daar altyd 'n sekere mate van onbetroubaarheid in elke meetmiddel aanwesig. Die verkreë betroubaarheidskoëffisiënt bepaal egter in 'n groot mate die vertrouwe waarmee die meetmiddel bejeën kan word: "Hoe hoër die betroubaarheid van 'n meetmiddel, hoe meer kan daar natuurlik op die resultaat staatgemaak word" (Van der Walt, 1970: 80).

2.2.2.4 Geldigheid

Dit behoort vanself te spreek dat daar 'n noue relasie tussen die betroubaarheid en geldigheid van die resultate moet wees: "...reliability sets a limit to validity; a specific measure can be no more valid than it is reliable"

(Budd, Thorp en Donohew, 1967: 68).

Betroubaarheid is noodsaaklik vir geldigheid, maar 'n meet-middel kan betroubaar wees, ofskoon dit nie noodwendig geldige resultate verseker nie. Aan die ander kant is dit ook onwaarskynlik dat 'n meetmiddel geldig kan wees, maar nie betroubaar nie. 'n Betroubare én geldige meet-middel meet dus op 'n akkurate en konsekwente wyse dit wat die middel veronderstel is om te meet.

Die vasstelling van geldigheid met betrekking tot sommige inhoudsontledings lewer nie noemenswaardige probleme op nie: "...in cases where there is high agreement on the definitions of relevant categories, there is little difficulty in achieving validity in content analysis" (Berelson, 1952: 169). Voorkomsgeldigheid ("face validity") is byvoorbeeld in die reël voldoende vir analyses wat ingestel is op die blote beskrywing van gemanifesteerde inhoud.

Hipotese-toetsing deur middel van inhoudsontleding vereis die inagneming van konstrukgeldigheid (bouselgeldigheid): "...one means of assessing construct validity is the empirical testing of hypotheses" (Budd, Thorp en Donohew, 1967: 70). Volgens Gouws e.a. (1979: 158) is konstrukgeldigheid die "mate waarin 'n toets daarin slaag om die teoretiese konstruk wat dit onderlê (bv. intelligensie of neurotisme) te meet". De Koning (1979: 3) meen ook "afleidings van inhoudsanalise gemaak, hang af van die bewese ooreenkoms tussen die kategorieë wat gebruik word en teorieë oor die verskynsel, model of bron".

In die bepaling van konstrukgeldigheid vervul die kennisneming en gebruikmaking van teorieë oor die betrokke verskynsel onder die vergrootglas 'n deurslaggewende rol. Inligting uit ander bronne dra ook gewoonlik by tot die daarstelling van konstrukgeldigheid; byvoorbeeld 'n positiewe korrelasie tussen die resultate van 'n inhoudsontleding en 'n meningspeiling betreffende dieselfde konstruk (Budd, Thorp en Donohew, 1967: 70-71; Holsti, 1969a: 148; Janis, 1968: 55- 82; Gouws e.a., 1979: 158).

Die ontleder moet dus voldoende aandag aan die geldigheid van sy ontleding skenk en hom nie net op voorkomsgeldigheid verlaat nie. Wanneer inhoudsontleding gebruik word om latente inhoud te analiseer (tussen die reëls te lees), word diepgaande geldigheidsvereistes aan hom gestel. In 'n veel groter mate as in die geval met die ontleding van gemanifesteerde inhoud word hy verplig om, ter wille van konstrukgeldigheid, ondersteunende getuienis uit ander bronne te versamel: "Inferences about the latent meanings are therefore permitted but, they require corroboration by independent evidence" (Holsti, 1969a: 14).

By die vorming van wetenskaplike kennis moet die wetenskaplike deurentyd krities onderskei tussen dit wat waar en vals, geldig en ongeldig is. Om dit vas te stel, verifieer hy sy bevindings op grond van die voorhande gegewe - die grond vir sy kennis. Sodoende toets hy of sy bewyse waar en geldig is, verifieer hy dit. Verifikasie is dus begroning en bewys (Stoker, 1969: 29 en 135). Dit bly in alle gevalle 'n wetenskaplike vereiste om aandag aan die geldigheid van die bevindings te skenk. 'n Analise met 'n

hoë betroubaarheidskoëffisiënt, ingewikkelde tegnieke en prysenswaardige oogmerke ontbreek aan wetenskaplike waarde as die geldigheidsvereiste nie nagekom word nie.

2.2.2.5 Bruikbaarheid

Bruikbaarheid behels onder meer die koste, tyd en arbeid wat aan navorsingsprojekte bestee word. Inhoudsanalises wat op groot skaal aangepak word, byvoorbeeld dié wat deel van die RADIR-projek (Lasswell, Lerner en Pool, 1952: 1-39) gevorm het, is duur en tydrawend, en heelwat kodeerders moet gehuur word om die baie materiaal te kodeer.

Dit lê dus voor die hand dat duidelike aanwysings en klinkklare operasionele definisies onontbeerlik vir koste-, arbeids- en tydsbesparing is. Dit beklemtoon die belangrikheid van 'n deeglike vooraf kennismaking met die voorhande materiaal waarna 'n navorsingsontwerp opgestel en 'n loodsstudie uitgevoer móét word. Die gehalte van die navorsingsontwerp kan in 'n bepalende mate met die loodsondersoek vasgestel word.

Die koste-, arbeids- en tydsbesteding van heelwat analises bly ondanks 'n goeie navorsingsontwerp steeds hoog. Die aanwending van die rekenaar in inhoudsontleding het egter in vele gevalle bogenoemde probleme uit die weg geruim. 'n Rekenaar kan enige taak vervul waarvoor ondubbelsinnige instruksies verskaf kan word (Holsti, 1969a: 151). Rekenaarprogramme wat opsigselfstaande selfstandige inhoudsontledings kan doen, is byvoorbeeld dié wat deel vorm van die "General Inquirer"-stelsel wat oorspronklik deur die

Laboratory for Social Sciences by die Harvard-Universiteit ontwikkel is vir toepassing in psigologie en sosiologie (Holsti, 1969a: 156 e.v.; Gerbner e.a., 1969: 333 e.v.). Vir inhoudsontleding is daar spesiale "rekenaarwoordeboeke" ontwikkel. Die gebruik van hierdie woordeboeke vereis dat elke veranderlike ondubbelsinnig gedefinieer moet word.

Die rekenaar kan egter nie die ontleder vervang nie. Die aard en omvang van die voordele wat die rekenaar bied, is in die eerste geval afhanklik van die ontleder se instruksies. Dit spreek egter vanself dat die rekenaar in 'n toenemende mate 'n onontbeerlike instrument in die hande van inhoudsontleders sal word.

Daar moet ten slotte in gedagte gehou word dat inhoudsontleding funksioneel moet wees, dit wil sê dat 'n inhoudsontleding deur bepaalde eise en behoeftes geregverdig word. Volgens Holsti (1969a: 20) sal inhoudsontleding bruikbaar wees "whenever the problem requires precise and replicable methods for analyzing those attributes of documents which may escape casual scrutiny. In such case the analyst will find the objective and systematic methods involved in content analysis advantageous as a supplement, not as a substitute for, the other intellectual tools he bring to bear in his problem".

2.2.3 Kwantitatiewe inhoudsontleding

Die kwantitatiewe eienskap is volgens Berelson (1952: 17) moontlik die mees onderskeidende van inhoudsontleding:

"It is this characteristic of content analysis which goes

farthest towards distinguishing the procedure from ordinary reading". Holsti (1969a: 5) meen ook dat die hedendaagse opvatting van inhoudsontleding in die algemeen die kwantitatiewe vereiste stel, en Lasswell, Lerner en Pool (1952: 45) voer aan dat daar nie regverdiging is om 'n inhoudsontleding uit te voer nie "unless the question one wants is quantitative".

Betreffende die aard van kwantitatiewe inhoudsontleding heers daar nie eenstemmigheid onder teoretici nie. Sommige definisies beperk inhoudsontleding tot die berekening van die frekwensies waarmee inhoudseenhede (opname- en kontekseenhede) in die daargestelde kategorieë voorkom (Janis, 1968: 55). George (1959: 9) heg dieselfde betekenis aan kwantitatiewe inhoudsontleding: "...the investigator works with the frequency of occurrence of certain content characteristics".

Ander opvattinge van kwantitatief met betrekking tot inhoudsontleding is minder begrens as bogenoemde. Kaplan en Goldsen (1968: 83) gooi kwantitatiewe inhoudsontleding oor die breë boeg van die toekenning van numeriese waardes aan inhoudseienskappe: "Content analysis aims at a classification of content in more precise numerical terms than is provided by impressionistic 'more or less' judgments of 'either - or'".

Nog 'n groep teoretici, onder wie Kracauer (1952) en George (1959. en 1976) verbreed inhoudsontleding tot kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe boodskapontleding. Die onderskeidings tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe inhouds-

ontleding kom duidelik na vore in die kwantitatiewe/kwalitatiewe-debat wat grotendeels wentel om die geldigheid van frekwentatiewe maatstawe.

As 'n ontleder die frekwentatiewe voorkoms van inhoudseienskappe as die basis van sy ontleding gebruik, gaan hy van twee belangrike veronderstellings uit, naamlik: "First he assumes that the frequency with which an attribute appears in messages is a valid indication of concern, focus of attention, intensity, value, importance, and so on. Second, he assumes that each unit of content, - word, theme, character, or item - should be given equal weight, permitting aggregation or direct comparison" (Holsti, 1969a: 122).

Dat hierdie twee veronderstellings die maneuvreerruimte van die ontleder ernstig aan bande kan lê, spreek vanself. Frekwentatiewe voorkoms mag in baie gevalle 'n geldige maatstaf vir bogemelde wees, maar in net soveel of meer gevalle kan ander maatstawe, kwantitatief sowel as kwalitatief, doeltreffender en geldiger wees. Kritici van hierdie benadering van inhoudsontleding wys daarop dat 'n enkele inhoudselement, en selfs die afwesigheid van 'n inhoudseienskap, besondere kwalitatiewe waarde kan hê; dermate dat die blote aanwesigheid of afwesigheid daarvan meer gewig kan dra as die relatiewe frekwensie van al die ander inhoudselemente saam (George, 1959 en 1976). In kwalitatiewe inhoudsontleding word onder meer hiervoor voorsiening gemaak.

Dit lê voor die hand dat inhoudselemente nie net in terme

van kwantiteite (hoeveelhede) beoordeel kan word nie, maar dat dit ook kwalitatiewe waarde kan hê. Kwalitatief belaaide inhoudselemente wat boonop kwalitatiewe oordele (byvoorbeeld in propaganda-analise) van die kodeerder vra, kan nouliks in 'n suiwer frekwentatiewe analise tot hul reg kom. 'n Ontleding wat ingestel is op die uiteenstelling van inhoudseienskappe in terme van hul kwaliteite (byvoorbeeld rigting en intensiteit) kan as 'n kwalitatiewe ontleding bestempel word.

Holsti (1969a: 11) verwerp, en tereg ook, die rigiede digotomie wat soms in die kwantitatiewe/kwalitatiewe-debat na vore kom. 'n Sinvoller benadering sou wees om albei op dieselfde kontinuum te plaas. Eensyds voorkom dit dat kwantitatiewe inhoudsontleding tot die frekwentatiewe voorkoms van inhoudseienskappe beperk word; andersyds maak dit ook voorsiening vir die kwantifisering van kwalitatiewe inhoudseienskappe. Geen ontleding is buitendien volkome kwantitatief nie, aangesien die ontleder self heelwat kwalitatiewe oordele moet vel. Afleidings wat op grond van die blote aanwesigheid of afwesigheid van inhoudseienskappe gemaak word, is ook "kwasi-kwantitatief": "...rather than counting frequencies the analysts have chosen to formulate nominal categories into which two scores are recorded - present or absent" (Holsti, 1969a: 10). Die ideaal behoort dus te wees om kwantitatiewe en kwalitatiewe boodskapontleding in 'n wisselwerkende verband aan te wend: "It is by moving back and forth between these approaches that the investigator is most likely to gain insight into the meaning of his data" (Pool, 1959: 192).

Kwantitatiewe inhoudsontleding en die kwantifisering van kwalitatiewe inhoudseienskappe hou besliste voordele vir die ontleder in. Noukeurigheid, betroubaarheid en die minimalisering van subjektiwiteit is enkele plusfaktore. Die aanwending van statistiese metodes om bevindings saaklik dog noukeurig op te som, is 'n ander voordeel. Dit kan op die beurt weer die gehalte van die afleidings bevorder, byvoorbeeld deur middel van statistiese toetse en tegnieke.

Dat die kwantifisering van inhoudseienskappe egter ook grense het, lê voor die hand. Die beswaar van sommige dat kwantitatiewe oorwegings in baie gevalle die keuse van die navorsingsprobleem bepaal, is nie ongegrond nie (Holsti, 1969a: 10). Derhalwe moet die ontleder hom oor die teoretiese relevansie van sy maatstawe vergewis, en nie bloot kwantifisering najaag nie.

2.3 EVALUATIVE ASSERTION ANALYSIS

Daar is onder punt 2.2.2.2 gestel dat die kodeerder in die geval van 'n kwalitatiewe inhoudsontleding belangrike kwalitatiewe oordele moet vel. Hierdie oordele behoort ook in terme van objektiwiteit, betroubaarheid en geldigheid geweeg te word. Ofskoon 'n grotendeels kwalitatiewe ontleding moontlik aan bogenoemde vereistes kan voldoen, kan die ontleder deur sy navorsingsontwerp 'n kwalitatiewe ontleding op 'n kwantitatiewe grondslag plaas en sodoende moontlik goeie waarborge vir objektiwiteit, betroubaarheid en geldigheid verkry. Wanneer die ontleder kodeerders gebruik, kan hy deur middel van sy koderingsinstruksies,

operasionele definisies en algemene riglyne die moontlikheid van subjektiwiteit in 'n groot mate tot homself beperk.

Die kodering van rigting en intensiteit in inhoudsontleding verg kwalitatiewe en persoonlike oordele van die kodeerder. Budd, Thorp en Donohew (1967: 50) en Holsti (1969a: 123) erken dat dié fasette dikwels die ingewikkeldste koderingsprobleme in inhoudsontleding oplewer, omdat die subjektiwiteitselement aan die kant van die kodeerder moeilik is om te beheer en die algehele uitskakeling daarvan onmoontlik is. In hierdie opsig lewer intensiteit meer en ingewikkelder probleme op as rigting, omdat die kodering van rigting in sommige gevalle met ondubbelsinnige en omvattende koderingsvoorskrifte in 'n groot mate tot blote klerklike werk gereduseer kan word; byvoorbeeld in die geval waar 'n kodeerder 'n ontledingseenheid in 'n stel van twee (positief-negatief) of drie (positief-neutraal-negatief) nominale kategorieë moet plaas (Budd, Thorp en Donohew, 1967: 50-52).

Die meting van intensiteit gaan 'n stap verder, naamlik die beoordeling van die graad/sterkte van die rigting, byvoorbeeld of 'n inhoudselement neutraal, ietwat, nogal of uiters positief/negatief is. Die ontleder kan in 'n sekere mate (afhangende van die aard van die probleem) intensiteitsoordele deur middel van koderingsvoorskrifte probeer kanaliseer, byvoorbeeld deur die gebruik van linguistiese intensiteitsindikatore soos volmaakte, uiters, waarskynlik, amper, ensovoorts. Dit lê egter voor die hand dat hierdie aanpassings slegs 'n gedeeltelike oplossing bied, en dat die kodeerder waarskynlik in die meeste gevalle 'n persoon-

like oordeel sal moet vel.

Die ontleder moet dus aanvaar dat oordele wat hy nie deur middel van koderingsreëls kan beheer nie, in 'n mindere of meerdere mate lewens- en wêreldbeskoulik gebonde sal wees. Hy kan egter met behulp van sy navorsingsontwerp sorg dat hierdie oordele spontaan, waar, opreg en eerlik geskied, met ander woorde dat die inhoud van die boodskap nie die opregtheid van die oordeel beïnvloed nie. Die navorsingsontwerp van evaluative assertion analysis is op die verwesenliking van dié oogmerk ingestel.

'n Verdere probleem in die meting van intensiteit is die kwessie van 'n doeltreffende meetmiddel. In hierdie opsig kan die geskiktheid van die frekwentatiewe voorkoms van inhoudselemente as 'n maatstaf vir intensiteit bevraagteken word (Holsti, 1969a: 123). Frekwensies kan wel 'n geldige aanduiding van rigting wees, byvoorbeeld die frekwensieverdeling van inhoudselemente in drie nominale rigtingskategorieë soos /positief/neutral/negatief/ (vergelyk in dié verband byvoorbeeld die onewewigtigheidskoëffisiënt van Janis en Fadner, 1968: 153-169). 'n Frekwensieverdeling op grond van hierdie kategorieë is nie noodwendig 'n geldige aanduiding van intensiteit nie, omdat elke inhoudselement as sodanig 'n besondere intensiteitswaarde kan hê. Die ontleder kan egter sy rigtingskategorieë aanpas om intensiteit te meet, byvoorbeeld /ietwat positief/nogal positief/uiters positief/ ensovoorts. Die frekwensietellings van sulke kategorieë kan dan as 'n maatstaf van intensiteit dien (Budd, Thorp en Donohew, 1967: 54-58).

Daar is ook ander betroubare metodes en tegnieke om intensiteit in inhoudsontleding te meet, byvoorbeeld die paarvergelykingstegniek van Thurstone en die Q-sorteringskaal-tegniek (Holsti, 1969a: 123; Nunnally, 1970: 433-434 en 446-459). Vir die doeleindes van hierdie studie het 'n "atomistiese" benadering (Holsti, 1969a: 124) tot die kodering van intensiteit, naamlik evaluative assertion analysis die geskikste metode geblyk te wees.

Met dié metode word intensiteit onafhanklik van frekwensies gemeet (Pool, 1959: 195). Dit is "atomisties" in die sin dat dit die boodskap in eenvoudige linguistiese konstruksies uiteenstel. Intensiteitswaardes word in terme van 'n sewe-punt-skaal aan bepaalde dele van die konstruksies (stellings) toegeken. Frekwensies speel alleenlik 'n rol in ~~soverre~~ dit volgens skaalindelings gekategoriseer kan word.

Evaluative assertion analysis meet die rigting en intensiteit van elke evaluatiewe stelling wat 'n bron/kommunikator oor gesinheidsobjekte (mense, instellings, ideologieë, ensovoorts) maak: "It begins with a sample of 'raw' messages and ends up with an evaluative scaling of attitude objects as used in these messages" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 47). Bogemelde vind noue aansluiting by 'n oogmerk van hierdie studie, naamlik die bepaling van die rigting en intensiteit waarmee enkele voorafgeselekteerde gesinheidsobjekte op 'n goed/sleg-dimensie (moreel gesproke) in beriggewing oor die Biko-aangeleentheid in The New York Times geëvalueer word.

Die meting van evaluasies deur hierdie metode hou ook

implikasies vir inhoudsontleding as 'n middel vir gesindheidsnavorsing in. Op grond van Osgood (1967) se mediasiehipotese oor die aanleer van tekens ("signs") en toegeskrewe tekens ("assigns"), en die evaluatiewe faktor in menslike semantiese oordele wat Osgood, Suci en Tannenbaum (1957) in hul navorsing oor konnotatiewe betekenis deur middel van die Semantiese Differensiaal blootgelê het, kan evaluative assertion analysis onder bepaalde omstandighede gesindhede van die kommunikator en selfs die ontvanger in terme van rigting en intensiteit geldig meet (Osgood, 1959). Aangesien dié metode gebonde aan die representatiewe model (Osgood, 1959) in inhoudsontleding is, kan afleidings omtrent die kommunikator en ontvanger net op grond van die gemanifesteerde inhoud gemaak word: "It must be kept in mind that this is a method for getting at the evaluations explicitly being made in the message itself; it tells the analyst what the message per se says, not what the source may have really intended" (Osgood, 1959: 52).

In die mate dat die gemanifesteerde boodskap dus verteenwoordigend van byvoorbeeld die kommunikator se werklike gesindhede jeens 'n gesindheidsobjek is, kan evaluative assertion analysis 'n geldige indeks van die rigting en intensiteit van gesindhede wees. In die geval van 'n kommunikator met bedekte motiewe, of iemand wat onder druk verkeer om nie sy werklike gesindhede weer te gee nie, word die doeltreffendheid van hierdie metode as 'n gesindhedsmetmiddel drasties verlaag. So kan 'n mens wonder en bespiegel of Joseph Lelyveld se uitsetting in 1966 nie soos 'n swaard bo die kop van John Burns gehang het nie, en dat dit moontlik beperkend op die werklike weergawe van sy gesind-

heid jeens die gekose gesindheidsobjekte ingewerk het.

Soos reeds aangetoon, word evaluative assertion analysis egter as geskik en doeltreffend vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar. Vervolgens kan dié metode in terme van die vereistes onder punt 2.2.2 geweeg word.

2.3.1 Sistematies

Evaluative assertion analysis is wesenlik 'n psigo-linguistiese vorm van inhoudsontleding. Dit is ontwikkel as 'n metode "with which one can ascertain the direction and intensity of the source's attitudes toward things mentioned often enough in communications content" (Osgood, 1959: 37).

Ondanks die beperkinge van die representatiewe model word die toepassing van die metode geïntegreer met 'n stewige daargestelde teoretiese onderbou. In 'n psigo-linguistiese verband word die metode gesteun deur Osgood se mediasie-hipotese (Osgood, 1959 en 1967; Westley e.a., 1963: 526), die sentraliteit van die evaluatiewe dimensie in gesindhede (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957; Freedman, Carlsmith en Sears, 1974), die beginsel van kongruensie in gesindhedsvorming en -verandering (Osgood en Tannenbaum, 1965; Zajonc, 1970; Sahin, 1973), en sekere linguistiese beginsels (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956; Osgood, 1959). Dit spreek dus vanself dat die doeltreffendheid van evaluative assertion analysis as 'n instrument in gesindhedsnavorsing verhoog kan word as dit saam met ander metodes aangewend word.

Die toepassing van evaluative assertion analysis word gebaseer op vier aannames wat noue aansluiting by bogenoemde vind (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 47-48). Dié aannames, wat die koderingsfases van die metode weer- spieël, is soos volg:

* In 'n boodskap kan gesindheidsobjekte (GO's) onderskei word van tekens (woorde, terme, konsepte, ensovoorts) wat 'n gemeenskaplike betekenis vir alle redelik ontwikkelde gebruikers van 'n taal het.

Gesindheidsobjekte kan beskou word as tekens ten opsigte waarvan die evaluatiewe beduidendheid sal varieer na gelang van die personale agtergrond van die waarnemer: "Attitude objects (AO) are signs whose evaluative meanings vary extremely with the person producing or receiving them" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 49). Onder gesindheids-objekte kan byvoorbeeld die volgende ingesluit word: AMERIKA, P.W. BOTHA, APARTHEID, KONSTELLASIE VAN STATE, ensovoorts.

Tekens van gemeenskaplike betekenis (TGB), daarenteen, "are signs whose evaluative meanings vary minimally with the person producing or receiving them, e.g. signs upon whose meanings users of a common language have to agree in order to communicate" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 49). Opsigselfstaande (afgesien van situasionele en kontekstuele faktore) is WREED en WAARHEID byvoorbeeld tekens wat vir alle psigologies normale mense ongeveer dieselfde evaluatiewe betekenis behoort te hê. Dit is in geen taal 'n kompliment om vir iemand te sê hy is WREED

nie, ongeag die geldigheid van die stelling of die situasie.

* Redelik ontwikkelde gebruikers van 'n taal is in staat om betroubaar en geldig te besluit of twee alternatiewe sinskonstruksies gelyk of ongelyk in betekenis is.

'n Kodeerder behoort byvoorbeeld te kan oordeel of twee konstruksies soos /X/is/wreed/ en /X/is/'n skurk/ 'n geldige weergawe is van die evaluatiewe betekenisvolheid van DIE WREDE X IS 'N SKURK (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 47). Die belangrikheid van hierdie aanname kom duidelik na vore in die uiteenstelling van die boodskap in stellings.

* Redelik ontwikkelde gebruikers van 'n taal behoort in 'n bevredigende mate ooreen te stem met betrekking tot die rigting en intensiteit van stellings (dit wil sê ten opsigte van die werkwoorde).

Die volgende voorbeelde illustreer dié aanname: /X/is(nie)/Y/ dui op definitiewe assosiasie (dissosiasie) tussen X en Y. /X/is waarskynlik(nie)/Y/ en /X/is moontlik(nie)/Y/ dui op 'n dalende graad van assosiasie (dissosiasie). Hierdie aanname geld ten opsigte van die kodering van die rigting en intensiteit van die werkwoorde.

* Redelik ontwikkelde gebruikers van 'n taal behoort in 'n bevredigende mate saam te stem oor die rigting en mate van evaluatiewe betekenis van tekens van gemeenskaplike betekenis.

Byvoorbeeld: /X/koop/'n tafel/ het as sodanig geen evaluatiewe waarde nie; /X/is/slordig/ het minder negatiewe evaluatiewe waarde as byvoorbeeld /X/is/'n moordenaar/. Dié aanname kom ter sprake in die kodering van rigting en intensiteit van evaluatiewe materiaal. Die hoë betroubaarheid waarmee evaluative assertion analysis toegepas kan word, is 'n aanduiding van die geldigheid van hierdie aannames, ondanks probleme om formele definisies op te stel vir die koderingsreëls wat aan hierdie aanname verbind is. Hierdie aannames lê ook aan die wortel van die metode se planmatige navorsingsontwerp wat sistematiese werkswyse in die hand werk en die kontrolering van gegewens moontlik maak. In 'n ongewysigde vorm kan hierdie metode in vier fases verdeel word. Die ideaal is dat elke fase deur 'n ander stel kodeerders behartig word, maar 'n enkele kodeerder kan ook al die fases verrig as hy die nodige betroubaarheidstoetse uitvoer. Opsommenderwys sien die vier fases soos volg daaruit: Fase een behels die identifikasie van gesindheidsobjekte waarna dit deur middel van arbitrêre en betekenislose simbole gemaskeer word. In fase twee word die evaluatiewe materiaal uit die gemaskeerde boodskappe geabstraheer en in stellings oorgeskryf. Fase drie behels die toekenning van rigting en intensiteit aan die werkwoorde en evaluatiewe materiaal van die stellings. In die laaste fase word 'n gemiddelde evaluatiewe punt vir elke gesindheidsobjek bereken. Daarna kan al die geanaliseerde gesindheidsobjekte grafies op 'n gemeenskaplike evaluatiewe skaal voorgestel word.

2.3.2 Objektief

Daar is reeds gestel dat die ontleder subjektiwiteit aan die kant van die kodeerders moet minimaliseer in die sin dat hy dit grotendeels tot die vertolking van die resultate behoort te beperk. Deur sy navorsingsontwerp kan die ontleder 'n positiewe bydrae in hierdie verband lewer.

In die kodering van rigting en intensiteit in evaluative assertion analysis kom die kodeerder weens die maskering van gesindheidsobjekte voor betekenislose simbole te staan. Die doel met die maskering is om die boodskap sinneloos ten opsigte van WIE, WAT en WAAR te maak. Waarop dit dus neerkom, is dat die kodeerder in die abstrahering van evaluatiewe materiaal (fase twee) en die kodering van rigting en intensiteit (fase drie) waarskynlik nie deur die werklike gesindheidsobjekte beïnvloed kan word nie, omdat hy nie weet wie of wat dit is nie: "The general purpose is to substitute arbitrary and hence meaningless symbols for everything in the message which could elicit specific attitudinal reactions from a subsequent reader" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 55).

Die implikasies hiervan is duidelik. Die kodeerder konsentreer slegs op die werkwoorde en evaluatiewe materiaal. Betreffende die werkwoorde volg hy 'n stel algemene riglyne, en ten opsigte van die evaluatiewe materiaal is hy feitlik algeheel op sy persoonlike oordele aangewese.

Die isolering van die gesindheidsobjek is inderdaad moontlik; derhalwe behoort dit nie die waarneming van die kodeerder te beïnvloed nie, en word hy in staat gestel om onbelemmerd spontane, opregte en eerlike persoonlike

oordele oor die rigting en intensiteit van werkwoorde en evaluatiewe materiaal te vel. In hierdie opsig is die vermindering van subjektiwiteit aan die kant van die kodeerder nie 'n wesenlike probleem nie.

Die minimalisering van kulturele invloede betreffende die resultate as sodanig is egter 'n ingewikkelder probleem. In die mate dat mense uit verskillende kulture saam sal stem oor die waarde van evaluatiewe tekens, in dieselfde mate sal evaluative assertion analysis kultureel gekleurd wees. 'n Mens kan ook aanneem dat die kodering van intensiteit in dié verband die vatbaarste vir kulturele invloed sal wees, aangesien interkulturele kommunikasie nouliks kan plaasvind as daar nie ten minste eenstemmigheid oor die rigting van evaluatiewe tekens is nie. Geen normale mens in enige kultuur behoort hom daarop te beroem dat hy wreed, oneerlik, moorddadig, sadisties, onregverdig, ensovoorts is nie. Kulturele verskille kan egter daartoe aanleiding gee dat mense oor die intensiteit van hierdie negatiewe evaluatiewe tekens verskil. In die abstrahering van evaluatiewe materiaal kan die personale agtergrond van die kodeerder ook 'n rol speel deurdat hy sommige tekens met moreel goed-sleg vereenselwig, terwyl 'n ander kodeerder met 'n ander personale agtergrond dit nie doen nie; byvoorbeeld 'n konserwatiewe Afrikaner en 'n hedendaagse Iraniër oor die begrip revolusie.

Ofskoon die ontleder kan sorg dra dat die kodeerder nie deur die gesindheidsobjek in sy oordele beïnvloed word nie, moet hy aanvaar dat die oordele opsigselfstaande in een of ander mate lewens- en wêreldbeskoulik gebonde sal

wees. Selfs al onttrek die ontleder die mees ooglopende kultuurgebonde begrippe, sal dit nog nie 'n finale antwoord bied nie.

2.3.3. Betroubaar

Betroubaarheid veronderstel nie noodwendig objektiwiteit nie, maar in evaluative assertion analysis is daar wat die kodering van die materiaal betref, 'n noue verband tussen die twee. Aangesien die ontleder in hierdie studie tot voor die beoordeling van evaluatiewe terme self die kodering behartig het, het hy hom op betroubaarheidstoetse verlaat om die konsekwentheid van sy eie kodering te kontroleer, met ander woorde of hy, ondanks sy kennis van die gesinheidsobjekte, min of meer dieselfde resultate sou kry indien hy wel kodeerders gebruik het.

Hoë betroubaarheid in 'n ondersoek beteken dat die meetmiddel konsekwent (stabiel) en akkuraat gemeet het. Betroubaarheidstoetse is 'n goeie aanduiding hiervan. Die daarstelling van bevredigende betroubaarheid hang af van onder meer die volgende faktore: aard van die probleem, doeltreffendheid van die meetmiddel, ondubbelsinnigheid en omvattendheid van die koderingsvoorskrifte, en die opleidingspeil van die kodeerders.

Vanweë die besondere eise wat aan kodeerders gestel word, speel deeglike opleiding 'n deurslaggewende rol in evaluative assertion analysis; byvoorbeeld, slegs ten opsigte van die skrywe van stellings in fase twee is daar 30 koderingsreëls. Uit hoofde van die omvattendheid, duidede-

likheid en ondubbelsinnigheid van die koderingsinstruksies van hierdie metode, asook die geldigheid van die aannames waarop dit berus, kan onbevredigende betroubaarheid in 'n groot mate aan swak opgeleide kodeerders toegeskryf word.

Elke fase van evaluative assertion analysis kan vir betroubaarheid getoets word (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956). Holsti (1969b: 356) meen dat die aard van die metode hoë betroubaarheid in die hand werk: "Because this method first reduces the sentence into its component parts and it specifies which elements of the sentence are to be scored, it can be used with a high degree of reliability". Sahin (1973: 688) het in sy ontleding ook al die kodeerwerk alleen gedoen. Hy het slegs in fase twee 'n betroubaarheids-toets uitgevoer: "The nature and operations in other stages and their known high reliabilities made such a check unnecessary for them".

2.3.4. Geldig

Die vergelyking van die finale evaluatiewe skaalposisies van die gesindheidsobjekte met 'n geheelbeeld van hul behandeling in die oorspronklike boodskap kan 'n aanduiding van voorkomsgeldigheid verskaf.

Konstruktiewe geldigheid vereis die inagneming van die bousel met betrekking tot die verskynsel wat ondersoek word, asook die teoretiese onderbou van die metode. In hierdie verband is die beperkings van evaluative assertion analysis as synde gegrond op die representatiewe model, reeds behandel.

Deur die kongruensiebeginsel toe te pas, kan bouselgeldigheid in 'n sekere mate getoets word: "Granted one assumption - that sources are always internally congruent - this would provide us with a perfect check on the validity of the entire process of evaluative assertion analysis. Since this assumption of perfect internal consistency on the part of the source is rarely met (and decreasingly, we suspect, as the source becomes ambivalent about certain AO's), we have only a partial check" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 98). Die kongruensietoets (pp. 98-99) bied 'n indeks van inkongruensie waarvan die oorsake tweërlei kan wees, naamlik 'n ambivalente bron of 'n koderingsfout.

2.3.5 Bruikbaar

Ofskoon die metode deeglik, ondubbelsinnig en rigoristies is, het dit onder meer die swakpunt dat dit baie tyd en arbeid verg. Dit geld ten opsigte van die opleiding van kodeerders asook die kodering self. De Koning (1979) het byvoorbeeld twaalf uur aan die opleiding van 'n stel kodeerders bestee. Volgens Osgood (1959) het drie stelling opgeleide kodeerders (een stel maskeer, 'n ander abstraheer, en 'n derde ken rigting en intensiteit toe) in sy navorsing een uur kodeertyd per 133 woorde bestee: "...what this method gains in rigor and explicitness it loses in terms of laboriousness". Holsti (1969b: 357) beklemtoon ook hierdie probleem: "...the method is too laborious to be used for large volumes of data, and it is uneconomical if one's research requires only gross measures of attitudes (for example, pro or con)".

Deur deeglik oor die navorsingsontwerp van sy eie probleem te besin, kan die ontleder die bruikbaarheidskoste van evaluative assertion analysis verlaag. Hy kan byvoorbeeld besluit om slegs 'n paar voorafgeselekteerde gesindheidsobjekte te ontleed (Sahin, 1973), of om die oorspronklike metode ooreenkomstig sy navorsingsprobleem te wysig en aan te pas (Westley e.a., 1963; Lynch en Effendi, 1964; Holsti, 1967; De Koning, 1979). Holsti (1969b: 355-380) het ook dié metode as basis gebruik vir die ontwikkeling van 'n gerekenariseerde inhoudsontleding om gesindhede te meet.

Daar is reeds aangetoon hoekom evaluative assertion analysis as 'n geskikte metode vir die doeleindes van hierdie studie beskou word. Die probleem van die meting van rigting en intensiteit in inhoudsontleding is egter so omvangryk en ingewikkeld dat 'n enkele beste metode nie moontlik is nie. Veral in gesindheidsnavorsing kan intensiteit saamgesteld, akkumulatief, en kontekstueel en situasioneel gebonde wees, en in hierdie opsig kan metodes wat op die lees van die representatiewe model geskoei is, ernstige leemtes hê. Vir 'n inhoudsbeskrywende analise soos hierdie, word evaluative assertion analysis egter as 'n geskikte en doeltreffende maatstaf van die rigting en intensiteit van evaluasies bestempel.

2.4 SAMEVATTING

Die doel van hierdie hoofstuk was om evaluative assertion analysis binne die konteks van inhoudsontleding as 'n wetenskaplike metode te beoordeel. In hierdie opsig is daar na die sterk punte sowel as die beperkinge van dié metode

gekyk. Deeglikheid, noukeurigheid en betroubaarheid is onder meer gunstige kenmerke van evaluative assertion analysis, terwyl dié vorm van inhoudsontleding se gebondenheid aan die representatiewe model en sy ondoeltreffendheid ten opsigte van instrumentele kommunikasie ernstige swakhede is.

Evaluative assertion analysis word uit hoofde van die volgende redes as 'n geskikte metode van ondersoek vir die doeleindes van hierdie studie bestempel: (a) dit is 'n doeltreffende en geskikte metode om die rigting en intensiteit van evaluatiewe stellings te meet; (b) aangesien die evaluatiewe dimensie van die boodskappe op 'n atomistiese wyse uiteengestel word, verkry 'n mens beter insig in die minder opvallende aspekte van die evaluatiewe inhoud. Dit moet ook in gedagte gehou word dat hierdie ontleding 'n inhoudsbeskrywende ontleding is, wat die kwessie van representatiewe of instrumentele kommunikasie irrelevant maak.

Vervolgens kan die toepassing van evaluative assertion analysis ten opsigte van die ses gesindheidsobjekte aan die orde gestel word.

METODE

3.1 INLEIDING

Daar is in die vorige hoofstuk verwys na die nadeel van frekwensies as 'n geldige en betroubare weerspieëling van rigting en intensiteit in inhoudsontleding. Daar is ook aangetoon hoekom evaluative assertion analysis, wat nie afhanklik van frekwensies is nie, as 'n geskikte en doeltreffende maatstaf van rigting en intensiteit vir die doeleindes van hierdie ondersoek bestempel word. Hierdie hoofstuk word in opvolging van bogenoemde gewy aan die operasionalisering van evaluasie in terme van die gestelde navorsingsoogmerke.

Die navorsingsontwerp in hierdie verband sentreer in 'n belangrike mate om die daarstelling van operasionele definisies vir evaluasie en assosiasie/dissosiasie. In hierdie studie word evaluasie, wat verskeie dimensies kan hê (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957: 70-71), beperk tot die waardebeoordeling van gesindheidsobjekte in terme van moreel goed of sleg. Die operasionalisering hiervan geskied op grond van die mate waarin 'n gesindheidsobjek met twee definitiewe teenoorgestelde "moreel-evaluatiewe" gesindheidsobjekte (byvoorbeeld ENGEL teenoor DUIWEL) geassosieer of gedissosieer kan word (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 60-61). Navorsing oor menslike semantiese oordele (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957) en die

kongruensiebeginsel in gesindheidsvorming (Osgood en Tannenbaum, 1965) lê onder meer die operasionalisering van bogenoemde ten grondslag - wat in die bespreking van die toepassing van die metode na vore sal kom.

Hierdie ontleding is wesentlik op die lees van evaluative assertion analysis geskoei. 'n Enkele kodeerder, die ontleder, het al die kodeerwerk, behalwe die toekenning van rigting en intensiteit aan evaluatiewe materiaal, behartig. Die betroubaarheid van sy kodering is met behulp van meer as een stel kodeerders getoets. Opsommenderwys het die betroubaarheidstoetse uit die volgende bestaan: een stel kodeerders is gebruik om die betroubaarheid van die maskering te toets, twee (ander) kodeerders het die konsekwentheid van die abstrahering van evaluatiewe materiaal getoets, terwyl hierdie twee kodeerders saam met twaalf ander en die ontleder rigting en intensiteit aan die evaluatiewe materiaal toegeken het.

Indien die beskikbaarheid van ervare en goedopgeleide kodeerders (en geld) nie 'n probleem is nie, kan die navorsingsontwerp van evaluative assertion analysis vereenvoudig word (vergelyk in dié verband byvoorbeeld: Westley e.a., 1963; Lynch en Effendi, 1964). 'n Enkele stel kodeerders kan byvoorbeeld fases een en twee behartig, waarna 'n nuwe stel kodeerders die res doen. Evaluative assertion analysis verg baie tyd en arbeid, wat 'n besondere probleem kan oplewer as voltydse studente as kodeerders gebruik word, selfs al word relatief klein steekproewe in betroubaarheidstoetse gebruik. In hierdie opsig is dit veral fase twee wat besondere eise aan die kodeerder stel - vanweë

die uitgebreide en redelik komplekse koderingsreëls. Nie alleen neem die werklike kodering baie tyd in beslag nie, maar ook die opleiding van kodeerders. Derhalwe is die volgende arbeidsverdeling ten opsigte van die betroubaarheidstoetse gedoen: voorgaadse studente is in fase een gebruik, terwyl twee nagraadse studente fase twee behartig het. Omdat die twee kodeerders van fase twee ook in fase drie gebruik is, was dit noodsaaklik om hulle van die oorspronklike materiaal te isoleer, en hulle kon dus nie in fase een gebruik word nie. Die beskikbaarheid van kodeerders vir fase drie het die ontleder genoop om hierdie twee kodeerders weer eens te gebruik.

Vervolgens kan daar in meer besonderhede gekyk word na die reëls en riglyne wat die ontleder en die kodeerders in die uiteenstelling van die boodskappe gevolg het.

3.2 UNIVERSUM

Alle berigte in The New York Times wat gedurende 'n periode van drie maande oor die Biko-aangeleentheid gehandel het, is vir dié ontleding in berekening gebring. In die periode 14 September 1977 (twee dae ná sy dood) tot 12 Desember 1977 (sowat 'n week ná die afhandeling van die geregtelike ondersoek) is 38 berigte oor dié voorval verkry. Slegs berigte wat die Biko-aangeleentheid as hooftema gehad het, is vir ontledingsdoeleindes gebruik. Berigte wat byvoorbeeld betrekking gehad het op die Regering se optrede in Oktober 1977, en waarin daar moontlik na Biko verwys kon word, is buite rekening gelaat.

Die gekose periode dek onder meer die reaksie op Biko se dood sowel as die reaksie op die geregtelike ondersoek. Die intensiteit van beriggewing oor Biko het oënskynlik skerp ná die uitslag van die ondersoek afgeneem (RSA, Department of Information, 1978). Volgens Brown (1978) het daar vóór Biko se dood slegs 'n enkele berig oor hom in The New York Times verskyn, naamlik in September 1976.

Die data-afdeling van die destydse Departement van Inligting (nou die Inligtingsdiens van Suid-Afrika) het 34 van die berigte aan die ontleder beskikbaar gestel, terwyl laasgenoemde self die res in 'n kontrole-ondersoek van The New York Times se uitgawes in die Staatsbiblioteek in Pretoria opgespoor het. Hierdie vorm van kontrole is noodsaak weens die gebrek aan 'n indeks van dié koerant. Die berigte is numeriese kodes toegeken op grond van die pare-kombinasies van twee dobbelsteentjies met verskillende kleure, byvoorbeeld 11, 12...16, 21, 22...26, 31, 32...36...66. Hierdie stelsel het steekproefneming met behulp van die dobbelsteentjies vergemaklik.

Die verdeling van die berigte volgens skrywers sien soos volg daaruit:

| | |
|--------------|-----------|
| J. Burns | 26 |
| A. Lewis | 2 |
| S. Topping | 2 |
| J. Darnton | 1 |
| S. Biko | 1 |
| S. Kentrigde | 1 |
| Hoofartikels | 2 |
| Anoniem | 3 |
| | <u>38</u> |

John Burns is die amptelike korrespondent van The New York Times in die Republiek; Anthony Lewis is 'n rubriekskrywer; Seymour Topping het te midde van die stofwolke 'n onderhoud met mnr. Vorster gevoer; John Darnton is blykbaar aan The New York Times se buro in Kenia verbonde.

3.3 TOEPASSING

3.3.1 Maskering

Die identifisering van gesindheidsobjekte lewer in die reël nie praktiese probleme op nie, aangesien meeste gesindheidsobjekte selfstandige naamwoorde van die eienaam-klas is, byvoorbeeld BIKO, SUID-AFRIKA, ANC, ensovoorts.¹ Afhangende van die konteks kan ander selfstandige naamwoorde ook gesindheidsobjekte wees, byvoorbeeld REGERING en POLISIE in die geval van hierdie ontleding: "This means that at this first stage it is necessary for the coder to consider the context in identifying attitude objects" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 50).

Verbuigings van selfstandige naamwoorde kan ook gesindheidsobjekte wees, byvoorbeeld SUID-AFRIKAANSE rassiste. 'n Ampstitel kan ook identifiserend van die persoon wees, byvoorbeeld PREMIER as die berig oor mnr. Vorster sou gaan. Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 49-59) verskaf uitgebreide reëls in dié verband.

Dit is ook belangrik om die kodeerders in te lig dat gesindheidsobjekte opsigselfstaande nie evaluatief is nie, maar dat dit slegs evaluatief is in terme van die

bestaande gesindhede van die kommunikator en ontvanger van die boodskap. MOORDENAAR as sodanig wys heen na iets sleg (negatief); maar KOMMUNIS het slegs by sommige mense 'n negatiewe konnotasie.

Ná identifisering volg die maskering van gesindhedsobjekte deur middel van arbitrêre betekenislose simbole; byvoorbeeld /DIE POLISIE/is/wreed/ word /FI/is/wreed/. Die algemene reël wat in hierdie ontleding neergelê is, is om alle identifiserende materiaal te maskeer. 'n Groep van ses derdejaarstudente (opgedeel in drie pare) in Kommunikasieleer aan die Randse Afrikaanse Universiteit is gebruik om die betroubaarheid van die ontleder (kodeerder 1) se kodering in bogenoemde verband te toets. Nadat die studente vir sowat 'n uur opleiding in die identifisering en maskering van gesindhedsobjekte ontvang het, is hul resultate met die ontleder se resultate vergelyk. 'n Eenvoudige persentasie van ooreenstemming is op grond van die volgende formule bereken (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 58):

$$\frac{2(GO_{1,2})}{GO_1 + GO_2} \times 100$$

GO_1 = die totale aantal gesindhedsobjekte deur een paar gemaskeer;

GO_2 = die totale aantal gesindhedsobjekte deur 'n ander paar gemaskeer;

$GO_{1,2}$ = die aantal gemaskeerde gesindhedsobjekte ten opsigte waarvan die twee pare ooreengestem het.

Die volgende interkodeerder-ooreenstemmingspersentasies is op grond van dié formule verkry:

| | *1 | *2 | *3 |
|----|----|----|----|
| *2 | 90 | | |
| *3 | 82 | 87 | |
| *4 | 89 | 85 | 87 |

Die mediaan is 87 persent, en die gemiddelde afwyking rondom die mediaan is twee persent, wat op 'n geringe mate van verspreiding dui. Bogenelde word as 'n aanduiding van hoë betroubaarheid aanvaar.

3.3.2 Abstrahering

In fase twee word die gemaskeerde boodskappe in 'n reeks evaluatiewe stellings uiteengestel. Hierdie stellings moet ekwivalent in betekenis aan die oorspronklike boodskap wees (volgens aanname twee). Afhangende van die oogmerke van die analise, kan die ontleder óf al die evaluatiewe stellings ten opsigte van alle gesindheidsobjekte abstraheer, óf slegs die evaluatiewe stellings met betrekking tot voorafgeselekteerde gesindheidsobjekte onttrek - wat die geval in hierdie ontleding is.

3.3.2.1 Identifisering van evaluatiewe materiaal

In hul navorsing oor die konnotatiewe betekenis van tekens het Osgood, Suci en Tannenbaum (1957) deur middel van faktorontledings 'n dominante evaluatiewe dimensie in menslike semantiese oordele aangetoon. Die toepassing van

die Semantiese Differensiaal in interkulturele verband (Tubbs en Moss, 1977: 160) het bogemelde gestaaf, dermate dat die evaluatiewe faktor telkens die grootste persentasie van die algemene variansie in beslag geneem het. Die oorheersing van die evaluatiewe faktor is ook ten opsigte van verskeie konsepte en skale bevestig (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957: 31-75).


Die evaluatiewe faktor in menslike semantiese oordele kom wesentlik neer op die evaluering van 'n gegewe konsep of teken in terme van GOED of SLEG: "...how good versus bad a given concept seems to be" (Manis, 1966: 62). Faktorontledings van die data wat deur die Semantiese Differensiaal opgelewer is, toon ook dat die byvoeglike skaal GOED-SLEG deurgaans die hoogste ladinge op die evaluatiewe faktor behaal (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957: 31-75). Ander polêre byvoeglike skale wat ook hoë ladinge op hierdie faktor behaal, is byvoorbeeld EERLIK-ONEERLIK, REGVERDIG-ONREGVERDIG, SAGGEAARD-WREED, ensovoorts (vergelyk in dié verband byvoorbeeld Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 60-61; Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957: 36).

As 'n mens dus die evaluatiewe dimensie definieer op grond van die polêre terme GOED en SLEG, kan 'n praktiese toets daargestel word op grond waarvan die kodeerder kan bepaal of 'n teken van gemeenskaplike betekenis - dit kan enige ander woordsoort benewens byvoeglike naamwoorde insluit - 'n evaluatiewe lading het (kyk in dié verband weer na aanname een en vier). Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 60) definieer 'n teken van gemeenskaplike betekenis met 'n evaluatiewe lading (TGB^B) soos volg: "A common-meaning

element in a message is evaluative when it is closer in meaning to one pole of the evaluative dimension than the other".

In die meeste gevalle kan sulke oordele redelik maklik gevel word. WREED, MOORD, ONVERSKILLIG, SNERT, ensovoorts neig duidelik in die rigting van SLEG, terwyl WAARHEID, VREDE, EERLIK, NETJIES, ensovoorts weer aansluiting by GOED vind. As die kodeerder probleme ondervind kan hy die volgende eenvoudige toets vir evaluatiewe toepas (figuur 1): Vervang G en S met teenoorgestelde evaluatiewe gesindheidsobjekte, byvoorbeeld G = ENGEL, HELD, PREDIKANT, ensovoorts: S = DUIWEL, SKURK, SONDAAR, ensovoorts. In die x-ruimte word die probleemgeval geplaas, byvoorbeeld SLORDIG. Omdat dit meer waarskynlik is dat die DUIWEL slordig en die ENGEL netjies sal wees, is slordig waarskynlik 'n evaluatiewe teken. Indien die kodeerder meer "aardse" voorbeelde as gesindheidsobjekte gebruik, byvoorbeeld PREDIKANT en SONDAAR, is die kriterium passendheid en nie moontlikheid nie. 'n Slordige PREDIKANT is 'n moontlikheid, maar dit is meer passend om te sê dat die PREDIKANT netjies is. Om probleme in dié verband te voorkom kan die ontleder die kodeerders vra om slegs "bo-aardse" gesindheidsobjekte as voorbeelde te gebruik, bv. ENGEL/DUIWEL.

Sommige tekens is as sodanig evaluatief, maar evalueer nie die gesindheidsobjekte in enige morele sin nie: "Rather, they evaluate the AD (gesindheidsobjek) on some dimension other than moral, such as fortunate to unfortunate. In



many such cases we are dealing with cm (TGB^E) which describe states of mind or existence of individuals which, although they may be either fortunate or unfortunate, are states to which all people are liable. All people, good or bad in the moral sense, may be 'healthy' or 'sick', 'alive' or 'dead', and 'angry', 'happy', or 'determined'..." (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 61). Die toets vir evaluatieweiteit is in hierdie opsig 'n nuttige en doeltreffende hulpmiddel vir die kodeerder, asook die riglyne en wenke van Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 60-61).

3.3.2.2 Die stellingskaart

Die geïdentifiseerde tekens van gemeenskaplike betekenis met 'n evaluatiewe lading (TGB^E) moet vervolgens teenoor die betrokke gesindheidsobjekte gestel word. Hiervoor word 'n

eenvoudige sinskonstruksie gebruik, naamlik /ONDERWERP/werkwoord/KOMPLEMENT/. Die gesindheidsobjek wat geëvalueer word, vul die plek van die onderwerp, terwyl 'n evaluatiewe teken die rol van die komplement kan vertolk, byvoorbeeld /DIE POLISIE/is/wreed/. 'n Ander soort stelling word ook in evaluative assertion analysis in berekening gebring, naamlik die assosiasie of dissosiasie van gesindheidsobjekte; byvoorbeeld /BIKO/ondersteun/ANC/, of /BIKO/haat/VORSTER/.² As 'n bron (kommunikator) dus om een of ander rede huiwerig is om 'n gesindheidsobjek regstreeks deur middel van evaluatiewe tekens te evalueer, kan hy dit op 'n subtieler manier doen deur die gesindheidsobjek met ander gesindheidsobjekte, wat hy meer regstreeks positief/negatief geëvalueer het, te assosieer/dissosieer (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 100).

Elke kodeerder skrywe die stelling direk in op 'n stellingskaart wat soos volg opgestel word:

| 1 BRON | 2 GO ₁ | 3 w | 4 waarde | 5 TGB ^e /GO ₂ | 6 waarde | 7 produk |
|-----------|----------------------|---------|-------------|--|-------------|-------------|
| AF | FI | is | | wreed | | |
| AD | AU | beskerm | | FI | | |
| | FI | ↔ | | AU | | |

Die bron is die vervaardiger van die stelling. 'n Mens kan hier tussen primêre en sekondêre bronne onderskei. 'n Primêre bron is byvoorbeeld die koerant wat 'n stelling in 'n hoofartikel maak, of dit kan enige joernalis in diens van die koerant wees, byvoorbeeld Burns, Lewis, Darnton, ensovoorts. Aan die verskillende primêre bronne is afsonderlik

arbitrêre simbole toegeken. Sekondêre bronne is bronne wat deur die primêre bronne aangehaal word.

Die gesindheidsobjek waaroor die stelling gemaak word, kom in kolom twee. Kolomme drie en vier word onderskeidelik vir die werkwoord en sy waarde (in terme van rigting en intensiteit) gereserveer. In kolom vyf word die evaluatiewe teken of die ander gesindheidsobjek geplaas. In die geval van die assosiasie/dissosiasie van twee gesindheidsobjekte moet die stelling onmiddellik herhaal word, maar omgekeerd deur middel van 'n resiprokale teken; byvoorbeeld /X/haat/Y/ word onmiddellik herskryf as /Y/ \rightleftharpoons /X/. Dit beteken nie dat Y ook vir X haat nie, maar /Y/word gehaat deur /X/. Die doel is oloot om Y in kolom twee te plaas sodat sy dissosiasie met X ook in berekening gebring kan word.

In die kolom naas kolom vyf word die evaluatiewe teken se waarde geplaas. Die berekende produk van kolomme vier en ses kom in kolom sewe.

Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 64-75) bied 'n omvattende stel koderingsreëls vir die uiteenstelling van die boodskap in bogenoemde stellingsvorme. Dié koderingsreëls sluit onder meer voorskrifte vir die behandeling van vrae, voorwaardelike stellings, ensovoorts in. Die grondliggende reël is egter dat "the assertion which translates some portion of the message should not change its meaning" (p. 64).

Daar is reeds genoem dat die evaluering van ses gesindheidsobjekte in hierdie ontleding ondersoek is. Die evaluering van STEVE BIKO (ZA) sluit ook die evaluering

van die organisasies waarin hy 'n leiersfiguur was, in: byvoorbeeld die swartbewussynsbeweging, SASO, BPC, SASM, ensovoorts. Die rede hiervoor is dat die evaluering van Steve Biko dikwels via die evaluering van hierdie bewegings geskied.³ Die ontleding van die REGERING (FD) behels regstreekse verwysings na die Regering asook stellings oor die owerheid, amptenare, kabinet, die staat, bestaande orde, Nasionale Party, kleurbeleid, wette, ensovoorts. Die gesindheidsobjek POLISIE (FI) verteenwoordig die Suid-Afrikaanse Polisie, Veiligheidspolisie, en polisie-amptenare wat by naam genoem word. Stellings oor mnr. KRUGER (AB), landdros PRINS (AU) en adv. KENTRIDGE (AV) behoeft nie verdere verduideliking nie.

Die geabstraheerde stellings van die ontleder is oor tien ewekansiggekose berigte met die stellings van twee honneursstudente in Kommunikasieleer aan die Randse Afrikaanse Universiteit vergelyk. Albei het hulself eers deeglik met die koderingsvoorskrifte en die toets vir evaluatieweiteit (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956) vergewis.⁴ Die gemiddelde persentasie van ooreenstemming tussen die drie kodeerders was 89,33 persent.⁵ Dit word as 'n betekenisvolle aanduiding van betroubare kodering aan die kant van die ondersoeker aanvaar.

3.3.3 Rigting en intensiteit

In fase drie gebruik die kodeerder 'n sewe-punt-skaal om rigting en intensiteit aan werkwoorde en evaluatiewe tekens (TGB^e) toe te ken. Dit is veral in hierdie fase

waar subjektiwiteit by die kodeerder 'n beduidende rol kan speel. Die kodeerder werk egter net met die stellingskaart en nie met die oorspronklike boodskap nie. Die ondersoeker wat drie stelle kodeerders kan bekostig, kan die derde stel slegs vir fase drie reserveer, wat "kontaminasie" met die oorspronklike boodskap heeltemal behoort uit te skakel.


3.3.3.1 Werkwoorde

In die stelling bepaal werkwoorde die assosiasie of dissosiasie tussen die onderwerp en die komplement. Werkwoorde het dus rigting, maar ook intensiteit, omdat die assosiasie/dissosiasie volkome, waarskynlik of moontlik kan wees. Die assosiasie/dissosiasie tussen onderwerp en komplement kan ook neutraal wees, byvoorbeeld in die geval van /X/vra/Y/.

3.3.3.1.1 Rigting

Assosiasie en dissosiasie het in bogemelde geval niks met evaluasie te doen nie. 'n Werkwoord, afgesien daarvan of hy 'n evaluatiewe lading het, is assosiatief (+) wanneer hy die onderwerp en komplement versoen, verbind, saamvoeg, harmoniseer, nader aanmekaar trek, ensovoorts. Sy rigting is dissosiatief (-) as dit die onderwerp en komplement skei, botsend maak, weg van mekaar trek, ensovoorts. Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 82) definieer assosiasie en dissosiasie soos volg: "A connector is associative when it is congruent (appropriate) between signs having the same evaluative direction; a connector is dissociative when it is congruent between signs having opposite evaluative

directions". Die kongruensiebeginsel betreffende gesindheidsvorming en -verandering (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957; Osgood en Tannenbaum, 1965; Zajonc, 1970; Wenburg en Wilmot, 1973) bied 'n assosiasie/dissosiasie-toets op grond waarvan die rigting van ietwat dubbelsinnige werkwoorde bepaal kan word. Dié beginsel, soos dit op evaluative assertion analysis van toepassing is, kom kortliks op die volgende neer: "...that in messages from a given source, favorable attitude objects should be associated with good common-meanings (and other favorable attitude objects) and dissociated from bad common-meanings (and unfavorable attitude objects), and vice versa for unfavorable attitude objects" (Osgood, Saporita en Nunnally, 1956: 98). Die beginsel word deur figuur 2 geïllustreer (Osgood, Saporita en Nunnally, 1956: 83):



Figuur 2

Die swaar vertikale lyn verteenwoordig die bipolarêre evaluatiewe dimensie (die toets vir evaluatieweiteit kan ook deur hierdie figuur geïllustreer word). G en S simboliseer GOED en SLEG. A en B verteenwoordig teenoorgestelde evaluatiewe gesindheidsobjekte, byvoorbeeld A = ENGEL en B = DUIWEL. Tekens van gemeenskaplike betekenis met positiewe en negatiewe evaluatiewe ladings word onderskeidelik aan x en y toegeken, byvoorbeeld x = waarheid en y = leuens (x en y kan ook onderskeidelik positiewe en negatiewe gesindheidsobjekte wees). Die volgende kongruente stellings kan op grond van hierdie voorbeeld verkry word (vergelyk dit teen die agtergrond van die definisie van assosiasie/dissosiasie):

- A (+) x = A (+) word geassosieer (+) met x (+): /A/praat/
die waarheid/
B (+) y = B (-) word geassosieer (+) met y (-): /B/vertel/
leuens/
A (-) y = A (+) word gedissosieer (-) met y (-): /A/vertel
nie/leuens/
B (-) x = B (-) word gedissosieer (-) met x (+): /B/praat
nie die/waarheid/

Prakties gesproke is die rigting van die meeste werkwoorde voor-die-hand-liggend, byvoorbeeld: is, is nie; het, het nie; kondoneer; verafsku; vermoor; haat; ondersteun; ensovoorts. Indien die kodeerder voor dubbelsinnige werkwoorde te staan kom, kan hy in die geval van /GO₁/w/TGB^E/-stellings (byvoorbeeld /X/versprei/pornografie/) A en B met polêre evaluatiewe gesindheidsobjekte vervang en dan die kongruensiebeginsel toepas. In die geval van /GO₁/w/GO₂/-stellings (byvoorbeeld /X/arresteer/Y/) moet hy geskikte plaasver-

vangers vir A en B asook vir x en y in die figuur kry.

3.3.3.1.2 Intensiteit

Dit spreek vanself dat die assosiasie of dissosiasie tussen onderwerp en komplement relatiewe graadverskille kan toon. /X/is/wreed/, wat op volkome assosiasie tussen /X/ en /wreed/ dui, verskil in intensiteit van byvoorbeeld /X/is moontlik/wreed/, wat slegs op geringe assosiasie dui.

Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 84) erken dat dit baie moeilik is om formele reëls in dié verband op te stel. Sake word egter vir die kodeerder vergemaklik deurdat hy slegs drie moontlikhede na albei kante (+ en -) het. Die algemene riglyne wat bogenoemde outeurs (pp. 84-85) ten opsigte van wyduiteenlopende probleem-situasies bied, is ook van groot nut. Die intensiteitskaal word soos volg ingedeel:

Figuur 3

| | | |
|----|--|-----------------------------|
| +3 | | volkome assosiasie |
| +2 | | waarskynlike assosiasie |
| +1 | | moontlike assosiasie |
| 0 | | geen assosiasie/dissosiasie |
| -1 | | moontlike dissosiasie |
| -2 | | waarskynlike dissosiasie |
| -3 | | volkome dissosiasie |

In 'n betroubaarheidstoets met 'n afgestudeerde oor al die stellings was die persentasie van verskille ten opsigte van rigting 1, 9 persent (hoofsaaklik as gevolg van dubbel-

sinnige werkwoorde) en 3,6 persent met betrekking tot intensiteit (hoofsaaklik weens die aanwesigheid van modale en ander werkwoorde wat nie volkome assosiatief/dissosiatief was nie).

3.3.3.2 Evaluatiewe tekens (TGB^E)

"Evaluators are signs upon the connotative (good-bad) meaning of which users of English must agree in order to communicate - exactly in terms of direction and at least roughly in terms of intensity" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 85).


3.3.3.2.1 Rigting

Om die konnotatiewe betekenis van 'n teken te operasionaliseer, het Osgood, Suci en Tannenbaum (1957) 'n multidimensionele semantiese ruimte veronderstel. Hierdie ruimte word gedefinieer deur soveel skale (op grond van die Semantiese Differensiaal) as wat daar faktore/dimensies in menslike semantiese oordele is. Die operasionele definisie van die konnotatiewe betekenis van 'n teken kom dus neer op daardie punt in die semantiese ruimte wat uitgestippel word deur 'n reeks (semantiese) differensiële oordele wat met behulp van die skale gevel word. Op grond hiervan kan evaluasie (of die gesindheid jeens 'n teken) opgevat word as "the projection of this point onto the single factor defined by good-bad" (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 86). Hierdie punt moet in 'n mindere of meerdere mate (afhangende van die teken) op die evaluatiewe kontinuum geprojekteer word, ongeag van die posisie van

die punt in die multidimensionele ruimte.

Figuur 4 stel hierdie evaluatiewe kontinuum voor (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 87). Die vertikale lyn stel die evaluatiewe faktor in menslike semantiese oordele voor. Die horisontale lyn verteenwoordig alle ander faktore "which are independent of, or unrelated to evaluation" (p. 86). Konsepte wat dus op hierdie lyn val (indien daar enige is) behoort dus zero-evaluatiewiteit te hê. Konsepte wat naby die horisontale lyn op die evaluatiewe as geleë is, is wesentlik nie-evaluatief, hetsy dit bokant (+) of onderkant (-) die horisontale lyn geleë is. Konsepte wat duidelik op die bokant of onderkant van die vertikale as geprojekteer word, word onderskeidelik plus of minus gekodeer.

Figuur 4



Die toets vir evaluatiewiteit bied weer eens 'n doeltreffende oplossing vir probleemgevalle, veral as die polêre evaluatiewe gesindheidsobjekte so ekstreem as moontlik gehou word, soos in die geval van ENGEL/DUIWEL of GEES/VLEES (Galasiërs 5).

3.3.3.2.2 Intensiteit

Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 85) erken dat die toekenning van intensiteit aan evaluatiewe tekens grootliks 'n semantiese probleem is, en dat daar min linguistiese riglyne in dié verband bestaan. Intensiteitsindikatore in die boodskap kan byvoorbeeld in hierdie opsig die persoonlike oordele aan die kant van die kodeerder kanaliseer, maar selfs in die geval waar 'n bron relatief baie van sulke indikatore (byvoorbeeld uiters wreed, vreeslik gaaf, bra oneerlik, ensovoorts) gebruik maak, kan die persoonlike oordele van die kodeerder nooit heeltemal uitgeskakel word nie. Derhalwe is dit beter om meer aandag aan die geldigheid van aanname vier te bestee. Toetse deur Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 89-90) met betrekking tot eenstemmigheid oor die intensiteit van evaluatiewe tekens (TGB^e) dui daarop dat "coding of this sort can be done with very considerable reliability" (p. 90), wat ook die geval met hierdie studie is (kyk bylaag A).

Met betrekking tot hierdie ontleding was die identiteit van die gekose gesindheidsobjekte bekend aan die ontleder, wat tot dusver die kodering van die vorige fases self waargeneem het. In 'n soortgelyke bedeling het Sahin (1973) uit hoofde van die "known reliabilities" van onder meer hierdie fase, ook die intensiteitskodering alleen behartig. Om waarborg vir betroubaarheid en die vermindering van subjektiwiteit te verkry, het hierdie ondersoeker egter besluit om sy oordeel oor die intensiteit van die geabstraheerde evaluatiewe tekens te integreer met die semantiese oordele van veertien ander persone wat nie kennis van die

oorspronklike boodskappe gedra het nie.

'n Lys van die geabstraheerde evaluatiewe tekens (147 in totaal) is aan elk van die persone (respondente) voorgelê. Die groep, almal Afrikaans, is saamgestel uit die twee kodeerders van fase twee, twaalf voorgraadse studente uit verskillende vakrigtings, en 'n dosent in Kommunikasieleer aan die RAU. Die lys is persoonlik met elke respondent behandel. Nie alleen kon die ondersoeker die belangstellingspeil van die respondent waarneem nie, maar hy kon ook in probleemgevalle die evaluatiewe teken in die regte perspektief stel. Om die konsekwentheid van oordele aan die kant van die respondent te toets, is sommige tekens meer as een keer gebruik.

Die respondent moes sy oordeel uitdruk in terme van 'n waarde op die sewe-punt-skaal (+3...0...-3). Op grond hiervan is 'n rekenkundige gemiddelde en 'n standaardafwyking vir elke teken bereken. Die gemiddelde evaluatiewe punte op grond van die vyftien response (veertien respondente en die ontleder) het die waardes vir kolom ses van die stellingskaart verskaf. Waar die bron van intensiteitsindikatore gebruik gemaak het, is die koderingsvoorskrifte van Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 89) gevolg: byvoorbeeld UITERS ONVERANTWOORDELIK is as -3 gekodeer, ongeag die gemiddelde evaluatiewe punt wat ONVERANTWOORDELIK behaal het.

'n Toets vir aanname vier is die mate van verspreiding van die response. Aangesien geeneen van die evaluatiewe terme 'n wisseling van rigting getoon het nie, maar sommige wel

neutrale response gehad het, is standaardafwykings op grond van die frekwensieverdeling van response in vier kategorieë (/0/+1/+2/+3/) bereken. Die resultate verskyn in bylaag A en dit word in die volgende hoofstuk bespreek.

3.3.4 Sommering

Ná voltooiing van fase drie beskik die ondersoeker oor 'n stellingskaart waarop waardes vir elke /GO₁/w/TGB^E/-stelling in kolomme vier en ses verskyn. Om 'n gemiddelde evaluatiewe punt per gesindheidsobjek op grond van hierdie stellings te verkry, moet die produk van kolomme vier en ses in die eerste plek bereken word. Daarna volg die sommering van elke gesindheidsobjek se produkte. Deur die som van elke gesindheidsobjek se produkte deur 3N te deel (Holsti, 1969: 125), word 'n gemiddelde evaluatiewe punt in terme van die sewe-punt-skaal verkry. Dié eenvoudige formule sien dus soos volg daaruit:

$$\text{Gemiddelde evaluatiewe punt per gesindheidsobjek} = \frac{\text{Som van die produkte van 'n GO}}{3N}$$

(N = aantal /GO₁/w/TGB^E/-stellings oor die gesindheidsobjek)

Bogenoemde word deur die volgende voorbeeld geïllustreer:

| BRON | GO ₁ | w | +3..-3 | TGB ^e | +3..-3 | PROD. |
|------|-----------------|----------------|--------|------------------|--------|-------|
| AT | MX | is | +3 | wreed | -3 | -9 |
| AT | MX | is waarskynlik | +2 | 'n sadis | -3 | -6 |
| AT | MX | is moontlik | +1 | 'n verraaier | -3 | -3 |

-18

-18

3(3)

= -2

Die volgende stap is om die oop ruimtes in kolom ses van die /GO₁/w/GO₂/-stellings in te vul. Al die gesindheidsobjekte wat ondersoek word, moet in hierdie stadium reeds 'n gemiddelde evaluatiewe punt (soos hierbo bereken) hê.⁶ Hierdie waardes word in kolom ses gebruik, byvoorbeeld (veronderstel GZ het 'n gemiddelde evaluatiewe punt - TGB^e-stellings - van +2 gekry):

| BRON | GO ₁ | w | +3..-3 | GO ₂ | +3..-3 | PROD. |
|------|-----------------|----------|--------|-----------------|--------|-------|
| AT | GZ | haat | -3 | MX | -2 | +6 |
| | MX | ⇌ | -3 | GZ | +2 | -6 |
| AT | GZ | verafsku | -3 | MX | -2 | +6 |
| | MX | ⇌ | -3 | GZ | +2 | -6 |

Die finale gemiddelde evaluatiewe waarde vir elke gesindheidsobjek word verkry deur die onderskeie gemiddeldes van die twee soorte stellings te sommer en deur twee te deel, byvoorbeeld:

$$\begin{aligned}
 MX &= \frac{(-2) + (-12/3 \times 2)}{2} \\
 &= -2
 \end{aligned}$$

$$\begin{aligned}
 GZ &= \frac{(+2) + (12/3 \times 2)}{2} \\
 &= +2
 \end{aligned}$$

Daar is 'n onderskeid getref tussen primêre en sekondêre bronne in die berekening van gemiddelde evaluatiewe punte vir die ses geselekteerde gesindheidsobjekte. Nie alleen bied dit interessante moontlikhede vir vergelykings nie, maar dit kan ook 'n aanduiding wees van die wyse waarop primêre bronne van sekondêre bronne gebruik maak. Sekondêre bronne is in twee kategorieë verdeel, naamlik "pro"-Biko en "anti"-Biko. Die kategorisering van 'n sekondêre bron in dié verband is gedoen op grond van sy oriëntasie ten opsigte van Biko en die Regering. Besluite hieroor het deurgaans nie probleme opgelewer nie.

3.3.5 Konsekwentheidskontrole

Deur 'n verdere toepassing van die kongruensiebeginsel, soos beskryf in Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 98-99), kan die interne konsekwentheid van die hele ontleding getoets word. Dié toets ontbloot twee soorte inkongruensies, naamlik (a) inkongruente stellings as gevolg van koderingsfoute, en (b) inkongruensies weens 'n ambivalente bron.

Geen koderingsfoute is opgespoor nie, maar inkongruensies as gevolg van ambivalente bronne het veertien oor al die stellings bedra. Daar word in die volgende hoofstuk weer hierna verwys.

3.4 SAMEVATTING

Dit behoort na dese duidelik te wees waarom evaluative assertion analysis nie van frekwensies afhanklik is nie. 'n Gemiddelde evaluatiewe punt kan op grond van byvoorbeeld drie of 'n duisend stellings bereken word. Dit is egter waarskynliker dat verskille tussen kodeërders in die geval van laasgenoemde uitgeskakel sal word (Osgood, Saporita en Nunnally, 1956: 77-79). Die frekwentatiewe verdeling van response is 'n bysaak, hoewel dit waardevolle inligting oor die verspreiding van response betreffende die evaluatiewe materiaal kan verstrek.

Dit is die mening van hierdie ontleder dat evaluative assertion analysis 'n sistematiese, rigoristiese, deeglike en betroubare metode is, en dat hierdie eienskappe vir die arbeid en tydsbesteding daaraan verbonde vergoed. Dit is ook 'n buigsame metode wat by die besondere navorsingsoogmerke van die ontleder aangepas kan word, soos duidelik blyk uit die navorsing van Westley e.a. (1963), Lynch en Effendi (1964), Holsti (1967) en De Koning (1979).

VERWYSINGS

1. Ter wille van duidelikheid word koderingsvoorskrifte met voorbeelde in Afrikaans geïllustreer.
2. In kodevorm word hierdie twee soorte stellings sogs volg geskryf: /DIE POLISIE/is/wreed/ = /GO₁/w/TGB^E/; /BIKO/ondersteun/ANC/ = /GO₁/w/GO₂/.
3. Lees in dié verband byvoorbeeld die artikels van John Burns in The New York Times van 25 September 1977 en 9 Oktober 1977.
4. Daar is altesaam sowat ses uur aan die opleiding van die kodeerders bestee. Elkeen het ook oor 'n kopie van Osgood, Saporta en Nunnally (1956) beskik.
5. Die formule wat onder 3.3.1 bespreek is, is vir dié doeleindes gebruik.
6. Die minimum aantal TGB^E-stellings per GO₁ alvorens dit as 'n GO₂ in kolom 5 gebruik kan word, is 'op drie gestel (vergelyk in dié verband Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 95; Sahin, 1973: 688).

4.1 INLEIDING

Die oogmerk van hierdie studie is reeds in die inleidende hoofstuk uiteengesit, naamlik om ondersoek in te stel na die aard en inhoud van die evaluering van gesindheidsobjekte in beriggewing oor Steve Biko in The New York Times. Daar is reeds aangetoon dat die meting van evaluasie in terme van rigting en intensiteit in inhoudsontleding wel moontlik is, met ander woorde hoe positief of negatief word 'n gesindheidsobjek deur een of ander bron geëvalueer. In die vorige twee hoofstukke is 'n vorm van inhoudsontleding, evaluative assertion analysis, bespreek wat spesifiek op die meting van evaluasie ingestel is.

Die resultate wat deur evaluative assertion analysis opgelewer word, is slegs van toepassing op die evaluatiewe dimensie in menslike semantiese oordele, dit wil sê hoe goed of sleg (in 'n morele sin) 'n gesindheidsobjek deur 'n bron getakseer word. Die operasionalisering van evaluasie in hierdie opsig is die mate waarin 'n teken met een van twee moreel-evaluatiewe polêre gesindheidsobjekte geassosieer of gedissosieer kan word. Dié kriterium is dus die aangewese toets om te bepaal of 'n teken 'n evaluatiewe lading het.

In die bespreking en beoordeling van die resultate van

hierdie ontleding moet bogenoemde in gedagte gehou word. Die ondersoeker is terdeë daarvan bewus dat kwalitatiewe oordele ook oor die potensie, aktiwiteit, stabiliteit, ontvanklikheid, ensovoorts (Osgood, Suci en Tannenbaum, 1957) van 'n gesindheidsobjek gevel kan word, en dat 'n teken met 'n hoë faktorlading op een (of meer) van hierdie dimensies in semantiese oordele ook 'n hoë lading op die evaluatiewe faktor kan hê. Evaluative assertion analysis maak wel voorsiening om tekens wat betekenisvolle ladings op die evaluatiewe sowel as ander faktore het, in berekening te bring (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 60-61). Ter wille van die perspektiefstelling van die resultate in hierdie ontleding is dit in sommige gevalle noodsaaklik om na wesenlik nie-evaluatiewe (in die konteks van evaluative assertion analysis) kwalitatiewe oordele te verwys, byvoorbeeld die belangrikheid en invloed van Steve Biko, die bekwaamhede van adv. Kentridge, verdagmaking van landdros Prins, ensovoorts. Daar sal egter aangetoon word dat sulke oordele nie in berekening ten opsigte van die evaluatiewe punte gebring is nie.

Hoewel 'n onderskeid tussen primêre bronne, sekondêre "pro"-Biko-bronne en sekondêre "anti"-Biko-bronne uit hoofde van vergelykingsdoeleindes getref is, beteken dit nie dat hierdie bronne onafhanklik van mekaar beoordeel kan word nie. Laasgenoemde twee word immers om een of ander rede deur die primêre bronne aangewend. Ooreenkomste en/of verskille tussen hierdie bronne se evaluering van die gesindheidsobjekte kan moontlik aanduidings in hierdie verband verskaf.

4.2 RESULTATE

4.2.1 Stellings

Die Totaal van 524 evaluatiewe stellings (albei soorte) is ten opsigte van die ses uitgesoekte gesindheidsobjekte verkry. Die aantal TGB^e-stellings het 223 beloop. Die verdeling van die TGB^e-stellings met betrekking tot gesindheidsobjekte, en volgens primêre en sekondêre bronne, is soos volg:

Tabel 1

Verdeling van TGB^e-stellings

| GO | PB | SB-pro | SB-anti | TGB ^e |
|---------------|----|--------|---------|------------------|
| ZA (Biko) | 17 | 26 | 21 | 64 |
| FI (Polisie) | 33 | 46 | 4 | 83 |
| FD (Regering) | 31 | 8 | 6 | 45 |
| AV (Kentrige) | 3 | 4 | 3 | 10 |
| AB (Kruger) | 7 | 3 | 1 | 11 |
| AU (Prins) | 5 | 4 | 1 | 10 |
| | 96 | 91 | 36 | 223 |

Beriggewing oor Steve Biko in The New York Times kan volgens twee tydperke verdeel word. Die eerste tydperk (T_1), wat "bekendstelling" genoem kan word, strek van Biko se dood tot ongeveer die tweede week in Oktober 1977. Die tweede periode (T_2), die "hof"-tydperk, strek van middel-

Oktober tot middel-Desember 1977. Dié twee tydperke het onderskeidelik 48,6 en 51,4 persent van die TGB^E-stellings in beslag geneem. Hierdie persentasies verteenwoordig respektiewelik 16 en 22 berigte. T₁ en T₂ bevat onderskeidelik ses en sewe meningsartikels.

Die TGB^E-evaluering van Steve Biko en die Regering het veral in T₁ plaasgevind. 'n Mens kry byvoorbeeld 88,4 persent van die TGB^E-stellings oor Biko in hierdie periode. Die evaluering van Biko oorheers ook hierdie tydperk, naamlik 55,3 persent van die TGB^E-stellings, terwyl die Regering 17,9 persent in beslag geneem het. Op grond hiervan kan T₁ as 'n bekendstellingsperiode bestempel word, met ander woorde 'n tydperk waarin Biko aan die lesers van The New York Times bekend gestel is.

T₂ wentel om die geregtelike ondersoek waarin die Polisie, adv. Kentridge en landdros Prins die hoofrolle vertolk het. Negentig persent van die TGB^E-evaluering van die Polisie geskied in T₂, terwyl dié gesindheidsobjek 52,4 persent van die TGB^E-stellings van hierdie periode dek. Adv. Kentridge en landdros Prins word slegs in hierdie tydperk geëvalueer. Die evaluering van mnr. Kruger geskied oor albei tydperke.

Volgens tabel 1 het die Polisie, Biko en die Regering 86,0 persent van die totale aantal TGB^E-stellings (223) in beslag geneem, terwyl die res van die gesindheidsobjekte vir slegs 14 persent van die stellings verantwoordelik is. Die aard en inhoud van die twee tydperke, asook die besondere karakter van die gesindheidsobjekte, is waarskynlik in groot

mate vir dié toedrag van sake verantwoordelik. Daar moet ook in ag geneem word dat bogenoemde drie gesindheidsobjekte elk 'n redelik breë lading gedek het.

Die Polisie, Biko en die Regering het ook die prominentste ten opsigte van die /GO₁/w/GO₂/-stellings vertoon. Biko-Polisie het 51,8 persent van hierdie stellings opgeëis, en Biko-Regering 9,3 persent. Ander kombinasies van gesindheidsobjekte wat ook /GO₁/w/GO₂/-stellings in beslag geneem het, is die volgende: FI-FD (1,3 persent), AV-ZA (0,8), AV-FI (7,6), AV-FD (2,7), AB-ZA (5,6), AB-FI (5,3), AB-FD (1,0), AU-ZA (1,3), AU-FI (8,6), AU-FD (1,7), A'J-AV (3,0).

4.2.2 Intensiteit van evaluatiewe tekens (TGB^e)

Die 223 TGB^e-stellings het 147 onderliggende tekens van gemeenskaplike betekenis met 'n evaluatiewe lading, dit wil sê sommige tekens is meer as een keer gebruik. Hierdie tekens, tesame met hul gemiddeldes en standaardafwyking, word in bylaag A weergegee.

Dit is reeds gestel dat die aard van die verspreiding van response, soos dit uitgedruk kan word in terme van 'n standaardafwyking, 'n aanduiding van die geldigheid van aanname vier kan verskaf. In dié verband moet daar in die geval van hierdie ontleding op die volgende gelet word:

* Die laagste moontlike standaardafwyking, nul, word verkry as daar algehele ooreenstemming betreffende die rigting én intensiteit van 'n evaluatiewe teken is, met

ander woorde 'n "volkome" aanduiding van die geldigheid van aanneme vier. 'n Mens kan verwag dat só 'n aanduiding wel moontlik is in die geval van betreklik klein steekproewe en 'n homogene groep respondente. Namate die steekproef-grootte toeneem en 'n groter verskeidenheid personele agtergronde gedek word, behoort die kans vir algehele ooreenstemming ook af te neem. Daar kan egter van die veronderstelling uitgegaan word dat sommige evaluatiewe tekens in die algemeen duideliker (definitiewer) op of naby die evaluatiewe pole geprojekteer word, byvoorbeeld MOORD, SADISME, VERKRAGTER, ensovoorts. Kortom, hoe hoër die evaluatiewe lading van 'n teken as sodanig, hoe groter behoort die eenstemmigheid ten opsigte van sy intensiteit te wees.

* Vanaf nul kan die standaardafwyking van 'n TGB^e in hierdie ontleding styg tot 'n onrealistiese en uiters onwaarskynlike 3,10 - dit wil sê wanneer 7 (of 8) respondente 'n evaluatiewe teken +3 evalueer en 8 (of 7) dit -3 toeken.

* In die geval van 'n eweredige verspreiding van response oor vier kategorieë (0, en drie kategorieë met dieselfde rigting), is die hoogste moontlike standaardafwyking 1,19, wat geensins 'n positiewe aanduiding van aanneme vier betreffende die intensiteit van 'n evaluatiewe teken is nie.

* Die hoogste moontlike standaardafwyking ten opsigte van die vier kategorieë as sodanig is 1,50 - byvoorbeeld in die geval van /0=8/+1=0/+2=0/+3=7/, wat op 'n digotomiese verdeling van response dui.

* 'n Meer realistiese maatstaf vir vergelykingsdoeleindes is die standaardafwyking van 'n eweredige verspreiding van response oor drie kategorieë met dieselfde rigting. Betreffende hierdie ontleding lewer 'n verdeling van $\frac{+1=5}{+2=5}$ / $\frac{+3=5}{+3=5}$ 'n standaardafwyking van 0,85 op.

Evaluatiewe tekens met 'n standaardafwyking van nul in dié ontleding is byvoorbeeld SADISM (-3), MURDERER (-3), TYRANNY (-3), ensovoorts. Al die tekens met 'n 0-standaardafwyking val in die $\frac{+3}{+3}$ -kategorie, wat in ooreenstemming is met die aanname betreffende die nabyheid van tekens aan die evaluatiewe pole (vergelyk in dié opsig byvoorbeeld Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 85-89).

Volgens bylaag A het FREE SOCIETY (0,83), EVOLUTIONARY CHANGE (0,81), MADE HIMSELF IN THE WORLD STAND FOR DEAFNESS (0,77), REVOLUTIONARY ORGANIZATION (0,74) en RACIAL DISCRIMINATION die hoogste standaardafwykings behaal. Hierdie tekens se frekwensieverdeling van response lewer chi-kwadraattellings ($\chi^2 = 3$)[†] op wat kleiner is as die kritiese waarde op die 0,10-bedeutendheidspeil. Dit kom dus daarop neer dat wat hierdie tekens betref, daar nie 'n beduidende bondeling (groepering) van response op die vertikale as (goed/sleg-dimensie) van figuur 4 in die vorige hoofstuk is nie. Kortom, hierdie tekens se responsverdelings stem nie ooreen met aanname vier se intensiteitsfaset nie. Die redes hiervoor kan velerlei en wyduiteenlopend van aard wees, byvoorbeeld respondente met verskillende personale agtergronde (al die tekens behalwe ...DEAFNESS is op die oog af sterk lewens- en wêreldbeskoulik van aard), begripsprobleme aan die kant van die

respondente, toevalligheid, ensovoorts. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die response met betrekking tot hierdie tekens oor kategorieë met dieselfde rigting versprei is; met ander woorde daar is eenstemmigheid oor die rigting van die tekens, maar betekenisvolle verskille ten opsigte van hul intensiteit.

'n Tweede kategorie van tekens met redelik hoë standaardafwykings dek die volgende: PERSONALITY (0,70), DOUBTFUL ACCOUNT (0,70), RACIAL BIGOTRY (0,70) en DECEITFUL (0,68). Die chi-kwadraattellings ($\chi^2 = 3$) van dié tekens se responsverdeling is groter as die kritiese waarde op die 0,10-bedeutendheidspeil, maar kleiner as dié waarde van die 0,05-bedeutendheidspeil. Die res van die tekens se chi-kwadraattellings oorskry die kritiese waarde op die 0,05-bedeutendheidspeil, wat as 'n definitiewe neiging tot bondeling van response op die evaluatiewe dimensie vertolk kan word. Die aantal respondente (15) en die oënskynlike eendersheid van die groep kan onder meer hiervoor verantwoordelik wees.

Bogemelde bevestig Osgood, Saporta en Nunnally (1956: 90) se gevolgtrekking dat "coding of this sort can be done with very considerable reliability". Hierdie resultate dui verder daarop dat fase drie van evaluative assertion analysis in 'n bevredigende mate betroubaar deur 'n enkele kodeerder behartig kan word - soos in die geval van Sahin (1973) se ontleding van Turkse politieke nuus in The New York Times. Dit is egter noodsaaklik dat die kodeerder aan die vereistes van inhoudsontleding (hoofstuk 2) moet voldoen, en ook in ag moet neem dat sy resultate waarskynlik

slegs sal geld ten opsigte van mense wat min of meer die-selwde personale agtergrond as hy het.

4.2.3 Gemiddelde evaluatiewe tellings

Die gemiddelde evaluatiewe tellings van die gesindheids-objekte op grond van TGB^e- en /GO₁/w/GO₂/-tellings is soos volg:

Tabel 2

Gemiddelde evaluatiewe tellings

| GO | PB | SB-pro | SB-anti |
|---------------|-------|--------|---------|
| ZA (Biko) | +2,18 | +2,33 | -2,41 |
| FI (Polisie) | -2,08 | -2,27 | +0,89 |
| FD (Regering) | -2,20 | -2,38 | +2,51 |
| AV (Kentrige) | +2,09 | +2,48 | -2,35 |
| AB (Kruger) | -1,96 | -2,39 | _____* |
| AU (Prins) | -1,47 | -2,61 | _____* |

* Minder as 3 TGB^e-tellings.

Drie TGB^e-tellings is as 'n minimum gestel alvorens 'n gesindheidsobjek die rol van 'n GO₂ vir berekeningsdoel-eindes in fase vier kon vertolk (vergelyk in dié verband byvoorbeeld Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 95 - "In general, AO₁'s for which only a small number of cm evaluations are available should not be counted as AO₂'s in the final evaluation of other AO's"). Aangesien daar ten opsigte van mnr. Kruger sowel as landdros Prins slegs

een TGB^e-telling deur "anti"-Biko- sekondêre bronne verkry is, kon 'n finale evaluatiewe punt nie vir hulle bereken word nie. Hoewel evaluative assertion analysis nie van frekwensies afhanklik is nie, lê dit voor die hand dat die betroubaarheid en geldigheid van die finale evaluatiewe tellings verhoog word namate meer regstreekse evaluatiewe stellings oor die gesindheidsobjek gemaak word (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 79; Sahin, 1973).

Figuur 5 illustreer die evaluatiewe tellings van tabel 2 in terme van hul posisies op die sewe-punt-skaal.

4.3 BESPREKING


Evaluative assertion analysis bied 'n maatstaf van evaluasie deurdat dit die ligging van 'n stel gesindheidsobjekte op 'n gemeenskaplike skaal bepaal (Osgood, Saporta en Nunnally, 1956: 99). Dié vorm van inhoudsontleding verskaf dus 'n maatstaf op grond waarvan die ontleder kan oordeel hoe positief of negatief (of neutraal) 'n bron 'n gesindheidsobjek eksplisiet evalueer. Aangesien alle boodskappe van alle bronne aan dieselfde werkswyse onderwerp word, is dit dus moontlik om bronne en boodskappe regstreeks met mekaar te vergelyk.

In bogenoemde verband tref dit 'n mens met die eerste oogopslag van tabel twee dat die primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne deurgaans die gesindheidsobjekte in terme van dieselfde rigting geëvalueer het. Daarteenoor het eersgenoemde telkens van die sekondêre "anti"-Biko-bronne verskil. Dit weerspieël The New York Times se algemeen


Figuur 5

Skaalposities


PB



SB-pro



SB-anti



bekende gesindheid jeens die Suid-Afrikaanse Regering en die bestaande politieke bedeling in die Republiek. Dit sou inderdaad onrealisties wees om te verwag dat hierdie koerant kant sou kies teen diegene wat die Regering en sy instellings vir die dood van Steve Biko verantwoordelik gehou het.

Nog 'n opvallende eienskap van tabel 2 is dat evaluering van die gesindheidsobjekte deur sekondêre "pro"-Biko-bronne ten opsigte van elke gesindheidsobjek hoër (positiewer of negatiewer) is as evaluering deur primêre bronne. Dit kan moontlik toegeskryf word aan 'n doelbewuste poging van die primêre bronne om deur die aanwending van sekondêre bronne (waarmee eersgenoemde hulle assosieer) gesindheidsobjekte in 'n beter of swakker lig te stel. Deur die aard en inhoud van die evaluering van elke gesindheidsobjek in perspektief te stel, kan moontlik ook verheldering oor dié kwessie in die hand werk.

4.3.1 Biko

Daar is reeds genoem dat die bekendstelling van Biko die belangrikste onderwerp van die eerste periode is. Een dimensie van dié bekendstelling, naamlik evaluasie in terme van goed-sleg, word in hierdie ontleding gemeet. In hierdie opsig sentreer evaluering van Biko grotendeels om die kwessie of hy 'n gewelddoener was of nie. Eensyds word hy deur primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne voorgehou as gematig, versoenend, vredeliewend, ensovoorts. Andersyds word hy deur die Regering en sy ondersteuners as 'n opruier, ondermyner, terroris, enso-

voorts bestempel.

'n Ander prominente dimensie van Biko se bekendstelling aan die lesers van The New York Times is sy politieke beduidendheid, met ander woorde sy belangrikheid en invloed. Hoewel die waardebeplating hiervan nie deur evaluative assertion analysis in berekening gebring word nie, kan kennisneming daarvan 'n bydrae lewer om die evaluering van hierdie gesindheidsobjek in dié ontleding in die regte perspektief te sien. Die meeste berigte in die bekendstellingsperiode het in hul inleidingsparagrafe na die belangrikheid en/of invloed van Biko verwys. Daarna is sy sienswyse aan die orde gestel. Dié patroon word ook ten opsigte van hierdie bespreking gevolg.

4.3.1.1 Primêre bronne (+2,18)

In die algemeen het primêre bronne die aansprake van die Suid-Afrikaanse opposisie-pers en teenstanders van die Regering met betrekking tot Biko se belangrikheid, invloed en sienswyse onderskraag. In sy heel eerste verwysing na Biko op 14 September² het John Burns hom as waarskynlik "the most influential young black leader in South Africa" beskryf. Dit was ook die laaste keer dat Burns in waarskynlikheidsterme betreffende Biko se politieke beduidendheid gepraat het. Burns se waardebeplating van Biko in dié opsig is deur Anthony Lewis (15 September) en 'n hoofartikel (15 September) ondersteun. In die hoofartikel is Biko bestempel as "perhaps the most impressive and influential leader among younger black South Africans, the major figure in his country's 'black consciousness' movement".

In The New York Times (anonieme primêre bron) van 18 September is die swart leier selfs as "that country's most influential black leader" voorgehou.

Wat goed/sleg-evaluering betref, het primêre bronne hom uitgebeeld as 'n gematigde wat op 'n vreedsame en geweldvrye wyse politieke verandering in Suid-Afrika teweeg wou bring. In die hoofartikel van 15 September word die mening uitgespreek dat Biko se dood Suid-Afrika van "yet another moderate and responsible voice for evolutionary change" ontnem het.

Biko is ook voorgehou as 'n kampvegter teen rassediskriminasie en as iemand wat oor die potensiaal beskik het om die rasse in Suid-Afrika te versoen. Volgens John Burns (17 September) was Biko "in the forefront of the drive for an end to racial discrimination and white minority rule". Anthony Lewis, wat Biko as een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde swart leiers bestempel het, verwys ook in sy rubriek van 15 September na Biko as 'n potensieële bemiddelaar: "If the white power structure that commands the politics of South Africa had given Steve Biko a chance, perhaps he could have brought people to reason together".

Burns (20 September en 9 Oktober) het ook sekondêre "anti"-Biko-bronne wat Biko van ondermynende bedrywighede beskuldig het, op laasgenoemde se onskuldigbevindings in dié verband gewys.

Wat assosiasie/dissosiasie betref, word Biko merendeels met die Polisie en die Regering gedissosieer. Die aard

van hierdie dissosiasie word onder laasgenoemde twee gesindheidsobjekte bespreek.

4.3.1.2 Sekondêre "pro"-Biko-bronne (+2,33)

Hierdie bronne het hulle in die algemeen meer gunstig as die primêre bronne oor Biko uitgelaat. Sekondêre bronne wat Biko gunstig gesind is, is ook dikwels gebruik om standpunte van die primêre bronne te verifieer en/of te versterk. Moontlik die beste voorbeeld in hierdie opsig is die wyse waarop Anthony Lewis in sy rubriek van 15 September senator Dick Clark van die VSA as 'n sekondêre bron gebruik het. Lewis het teenoor Brown (1978: 17) erken dat hy inderdaad in 'n groot mate sy eie waardering van Biko rondom senator Clark se kennis en oordele van die swart leier opgebou het. Die gevolg was dat hy dikwels die Amerikaanse senator gebruik het om sy eie waarde-oordele oor Biko te onderskraag. Die indruk word ook gewek dat senator Clark die oordele van Lewis versterk het aangesien eersgenoemde die swart leier meer regstreeks en sterker geëvalueer het - soos aanstons gesien sal word.

Sekondêre "pro"-Biko-bronne het die swart leier onder meer beskryf as "possibly the single most important black leader of all" (14 September). Volgens 'n onderwyser van Soweto was hy van niemand onder 40 jaar bewus wat nie 'n heldeverering vir Biko gehad het nie (15 September). Die verbode koerant The World het Biko as "something special" bestempel (16 September). Dié koerant was van mening dat die swart leier 'n "disproporsionele invloed" uitgeoefen het op alle rasse in Suid-Afrika en op diplomate en oorsese politici

wat hom besoek het. Volgens Burns (4 Desember) het heelwat swartes Biko as die toekomstige leier van Suid-Afrika bestempel.

Waarde-oordele oor Biko in terme van goed-sleg deur hierdie sekondêre bronne sluit aan by die pogings van primêre bronne om Biko as 'n vredeliewende mens met gematigde beskouinge voor te hou. Vergelyk byvoorbeeld senator Clark se lofrede oor Biko in hierdie verband: "He was a very calm, intelligent, moderate sort of person - someone that you felt could have brought the sides together. He was balanced, reasonable. He had the support of young blacks and I think he could have gained the respect of the white community" (15 September).

The World het Biko as 'n intelligente en begripvolle mens met persoonlikheid en kwaliteit beskryf (16 September). Donald Woods het hom voorgelou as "one of the main hopes for a peaceful solution to the racial crisis in this country" (14 September). Volgens die opposisie-pers ("white liberal newspapers") in Suid-Afrika was Biko 'n voorstander van vrede en rasseversoening (9 Oktober). Biko is deur dié koerante as "possibly the last best hope of a peaceful reconciliation between the races" bestempel (25 September).

Daar is ook telkens gedurende die bekendstellingsperiode na Biko se uitsprake in dié verband verwys. Volgens Burns (9 Oktober) het Biko gesê dat sy groepe vreedsaam sou bly al gaan die swartes uiteindelik tot geweld oor: "We are confined to operating peacefully precisely because we

operate in the open". Aan senator Clark het Biko ook die ideale van die swartbewussynsbeweging soos volg opgesom: "We are looking forward to a nonracial, just, egalitarian society in which color, creed and race shall form no point of reference" (18 September).

4.3.1.3 Sekondêre "anti"-Biko-bronne (-2,41)

Daar is reeds in hoofstuk een verwys na die standpunte wat die Regering en sy ondersteuners ten opsigte van Biko se politieke beduidendheid en sienswyse ingeneem het. In dié verband vind 'n mens ook in The New York Times 'n skerp kontras tussen sekondêre "anti"-Biko-bronne enersyds en primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne andersyds. Hierdie teenstelling word ten opsigte van evaluasie deur die onderskeie evaluatiewe tellings weerspieël.

Die aansprake van die vorige twee soorte bronne op Biko se politieke beduidendheid is tydens die onderhoud tussen Seymour Topping en mnr. Vorster deur laasgenoemde betwis (The New York Times, 17 September). Volgens mnr. Vorster was Biko vóór sy dood in 'n groot mate onbekend by die meerderheid swartes: "...I don't think that one out of a hundred knew who he was. If you asked any black man on the street who Biko was before he died, he wouldn't have been able to tell you. All of a sudden he's the biggest black leader in South Africa".

Ander sekondêre "anti"-Biko-bronne wat aangehaal is, het die aansprake op Biko se gematigdheid en vredeliewendheid betwis. Evaluatiewe stellings oor die swart leier deur

pro-Regering-bronne wentel enersyds om die redes vir sy arrestasie en aanhouding gedurende Augustus-September 1977, en andersyds om die oogmerke en werksaamhede van die groepe waarin hy 'n leidende rol gespeel het. Sy arrestasie en aanhouding spruit onder meer uit die Veiligheidspolisie se vermoedens dat hy onrus onder swartes in die omgewing van Port Elizabeth gestook het, en dat hy verantwoordelik was vir die opstel van geskrifte waarin swartes tot geweld en brandstigting aangehits word (14 September, 15 September, 2 Oktober, ensovoorts). Volgens The New York Times van 9 Oktober het die Regering ook die standpunt gehuldig dat "Mr. Biko was a Marxist committed to revolution". Tydens die geregtelike ondersoek het 'n regsverteenwoordiger van die Veiligheidspolisie toestemming gevra om 'n pamflet, wat volgens die Polisie deur Biko opgestel was, as getuieenis voor te lê. In dié pamflet word swartes aangespoor om swartes wat met die Regering saamwerk, te vermoor (16 September).

Op 9 Oktober berig John Burns dat die Regering, wat teen dié tyd al erg in die verleentheid deur die Biko-voorval gestel is, 'n politieke teenaanval geloods het "designed to convince the public that the 'black consciousness' movement the victim founded and led was part of a growing terrorist threat demanding stringent countermeasures". Volgens Burns het woordvoerders van die Regering in hierdie stadium regstreekse verwysings na die swart leier vermy, maar eerder hulle aanvalle op die Biko-groepe toegespits. Hy staaf hierdie standpunt deur byvoorbeeld die volgende: "The bluntest statement of the Government's approach so far came from Mr. Kruger, who said on a nationwide broadcast last weekend that the groups Mr. Biko founded have been

infiltrated by members of the banned African National Congress, who were said to have used the cover to promote acts of terrorism". Volgens Burns het mnr. Kruger ook swartbewussyn gelykgestel aan die swartmag-idee. Hy haal mnr. Kruger soos volg aan: "'We are lucky in this country that a very large percentage of black people, mostly the older people, do not actually want the black-power movement, which really amounts to terrorism', Mr. Kruger said. He also said that the 'black consciousness' movements was another name for 'black power'".

4.3.1.4 Opsomming

Terwyl primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne Biko as 'n man van vrede en versoening voorgelê het, het die Regering en sy ondersteuners die swart leier en sy groepe aan geweld en ondermyning gekoppel. Die assosiatiewe verhouding tussen primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne en die dissosiatiewe verhouding tussen eersgenoemde en die sekondêre "anti"-Biko-bronne word onder meer deur die verskillende evaluatiewe tellings met betrekking tot Biko weerspieël. Dit is ook die geheelindruk wat 'n mens kry as die materiaal deurgelees word. Die wisselwerking tussen primêre en sekondêre bronne en die wyse waarop eersgenoemde van laasgenoemde gebruik gemaak het, sal onder punt 4.3.7 bespreek word.

Die konsekwentheidskontrole het geen inkongruente stellings ten opsigte van bogemelde bronne blootgelê nie. Die verhouding tussen die evaluatiewe tellings en die oorspronklike boodskappe dui op die oog af op 'n bevredigende mate van

voorkomsgeldigheid.

4.3.2 Polisie

'n Geheelbeeld word by 'n mens gevorm dat die Polisie nie veel waarde aan die lewens van swart politieke aangehouenes heg nie. Sommige primêre en sekondêre "pro"-Biko bronne het onomwonde en in ondubbelsinnige taal die Polisie (in die besonder die Veiligheidspolisie) as wreed, sadisties, leuenaars, ensovoorts afgemaak. Die aard van die dissosiasie wat tussen Biko en die Polisie uitgebeeld word, wek die indruk dat laasgenoemde die swart leier mensionwaardig behandel het. Besondere klem is in dié verband gelê op die behandeling wat Biko tydens sy aanhouding in Port Elizabeth ontvang het. Daarbenewens het die inkongruente stellings aan die kant van sekondêre "anti"-Biko-bronne verder tot die dilemma van die Polisie bygedra.

4.3.2.1 Primêre bronne (-2,08)

Die evaluering van die Polisie deur primêre bronne geskied grotendeels op grond van die bydraes van Burns, Lewis en die skrywer(s) van die twee hoofartikels. Lewis, 'n rubriekskrywer, het die venynigste aanvalle geloods. Die intensiteit van sy regstreekse evaluering (TGB^e-evaluering) is -2,63 teenoor die -1,58 en -2,21 van onderskeidelik Burns en die twee hoofartikels.

Burns se evaluering van die Polisie sentreer merendeels om die aard van die getuienis wat lede van die Veiligheidspo-

lisie gedurende die geregtelike ondersoek gelewer het. Volgens Burns word hul getuienis gekenmerk deur teenstrydighede, weersprekings, terugtrekking en verandering van beëdigde verklarings, ensovoorts. Op 21 November berig hy byvoorbeeld: "The courtroom has reverberated with gasps and whistles of spectators, particularly blacks, as policemen who interrogated Mr. Biko have contradicted each other, retracted sworn statements or pleaded poor memory on key points". Hy wys ook daarop dat hulle regsreëls verontagsaam het deur gedurende die geregtelike ondersoek met mekaar te kommunikeer (16 November).

In sy dissosiasie van Biko met die Polisie konsentreer Burns veral op die omstandighede waarin die swart leier aangehou is, byvoorbeeld: "Mr. Biko spent 18 days naked in a cell without exercise, and was later shackled hand and foot almost continuously for nearly 50 hours" (28 November - vergelyk ook die berigte op 3 en 4 Desember). 'n Onderwerp wat Burns ook dikwels aangeraak het, is dat Biko nakend agter in 'n polisievoertuig sonder mediese sorg na Pretoria geneem is (17, 21 en 22 November, 3 Desember). Op 3 Desember voer hy ook aan dat kol. Goosen geweier het dat Biko in 'n hospitaal vir behandeling opgeneem word (sien ook die berig van 22 November). Volgens Burns sou dit vir Biko moeilik gewees het om die Polisie te vergewe as hy gelewe het (4 Desember).

In teenstelling met Burns het Anthony Lewis feitlik nie woorde gespaar om die Polisie by te kom nie. Volgens hierdie rubriekskrywer is daar "overwhelming reasons to believe that prisoners have been beaten to death or otherwise

killed by the police" (15 September). Met verwysing na die behandeling van Biko deur die Veiligheidspolisie gebruik hy die begrip "police sadism" (5 Desember), en hy verwys na "the lies and cruelties exposed at the inquest" (5 Desember). Dié wreedhede koppel hy aan die rassekwessie: "The particular cruelties were appalling but the real horror lies in their racial basis" (5 Desember). Lewis beskuldig ook die Polisie daarvan dat hulle die "most basic human duty" verwaarloos het, en dat die skuldiges hul dade probeer toesmeer het (5 Desember).

Lewis het Biko en die Polisie in terme van min of meer dieselfde onderwerpe as Burns gedissosieer. Op 5 Desember skets hy byvoorbeeld die lot van Biko soos volg: "...a man charged with no crime was kept shackled hand and foot for four days on an urine-soaked mat, allowed to die without mercy".

In die eerste hoofartikel op 15 September voer The New York Times aan dat Biko se dood die Suid-Afrikaanse Polisie onder die ergste verdenking plaas. In die tweede hoofartikel (3 Desember) stel die koerant dit dat die enigste raaisel wat ná die geregtelike ondersoek oorbly, "is which of the security police officers administered the fatal blows". Die getuienis van die lede van die Veiligheidspolisie word ook in hierdie hoofartikel afgetakel: "Their selfprotecting evidence was riddled with contradictions..."

4.3.2.2 Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,27)

Bykans 85 persent van die TGB^e-tellings oor die Polisie

deur bogenoemde bronne word deur adv. Kentridge in beslag geneem. Dié stellings het almal betrekking op die geregtelike ondersoek, en die meeste stellings spruit uit sy kruisverhoor van die polisie-getuies.

Evaluatiewe stellings deur adv. Kentridge kan in twee kategorieë verdeel word. Enersyds handel dit oor die getuienis as sodanig, andersyds het dit betrekking op die wyse waarop die betrokke lede van die Veiligheidspolisie Biko behandel het.

Betreffende die getuienis het hy probeer aantoon dat dit versinsels, snert en valshede bevat: "It must be made known by this court that the penalty for falsehood contemptuously fabricated is not merely rebuke or reprimand but a firm finding adverse to the fabricators; if you create a tissue of lies it can only be that you dare not speak the truth" (7 Desember). Hy het ook aangevoer dat die Veiligheidspolisie se getuienis weersprekend, onvoldoende en totaal onwaarskynlik is (7 Desember).

Adv. Kentridge het geargumenteer dat Biko se ondervraers hom aangerand het. Volgens die regsgeleerde het hulle daarna saamgesweer om sy beserings te verberg. Dit het tot Biko se dood bygedra, en gevolglik moes die ondervragingspan kriminele verantwoordelikheid daarvoor aanvaar, aldus adv. Kentridge (3 Desember).

Die Johannesburgse advokaat het ook aangevoer dat die Veiligheidspolisie deur hul optrede die menswaardigheid van Biko aangetas het. Volgens adv. Kentridge wou hulle

die swart leier verneder deur hom naak aan te hou en in só 'n toestand na Pretoria te vervoer (17 November). Aan 'n polisie-getuie het hy onder meer gevra: "Did considerations of common humanity have no influence on you?" (17 November). Die advokaat het ook die Veiligheidspolisie daarvan beskuldig dat hulle Biko van die regte wat hy as 'n aangehoudene gehad het, ontnem het: "...he was deprived even of the negligible rights he had as a political detainee" (7 Desember). In die afsluiting van sy betoog het hy die Veiligheidspolisie van gevoelloosheid beskuldig: "What the security police themselves admit they subjected him to during this period is more than a matter for comment. The admitted assaults on his dignity under the direction of Colonel Goosen are evidence of a callous disregard for his legal and human rights and are highly relevant in assessing the evidence of those who abused him" (7 Desember).

Die konsekwentheidskontrole het twee inkongruente TGB^e-stellings deur adv. Kentridge blootgelê. Dié stellings het betrekking op die bewaarders onder wie se toesig Biko in Port Elizabeth was. Volgens adv. Kentridge was hulle in 'n mate goehartig teenoor Biko en het hulle ook begrip vir sy siektetoestand'getoon (7 Desember).

Ander sekondêre "pro"-Biko-bronne wat deur die primêre bronne aangehaal is, het die Veiligheidspolisie van moord en aanranding op Biko beskuldig. John Burns berig op 19 September dat sprekers op 'n gedagtenisdienst ter ere van Biko die Polisie van moord beskuldig het. In 'n noordelike voorstad van Johannesburg het iemand die volgende op 'n muur geverf: "Who killed Biko? - The South

African Police" (4 Desember). 'n Bekende Britse regsgeleerde, sir David Napley, het ná die uitslag van die geregtelike ondersoek gesê dat hy geen twyfel daaroor het nie dat "the black leader died of injuries inflicted by the police" (9 Desember).

4.3.2.3 Sekondêre "anti"-Biko-bronne (+0,89)

'n Opvallende kenmerk van tabel 2 is die lae positiewe evaluatiewe punt wat die Polisie ten opsigte van hierdie bronne ontvang het. Die rede hiervoor is dat mnr. Kruger en ander woordvoerders van die Regering volgens The New York Times erken het dat die Polisie moontlik aan ongerymdhede skuldig kon wees (18 September en 4 Desember). Volgens John Burns het elemente van die Nasionale Party ook 'n geregtelike ondersoek aangevra om die moontlikheid te ondersoek dat Biko vermoor is: "Even elements of the ruling National Party have called privately for a judicial inquiry into the possibility that he was murdered" (20 September).

Woordvoerders van die Regering en Polisie het andersins ontken dat die Polisie Biko aangerand of vermoor het (17, 19 en 21 November). John Darnton het ook na 'n polisiehoof verwys wat gesê het dat die Polisie hul aangehoudenenes " baie goed" behandel (29 November).

4.3.2.4 Opsomming

Die assosiatiewe verhouding tussen primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne kom weer duidelik na vore in die aard en inhoud van hul evaluering van die Polisie. Dié evaluering

dek twee velde, naamlik die getuienis wat lede van die Veiligheidspolisie gedurende die geregtelike ondersoek gelewer het, en tweedens die wyse waarop die Polisie Biko aangehou en behandel het. Enersyds word die indruk gewek dat die getuies onbetroubaar en ongeloofwaardig was; andersyds kry'n mens die idee dat daar ernstige ongerymdhede in die behandeling van Biko plaasgevind het, en dat die ondervragingspan vir Biko se dood verantwoordelik gehou moet word. Die sekondêre "anti"-Biko-bronne wat in dié verband aangehaal is, versterk hierdie idee.

In die geheel kom dit ook voor asof die evaluatiewe tellings 'n geldige weerkaatsing van die evaluasie van die Polisie in die oorspronklike boodskappe is. Hoewel daar 'n betekenisvolle intensiteitsverskil in die evaluering van die Polisie deur Lewis en Burns is, verteenwoordig die evaluatiewe telling van die primêre bronne 'n geheelpunt wat die onderskeie bydraes van Lewis, Burns en die ander bronne in berekening bring. In hierdie opsig het Burns en Lewis onderskeidelik 63,63 en 24,24 persent tot die TGB^e-stellings oor die Polisie bygedra. Bogenoemde geld ook ten opsigte van die sekondêre "pro"-Biko-bronne waar adv. Kentridge vir sowat 85 persent van die TGB^e-stellings verantwoordelik is.

4.3.3 Die Regering

Aan die teenstanders van die Suid-Afrikaanse Regering het die Biko-voorval 'n gulde geleentheid gebied om die Regering en sy kleurbeleid onder skoot te bring. Biko se dood is nie net aan 'n paar lede van die Veiligheidspolisie gewyt nie, maar hy is bestempel as 'n slagoffer van die politieke bedeling wat

die Regering daargestel het. 'n Onwrikbare verhouding is ook tussen Biko en die Regering uitgebeeld, en die swart leier is voorgehou as iemand wat geweier het om die Regering in sy eise vir 'n swart meerderheidsregering tege- moet te kom.

4.3.3.1 Primêre bronne (-2,20)

Soos in die geval met die vorige gesindheidsobjek het Burns weer die besadigste van die primêre bronne voorgekom. Die onderliggende tema van sy kritiek was dat die Regering al hoe meer beperkinge op burgerregte en -vryhede begin lê het (16 en 18 September, 9 Oktober, 14 November). Hy het ook by twee geleenthede na "apartheid" as "the official system of racial subordination" verwys (14 September en 4 Desember).

In die dissosiatiewe verhouding wat hy tussen Biko en die Regering geskets het, het Burns veral op die swart leier se inperking klem gelê (9 Oktober, 4 Desember). Volgens Burns was Biko 'n vurige teenstander van "apartheid" en minder tegemoetkomend teenoor die Regering as byvoorbeeld Buthelezi (14 September). Deur na die aanvalle van die Regering op die swartbewussynsbeweging te verwys, het Burns die dissosiatiewe verhouding verder benadruk (byvoorbeeld 9 Oktober).

Hierteenoor het die rubriekskrywer Anthony Lewis die Suid-Afrikaanse Regering laer geag as 'n "government of minimal sensitivity to truth and decency" (5 Desember). In sy aanvalle op die "minderheidsregering" in die Republiek het

hy byvoeglike naamwoorde soos tirannieke, onderdrukkende, gewelddadige, onmenslike, ensovoorts gebruik (5 Desember).

In sy tweede rubriek op 5 Desember het hy die Suid-Afrikaanse Regering as gewelddadig voorgelê: "It has no consent to rule and can only rule by force. Its violence is as logical and as inevitable as the terror that Lenin bequeathed to the Communists of the Soviet Union". Volgens Lewis word "police sadism" ook amptelik gekondoneer en dat dit die onvermydelike gevolg van die Regering se rassebeleid is (5 Desember).

Lewis beskuldig ook die blanke regeerders daarvan dat hulle nie bereid is om met die swartes te kommunikeer nie: "They are not only unwilling to communicate with the majority of the people whose conditions of life they determine. They are insensitive to the barest humanity of those people" (15 September).

Suid-Afrika se stelsel van aanhouding sonder verhoor het ook skerp onder sy pen deurgeloo. Lewis is veral krities op die wette wat die Regering magtig "to detain everyone without trial on the vaguest of grounds" (15 September).

Lewis koppel ook Biko se dood aan die kwessie van rassisme, en hy kritiseer die Regering se pogings om die oorsaak van die swart leier se dood vas te stel: "A government of reason would have respected Steve Biko in real life, and it would have sought the cause of his death in honest pursuit of the legal process. Instead, by its unwillingness to face the truth, it showed how desperately it is caught

up in the paranoia of racism" (5 Desember).

In die eerste hoofartikel (15 September) word die Regering ook daarvan beskuldig dat hy mense op grond van oppervlak-kige aanklagte aanhou, en dat opposisie teen die bestaande orde as "verraad" afgemaak word. Die Regering word gewaar-sku dat die kanse op rassevrede in Suid-Afrika met die dood van elke politieke aangehoudene verminder word (15 Septem-ber).

4.3.3.2 Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,38)

Die meeste evaluatiewe stellings deur hierdie bronne oor die Regering is verkry op grond van 'n verklaring wat Steve Biko aan senator Clark gegee het. Dié verklaring is deur The New York Times in 'n verkorte vorm onder die swart leier se naam gepubliseer (18 September).

In bogenoemde stuk verwys Biko na die Regering as 'n "min-derheidsregering" wat polities onversoenlik ("intransi-gent"), rassisties, dweepsugtig, uitbuitend, onderdrukkend en verdrukkend is.

Ander sekondêre "pro"-Biko-bronne het die Regering vir Biko se dood verantwoordelik gehou. Dr. N. Motlana, voor-sitter van die Komitee van Tien in Soweto, het op 'n gedag-tenisdienst ter ere van Biko in dié woonbuurt gesê: "We don't care what the inquest says, Vorster and the Govern-ment are responsible" (19 September). 'n Swart vrou wat die hofverrigtinge bygewoon het, het die staat van ongereg-tigheid in verband met die dood van Biko beskuldig: "The

injustice was committed by the state, so how can they find the state guilty?" (3 Desember). Die Amerikaanse departement van buitelandse sake het met die bekendmaking van Biko se dood 'n verklaring uitgereik waarin die swart leier bestempel word as "another victim of the apartheid system and the South African security legislation which supports that system" (14 September).

4.3.3.3 Sekondêre "anti"-Biko-bronne (+2,51)

Die Regering en sy ondersteuners het ter verdediging van bogenoemde beskuldigings aangevoer dat die blanke bewind in Suid-Afrika 'n uitgebreide en beskaafde regstelsel en 'n onafhanklike regbank daargestel het. Volgens dié bronne is dit 'n bewys dat die Regering nie Suid-Afrika in 'n polisiestaat omskep het nie (15 September en 14 November).

4.3.3.4 Opsommend

Die geheelbeeld wat van die Suid-Afrikaanse Regering op grond van evaluering deur primêre bronne (veral Lewis) en sekondêre "pro"-Biko-bronne (veral Biko) gevorm word, is dat dié Regering sy inwoners (die swartes in die besonder) met 'n ysterhand regeer. Evaluering van die Regering in dié verband speel af teen die agtergrond van die Biko-voorval waarop telkens gesteun word om beskuldigings van onderdrukking teen die Suid-Afrikaanse bewind te illustreer.

Daar is weer eens 'n opvallende verskil tussen Burns en Lewis wat die intensiteit van hul evaluering van die Regering betref, ofschoon eersgenoemde in hierdie geval óók

tekens met redelik hoë evaluatiewe ladings gebruik het. Wat die evaluering van die Regering betref, het Lewis ook meer TGB^E-stellings as Burns gebruik, naamlik 19 teenoor 8. Dit is naastenby die omgekeerde verhouding ten opsigte van die Polisie. Aan die ander kant is Burns die grootste bron (sowat 90 persent) van /GO₁/w/GO₂/-stellings met betrekking tot die Regering, en hy is ook die enigste bron wat sekondêre bronne gebruik het. Dit dui daarop dat TGB^E-evaluering nie die belangrikste wyse was waarop Burns waarde-oordele oor die Regering uitgespreek het nie, maar dat hy eerder die assosiasie/dissosiasie-metode en sekondêre bronne gebruik het. Daarteenoor het Lewis sy saak prontuit gestel.

Die algemene indruk van die verhouding tussen die evaluatiewe tellings en die oorspronklike materiaal dui op 'n bevredigende mate van voorkomsgeldigheid. Primêre bronne se evaluering van die Regering is negatiewer as hul evaluering van die Polisie omdat Lewis met betrekking tot laasgenoemde gesindheidsobjek die TGB^E-evaluering oorheers het. Biko se aandeel in die evaluering van die Regering lê aan die wortel van 'n soortgelyke toestand met betrekking tot sekondêre "pro"-Biko-bronne. Die gebruik van tekens met hoë evaluatiewe ladings deur sekondêre "anti"-Biko-bronne is vir die hoë positiewe evaluatiewe telling in hierdie geval verantwoordelik.

Die konsekwentheidskontrole het geen inkongruente stellings opgelewer nie.

4.3.4 Adv. Kentridge

Evaluering van adv. Kentridge in terme van die goed/sleg-dimensie is relatief min (kyk tabel 1). Sowel primêre bronne as sekondêre "pro"-Biko-bronne beoordeel die regsgeleerde eerder op grond van sy bekwaamhede en vertoning gedurende die geregtelike ondersoek. 'n Sterk dissosiatiewe verband word egter tussen adv. Kentridge en die Polisie gelê.

4.3.4.1 Primêre bronne (+2,09)

John Burns is die grootste bron van kwalitatiewe oordele oor adv. Kentridge. Volgens dié koerantman is adv. Kentridge een van die prominentste regsgeleerdes in Suid-Afrika (14 November). Oor sy vertoning gedurende die geregtelike ondersoek skryf Burns onder meer dat die "scholarly looking" advokaat die hofsitting gedomineer het en dat die wyse waarop hy die polisie-amptenare onder kruisverhoor geneem het, indrukwekkend was (16 en 17 November, 3 Desember). In 'n artikel van Burns op 17 November onder die opskrif "The man who speaks for Biko - Sydney Woolf Kentridge", word adv. Kentridge se loopbaan in die regte as "mixture of professionalism and humanity" beskryf.

Burns wek ook die indruk dat adv. Kentridge die wêreld vir die lede van die Veiligheidspolisie gedurende die geregtelike ondersoek warm gemaak het: "For hour after hour at the inquest, Mr. Kentridge has led the policemen through the smallest details of their handling of Mr. Biko, unsettling them with a sardonic style of questioning that

has widened numerous cracks in their accounts of a struggle in which the black leader is said to have banged his head on the wall" (17 November).

Volgens Burns was die meeste van sy teëkappe tydens die kruisverhoor in "a gently mocking tone, more schoolmasterly than hostile" (17 November). Daar was egter tekens dat hy sy humeur verloor het nadat polisie-getuies getuig het dat Biko nakend en in hand- en voetboeie aangehou was (17 November). Volgens Burns was daar veral "harsh exchanges" tussen adv. Kentridge en kol. Goosen, en dat laasgenoemde die advokaat met minagting behandel het (17 November).

Sowel Burns as die hoofartikel van 3 Desember hou adv. Kentridge voor as iemand wat die getuienis van die Veiligheidspolisie aan flarde geskeur het. Burns berig byvoorbeeld op 17 November dat adv. Kentridge "has produced a series of chilling revelations about the much-feared security police as well as damaging discrepancies in the police account of the events preceding Mr. Biko's death" (kyk in dié verband ook na Burns se berigte van 16 en 21 November). Volgens die hoofartikel het adv. Kentridge op 'n bekwame wyse die "rits" teenstrydighede in die getuienis van die Veiligheidspolisie oopgevelek.

4.3.4.2 Sekondêre "pro"-Biko-bronne (+2,48)

Hierdie bronne was in die algemeen meer uitgesproke oor die kwaliteite van adv. Kentridge as die primêre bronne. Volgens 'n regs vriend het adv. Kentridge "an extraordinary sharp sense of justice" (17 November). Burns verwys ook

na regslui wat beïndruk was deur die wyse waarop adv. Kentridge die lede van die Veiligheidspolisie onder kruisverhoor geneem het: "The cross-examinations have impressed other lawyers, who described them as characteristic of Mr. Kentridge's thoroughgoing preparations and coolness under pressure. 'He's handling it absolutely beautifully,' said a lawyer with a major reputation of his own. 'What you're seeing here explains why Sydney is the leading advocate in South Africa'".

4.3.4.3 Sekondêre "anti"-Biko-bronne ((-2,35)

Die oorsprong van evaluatiewe stellings oor adv. Kentridge deur hierdie bronne is die polisie-amptenare wat gedurende die geregtelike ondersoek getuig het. In dié verband het kol. Goosen byvoorbeeld gesê dat adv. Kentridge belaglike vrae vra (21 November). 'n Ander getuie het die advokaat as 'n moeilikheidsmaker bestempel: "Kentridge has gone way beyond anything that's justified. You know what he's doing? He's just trouble-making - for the Government, for the police and for the country" (21 November).

4.3.4.4 Opsommend

In 'n groot mate hou primêre en sekondêre "pro"-Biko-bronne adv. Kentridge voor as iemand wat op 'n bekwame en doeltreffende wyse die "ongeregtighede" van die Veiligheidspolisie aan die kaak gestel het. Hierdie beeld word gevorm deur sy kwaliteite as regsgeleerde en sy sin vir "regverdigheid" en "menslikheid" te benadruk. Dit word versterk deur hom teenoor die afgetakelde Polisie te stel.

Voorkomsgeldigheid is bevredigend en geen inkongruente stellings kon gevind word nie.

4.3.5 Mnr. Kruger

Wat 'n mens opval van die laaste twee gesindheidsobjekte van tabel 2 is die mate waarin die evaluatiewe tellings van primêre en sekondêre "pro"-Biko-bronne verskil. Aan die wortel van hierdie verskille lê die aard van die TGB^E-stellings wat hierdie bronne gebruik het.

Wat mnr. Kruger betref, is slegs 11 TGB^E-stellings ten opsigte van al die bronne verkry. Met betrekking tot die assosiasie/dissosiasie van mnr. Kruger met Steve Biko, die Polisie en die Regering is 38 /GO₁/w/GO₂/-stellings opgespoor. In albei hierdie evalueringsvlakke word besondere aandag aan die eerste verklaring van mnr. Kruger oor Biko se dood asook die minister se "dood-laat-my-koud"-uitlating bestee.

4.3.5.1 Primêre bronne (-1,96)

Volgens John Burns was mnr. Kruger in die middel van die polemieke rondom die dood van Steve Biko, en het die minister in 'n politieke dilemma verkeer (2 Oktober en 10 November). Hy wys ook daarop dat mnr. Kruger se aankondiging van Biko se dood 'n "valse verklaring" en "teenstrydig" met die werklike gebeure is (14 en 19 November). Burns het ook mnr. Kruger se verdediging van die Polisie benadruk (byvoorbeeld 18 September), en sy "dood-laat-my-koud"-uitlating was 'n belangrike bron van dissosiatiewe stellings

tussen die minister en Steve Biko (15 en 18 September, 4 Desember). Volgens Burns het mnr. Kruger onverskillig (15 September) teenoor Biko se dood gestaan, en het dié politikus die saak ligtelik opgeneem (4 Desember). Burns het ook gemeld dat mnr. Kruger genl. J.F. Kleinhaus, "a senior officer deeply involved in the (Biko) case", bevoor-der het (4 Desember).

Anthony Lewis het mnr. Kruger se eerste verklaring as 'n "farrago of rubbish" bestempel (5 Desember). Volgens Lewis het mnr. Kruger, die minister verantwoordelik vir die Polisie, onaangeraak gebly deur die "leuens" en "wreedhede" wat tydens die geregtelike ondersoek oopgevlak is. Die minister, aldus Lewis, het nie alleen sy pos behou nie, maar hy het ook nie eens moeite gedoen om sy verklaring van 13 September te verduidelik of reg te stel nie (5 Desember). Lewis het dié verklaring as "grossly deceitful" bestempel, en volgens hom sou 'n regering met "minimal sensi-tivity to truth and decency" mnr. Kruger uit sy kabinets-pos ontslaan het (5 Desember).

4.3.5.2 Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,39)

John Burns het sekondêre bronne aangehaal wat mnr. Kruger meer regstreeks by die dood van Steve Biko betrek het. Hy berig byvoorbeeld op 21 November dat swartes tydens 'n betoging buite die hof swartmag-tekens gegee het en 'n liedjie met die refrein "John Vorster and Jimmy Kruger are killing Azanians" gesing het. Die regspan van die Biko-familie het óók mnr. Kruger by die beweerde toesmeerpoging betrek: "The counsel for the Biko family...contends that

the security police unit holding Mr. Biko assaulted him in an effort to obtain incriminating evidence, then mounted a cover-up that reached as high as Justice Minister James T. Kruger" (25 November). Met betrekking tot mnr. Kruger se verklaring op 13 September haal John Burns 'n swart onderwyser in Soweto aan wat Biko se beweerde eetstaking sterk betwis: "I haven't met anybody who believes for one moment that he would starve himself to death" (15 September).

4.3.5.3 Sekondêre "anti"-Biko-bronne (—)

Fase twee het slegs een TGB^E-stelling oor mnr. Kruger opgelewer, en die bron is mnr. Kruger self. Hy het sy uitlating oor Biko verdedig deur te sê dat hy nie 'n huigelaar is nie: "...the Justice Minister emphasized his regret at the death, saying that while he could not say he was in mourning - 'that would have been hypocritical' - he was sorry for Mr. Biko and for the fact that his death caused embarrassment to the Government and the police" (18 September).

4.3.5.4 Opsommend

Mnr. Kruger word in die geheel uitgebeeld as 'n minister wat midde-in 'n politieke krisis staan omdat 'n portefeulje onder sy vleuels verantwoordelik is vir die dood van 'n bekende en invloedryke teenstander van sy Regering. Die minister se uitlatings oor die dood van dié leier word politieke plofstof in die hande van sy kritici en vyande. Hierdeur word nie alleen die dissosiasie tussen die politikus en die afgestorwene benadruk nie, maar die indruk word ook gewek dat eersgenoemde ongevoellig en onverskillig jeens

die dood van politieke aangehoudenenes staan.

Terwyl primêre bronne besondere aandag aan mnr. Kruger se hantering van die saak skenk en hulle daarvan weerhou om die minister op 'n regstreekse wyse aan die dood van Biko te koppel, gebruik hulle (meesal John Burns) sekondêre bronne wat meer in dié rigting beweeg. Hierdie toedrag van sake word deur die onderskeie evaluatiewe tellings weerspieël. In dié opsig word 'n bevredigende mate van voorkomsgeldigheid verkry. Bogenoemde bronne het ook nie inkongruente stellings oor mnr. Kruger gemaak nie.

Aangesien daar slegs een TGB^E-stelling deur sekondêre "anti"-Biko-bronne oor mnr. Kruger gevind kon word, kon 'n finale evaluatiewe punt nie vir hierdie gesindheidsobjek bereken word nie (kyk punt 4.2.3).

4.3.6 Landdros Prins

'n Opvallende eienskap van figuur 5 is die afstand tussen die skaalposisies van primêre en sekondêre "pro"-Biko-bronne met betrekking tot landdros Prins. Dié intensiteitsverskil is onder meer die gevolg van die aard van die TGB^E-evaluering deur bogenoemde bronne, asook 'n paar inkongruente /GO₁/w/GO₂/-stellings aan die kant van primêre bronne. Regstreekse (TGB^E-) evaluering deur primêre bronne is uitsluitlik op die bevinding van landdros Prins toegespits, terwyl sekondêre bronne die bevinding én die landdros as sodanig in negatiewer terme evalueer.

4.3.6.1 Primêre bronne (-1,47)

Die kritiek op die bevinding van landdros Prins dat "the available evidence does not prove that the death was brought about by any act or omission involving or amounting to an offense on the part of any person" het betreffende hierdie bronne hoofsaaklik om die beknoptheid ("terseness") van die uitspraak gewentel (3 en 4 Desember). Die duur van die uitspraak, wat in Afrikaans en Engels gelewer is, was korter as drie minute (3 Desember). Burns was van mening dat die kritiek gemik is op die nalating van die landdros om sy "terse three-paragraph judgment" te motiveer (4 Desember). In die hoofartikel van 3 Desember word die duur van die geregtelike ondersoek (sowat drie weke) teenoor die beknoptheid van die bevinding gestel.

Primêre bronne (hoofsaaklik John Burns) het veral van die assosiasie/dissosiasie-metode gebruik gemaak om landdros Prins te evalueer en verdag te maak. Sowat twee weke vóór die einde van die geregtelike ondersoek het Burns die lesers van The New York Times daarop voorberei dat "the chances of the court clearly assigning responsibility for the black leader's death appear to be slim despite the success of the counsel for the Biko family in demonstrating major discrepancies in the police testimony" (21 November). Burns het ook genoem dat landdros Prins soos alle landdroste 'n staats-amptenaar is, en dat hy 'n reputasie het van "cautious conservatism and a reluctance to challenge the establishment" (21 November). Volgens Burns het landdros Prins gedurende die geregtelike ondersoek elke belangrike beslissing in die guns van die Veiligheidspolisie gevel, ofskeen hy op die

oog af soms die skeptisisme van adv. Kentridge met betrekking tot die Polisie se getuienis gedeel het (21 November).

4.3.6.2 Sekondêre "pro"-Biko-bronne (-2,61)

Dié bronne het die bevinding onder meer as onregverdig (3 Desember) en absoluut verkeerd (4 Desember) bestempel. Volgens Burns het swart militantes aangeneem dat landdros Prins 'n aandeel in die beweerde toesmeerpoging gehad het (3 en 4 Desember). 'n Kennis van Biko het ook aangevoer dat die landdros "overwhelming evidence to the contrary" verontagsaam het (4 Desember).

'n Anonieme sekondêre bron het ook die bevinding aan landdros Prins se Afrikanerskap gekoppel: "'Nobody had to tell Prins what to find,' said a Johannesburg man closely involved with the case. He said that Mr. Prins was an Afrikaner and that Mr. Biko was a threat to everything he believed in" (4 Desember).

4.3.6.3 Sekondêre "anti"-Biko-bronne (—)

Slegs een TGB^e-stelling kon in dié geval opgespoor word, naamlik landdros Prins se verweer op die kritiek teen sy bevinding: "I have only one standard, which is my own conscience" (3 Desember). Betreffende 'n finale evaluatiewe punt is landdros Prins oor dieselfde kam as mnr. Kruger geskeer.

4.3.6.4 Opsommend

Evaluering van landdros Prins in The New York Times geskied tweërlei: enersyds word sy bevinding gekritiseer en andersyds word 'n assosiatiewe verhouding tussen hom en gesindheidsobjekte soos die Suid-Afrikaanse Regering en die Polisie gelê. Primêre bronne lê 'n groot mate van versigtigheid aan die dag in hul TGB^E-evaluering van die hofuitspraak, wat onder meer vir die relatief lae evaluatiewe telling ten opsigte van die landdros verantwoordelik is.

Die sekondêre "pro"-Biko-bronne wat John Burns in verband met die landdros en sy bevinding aangehaal het, het tulle heelwat krasser oor dié gesindheidsobjek uitgedruk - soos dit onder meer uit die evaluatiewe telling van -2,61 blyk. Hierdie bronne het ook intensiteitsindikatore soos "absoluut" en "oorweldigend" gebruik.

Betreffende die assosiasie/dissosiasie van landdros Prins met ander gesindheidsobjekte kom 'n mens onder die indruk dat daar reeds vóór die uitslag van die geregtelike ondersoek 'n assosiatiewe verhouding tussen landdros Prins aan die een kant en die Regering en Polisie aan die ander kant vir die lesers voorgehou is. Dít wek die indruk dat die landdros nie onpartydig was nie, en dat die kans op 'n uitspraak teen die Polisie van meet af aan maar skraal was. Burns se berig op 21 November het byvoorbeeld die volgende opskrif gehad: "Biko inquest appears unlikely to fix blame for his death".

Voorkomsgeldigheid ten opsigte van hierdie gesindheidsobjek is hoog. Die konsekwentheidskontrole het drie inkongruente

/GO₁/w/GO₂/-stellings opgelewer. Die bron in al die gevalle was John Burns. Dié inkongruensies het betrekking op die kere toe landdroos Prins volgens Burns met adv. Kentridge saamgestem het (vergelyk in dié verband byvoorbeeld sy berig van 21 November). Dit het ook 'n verlagende invloed op die finale evaluatiewe telling gehad.

4.3.7 Samevattend

'n Eienskap wat 'n mens dadelik van figuur 5 opval, is die mate waarin die drie soorte bronne ooreenstem en verskil. Wat die rigting van evaluasie betref, is daar ten opsigte van al die gesindheidsobjekte 'n duidelike positiewe verband tussen primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne en 'n duidelike negatiewe verband tussen hierdie bronne en die sekondêre "anti"-Biko-bronne. Dit beteken dus dat die primêre bronne hulle vereenselwig met die evaluatiewe oordele van die sekondêre "pro"-Biko-bronne, en dat The New York Times (by wyse van sy eie bronne) hom distansieer van die sekondêre "anti"-Biko-bronne. Die skaalposisies in figuur 5 is 'n blote bevestiging van 'n redelik ingeligte mens se algemene kennis in verband met die verhouding tussen dié koerant en die blanke bewind in Suid-Afrika.

'n Ander opvallende eienskap van figuur 5 is dat die evaluatiewe tellings van sekondêre "pro"-Biko-bronne sterker neig in die rigting van die evaluatiewe pole (ekstreme waardes) as die tellings van primêre bronne. Aan die wortel van hierdie intensiteitsverskille kan verskeie oorsake lê. 'n Moontlikheid wat nie verontagsaam behoort te word nie, is dat sekondêre bronne aangewend is om die gesindheids-

objekte in 'n beter of swakker lig te stel. Dit geld by uitstek ten opsigte van John Burns wat selfs in sy vertolkende berigte grotendeels sekondêre bronne gebruik het om kwalitatiewe oordele oor die gesindheidsobjekte te vel. Hy self het deurgaans tekens met lae evaluatiewe ladings gebruik. Hierteenoor was hy egter die grootste bron van /GO₁/w/GO₂/-stellings, wat 'n meer subtiële vorm van evaluasie is.

Bogenoemde kan op die beurt weer aan 'n verskeidenheid moontlike faktore toegeskryf word. Burns is byvoorbeeld 'n beriggewer, en die oorgrote meerderheid van sy berigte oor die Biko-voorval was gewone nuusberigte waarin hy sy persoonlike oordele oor die gesindheidsobjekte ondergeskik aan die evaluatiewe oordele van ander bronne gestel het. Dat hy egter in sy vertolkende berigte ook hierdie patroon gevolg het, kan moontlik toegeskryf word aan 'n versigtige benadering om nie die Suid-Afrikaanse Regering die harnas in te jaag nie. Met inagneming van wat met Lelyveld in 1966 gebeur het, en dat sy dekking van Suid-Afrika waarskynlik noukeurig deur die Owerheid gevolg word, kan 'n mens verwag dat Burns in sy hoedanigheid as die korrespondent van The New York Times in die Republiek sy woorde (TGB^e-evaluering) moes tel. Dit lê voor die hand dat dit minder "gevaarlik" sou wees om sy punt byvoorbeeld deur middel van sekondêre bronne en die assosiasie/dissosiasie-metode tuis te bring. In watter mate die evaluatiewe oordele van sekondêre "pro"-Biko-bronne verteenwoordigend is van Burns (bogenoemde geld ook vir enige ander primêre bron) se werklike gesindheid jeens die gesindheidsobjekte, is 'n vraag wat nouliks deur inhoudsontleding alleen beant-

woord kan word.

Met betrekking tot die evaluering van die Regering en Polisie, en in 'n mindere mate mnr. Kruger, tref 'n mens 'n betekenisvolle verskil tussen John Burns en Anthony Lewis aan. In teenstelling met die versigtige en meer subtiële wyse waarop Burns hierdie gesindheidsobjekte evalueer, is Lewis venynig en baie meer op die punt af wat TGB^E-evaluering betref. Oor die werklike oorsaak hiervan kan daar slegs bespiegel word; dit kan byvoorbeeld die gevolg van gesindheidsverskille wees, of omdat die werksaard en -omstandighede van dié twee verskil. Burns was wesenlik vir die nuusdekking van die Biko-voorval verantwoordelik. Lewis, 'n politieke rubriekskrywer (kommentator) wat sy ware aan meer as een koerant verkoop, het die aangeleentheid in terme van 'n breë sosio-politieke raamwerk ontleed, beoordeel en kommentaar daarop gelewer.

Die evaluering van die gesindheidsobjekte deur sekondêre "anti"-Biko-bronne moet gesien word in die lig van hul dis-sosiatiewe verhouding met die ander bronne, asook die wyse waarop hierdie bronne deur primêre bronne aangewend is. Figuur 5 illustreer duidelik waar The New York Times se simpatie in die "tweestryd" tussen sekondêre "pro"- en "anti"-Biko-bronne lê. Met inagneming daarvan dat die Regering, die Polisie en mnr. Kruger die belangrikste sekondêre "anti"-Biko-bronne vorm, en dat hierdie gesindheidsobjekte opsigselfstaande negatief geëvalueer word, is dit bedenklik of dié bronne enigsins geloofwaardig in die oë van die koerant se volgelinge sou wees. Kortom, deur 'n bron in 'n swak of negatiewe lig te stel, word sy geloof-

waardigheid afgetakel.

Die wyse waarop sekondêre "anti"-Biko-bronne in die algemeen aangewend is, bring ook 'n verlaging van hul geloofwaardigheid teweeg. In die meeste gevalle is 'n stelling van só 'n bron met 'n teen-stelling van 'n primêre en/of sekondêre "pro"-Biko-bron beantwoord. Die veelvuldige gebruik van "appèl"-terme soos "but", "however", "yet", "nevertheless", ensovoorts spreek boekdele (vergelyk in dié verband veral die berigte wat oor die geregtelike ondersoek handel, byvoorbeeld 16, 17, 19, 22, 23, 25, 26 en 28 November).

VERWYSINGS

1. Chi-kwadrate is ten opsigte van die responsverdeling oor vier kategorieë (0, en drie kategorieë met dieselfde rigting) bereken, omdat sommige tekens (byvoorbeeld PROVOCATIVE en DOUBTFUL ACCOUNT) ook 0-responses gehad het. Aangesien die teoretiese frekwensie ($15/4$) kleiner as 5 is, is Yates se kontinuïteitskorreksie aangebring (Ferguson, 1976: 201 - 202).
2. Aangesien die ontleding 'n bepaalde tydperk dek, word bronverwysings ten opsigte van The New York Times slegs deur middel van die datum gedoen.

Die doel van hierdie studie was om ondersoek in te stel na die aard en inhoud van evaluatiewe oordele oor enkele belangrike gesindheidsobjekte betreffende die geval Steve Biko in The New York Times. Daar is gepoog om op 'n betroubare en geldige wyse en so objektief as moontlik die rigting en intensiteit van hierdie oordele te meet. Die maatstawe wat verkry is, het die basis van die vergelyking tussen die gesindheidsobjekte en die onderskeie bronne gevorm.

Die ondersoek het die volgende gesindheidsobjekte gedek: Steve Biko, mnr. J.T. Kruger, landdros M.J. Prins, adv. S.W. Kentridge, die Suid-Afrikaanse Regering en die Suid-Afrikaanse Polisie. Die keuse van bogenoemde gesindheidsobjekte is gedoen op grond van die prominente rolle wat hulle in die Biko-aangeleentheid gespeel het.

'n Onderskeid is tussen die volgende bronne getref: primêre bronne (redaksielede van die koerant), sekondêre "pro"-Biko-bronne (aangehaalde bronne wat oënskynlik Biko positief en die Regering negatief gesind is), en sekondêre "anti"-Biko-bronne (aangehaalde bronne wat op die oog af die Regering ondersteun en teen die swart leier gekant is). Deur 'n onderskeid tussen hierdie bronne te tref, kon hul evaluering van elke gesindheidsobjek met mekaar vergelyk word. Sodoende kon 'n mens ook die onderlinge relasies tussen die bronne vasstel, asook aanduidings verkry ten opsigte van die wyse waarop primêre bronne van sekondêre bronne gebruik gemaak het.

Die evaluering van die gekose gesindheidsobjekte deur die onderskeie bronne is deur middel van evaluative assertion analysis ondersoek. Hierdie vorm van inhoudsontleding meet die rigting en intensiteit van evaluatiewe oordele, dit wil sê hoe goed of sleg (in 'n morele verband) 'n gesindheidsobjek beoordeel word. Dit bied dus 'n maatstaf van evaluasie ten opsigte van elke gesindheidsobjek wat ontleed word.

Dié metode meet twee soorte evaluatiewe oordele wat as regstreekse en onregstreekse evaluering opgeneem kan word. Regstreekse evaluering behels die aanwending van woorde (tekens) met 'n evaluatiewe lading. In die geval van onregstreekse evaluering word gesindheidsobjekte met mekaar geassosieer of gedissosieer. Die meting hiervan deur evaluative assertion analysis vereis die abstrahering van alle evaluatiewe stellings wat die onderskeie bronne oor die tersaaklike gesindheidsobjekte gemaak het. 'n Evaluatiewe stelling word tweërlei gemeet, naamlik op grond van sy werkwoord asook ten opsigte van sy komplement (evaluatiewe teken of 'n ander gesindheidsobjek).

Die toepassing van die metode is gegrond op vier veronderstellings. Aannames drie en vier is van deurslaggewende belang vir die betroubare en geldige meting van evaluatiewe oordele. Aanneme drie het betrekking op die rigting en intensiteit van die stelling soos dit deur die werkwoord bepaal word. Aanneme vier handel oor die rigting en graad van evaluatiewe teken van tekens van gemeenskaplike betekenis. Met betrekking tot beide aannames word veronderstel dat redelik ontwikkelde gebruikers van 'n taal in 'n bevredigende mate oor die rigting en intensiteit van bogenoemde saam

behoort te stem. 'n Mens kan van die verdere veronderstelling uitgaan dat die mate van ooreenstemming hoog sal wees in die geval van 'n homogene (in terme van personale agtergronde) groep taalgebruikers.

Bogemelde impliseer dat die ontleder wat van evaluative assertion analysis gebruik maak ook die groepsverbintnisse van sy kodeerders in ag moet neem. In die geval van hierdie ontleding is daar deurgaans van Afrikaanse studente gebruik gemaak. Hoewel die navorsingsontwerp van dié ontleding so opgestel is om subjektiwiteit aan die kant van die kodeerder te minimaliseer, beteken dit nie dat die kwalitatiewe oordele van die kodeerders van kulturele determinante gestroop is nie. Opsigselfstaande het taal 'n kulturele onderbou (Samovar en Porter, 1976: 145-217) wat nouliks deur die ontleder uitgeskakel kan word. Die minimalisering van subjektiwiteit in hierdie verband beteken nie die vermindering of uitskakeling van kulturele invloede nie; dit behels 'n doelbewuste poging om te voorkom dat kodeerders in hul oordele oor die rigting en intensiteit van werkwoorde en evaluatiewe tekens deur die gesindheidsobjekte^o beïnvloed word.

Aangesien die ontleder self die meeste van die kodeerwerk behartig het, en daarbenewens ook met die identiteit van die gekose gesindheidsobjekte vertrou was, kan die objektiwiteit (in bogenoemde verband) en betroubaarheid van sy resultate moontlik bevraagteken word. Die volgende voorsoorgemaatreëls is egter in hierdie opsig getref: (a) betroubaarheidstoetse is ten opsigte van al die fases van evaluative assertion analysis uitgevoer; (b) die beoorde-

ling van die rigting en intensiteit van evaluatiewe tekens is deur die ontleder EN veertien ander persone gedoen - aan laasgenoemde is slegs 'n lys van die geabstraheerde evaluatiewe tekens gegee om die eiening van enige gesindheidsobjek te voorkom.

Die betroubaarheidstoetse het aangetoon dat die ontleder in 'n bevredigende mate konsekwent gekodeer het. Deur 'n gemiddelde telling vir elke evaluatiewe teken op grond van die vyftien response te bereken, is die aandeel van die ontleder met betrekking tot die rigting- en intensiteitskodering van hierdie tekens tot een-vyftiende beperk. Ofskoon die ondersoeker hom ten doel gestel het om dié kodering so onpartydig en onbevooroordeeld as moontlik uit te voer, het hy deur middel van bogemelde voorsorg getref vir daardie inwerkings wat onbewustelik sy oordele kon beïnvloed het.

Daar is na die mening van hierdie ontleder daarin geslaag om in 'n bevredigende mate die onderskeie bronne se evaluering van die gekose gesindheidsobjekte in terme van goed of sleg (moreel gesproke) betroubaar en op 'n objektiewe wyse te meet. Dié ontleding het ook die vier veronderstellings ten opsigte van die ontleding van evaluatiewe stellings onderskraag. Dit, die teoretiese onderbou van evaluative assertion analysis, en die besondere navorsingsontwerp van hierdie metode lê in 'n baie groot mate aan die wortel van die daargestelde betroubaarheid, objektiwiteit (dit is die vermindering van subjektiwiteit in die reeds bespreekte konteks), asook voorkomsgeldigheid van die resultate.

Die voorkomsgeldigheid van die resultate is in die algemeen ook bevredigend, dit wil sê die finale evaluatiewe tellings (tabel 2) of skaalposisies (figuur 5) is op die oog af 'n bevredigende weergawe van die werklike evaluering in die oorspronklike boodskappe. Die verhouding tussen die gesindheidsobjekte se evaluatiewe tellings is ook 'n positiewe aanduiding van bogenoemde. 'n Punt van kritiek kan moontlik geopper word teen die hoë negatiewe telling waarmee sekondêre "pro"-Biko-bronne landdros Prins geëvalueer het. Dit is nie soseer deur tekens met hoë evaluatiewe ladings veroorsaak nie, maar eerder deur absolute intensiteitsindikatore. Die beslistheid waarmee hierdie bronne die landdros beoordeel het, is dus in berekening gebring.

Dit moet verder nie uit die oog verloor word nie dat die evaluatiewe tellings verteenwoordigend is van die mate waarin 'n groep bronne die gesindheidsobjekte geëvalueer het. 'n Evaluatiewe telling is dus 'n groepspunt en dit verteenwoordig die individuele evaluatiewe oordele van die lede van daardie groep. Die beoordeling van die voorkomsgeldigheid van die resultate vereis derhalwe die inagneming van die bydrae (kwantitatief én kwalitatief gesproke) wat elke groepslid tot die evaluering van 'n gesindheidsobjek gelewer het.

Wat die aard van die evaluering van dié gekose gesindheidsobjekte betref, het hierdie ondersoek die volgende inhoudseienskappe aangetoon:

× Met betrekking tot die rigting van evaluasie is daar deurgaans 'n assosiatiewe verband tussen primêre bronne

en sekondêre "pro"-Biko-bronne, en 'n dissosiatiewe verhouding tussen hierdie bronne en die sekondêre "anti"-Biko-bronne. Soos in die verlede het The New York Times (primêre) bronne hom ook ten opsigte van die Biko-aangeleentheid met die teenstanders (sekondêre "pro"-Biko-bronne) van die Suid-Afrikaanse Regering vereenselwig. Daarteenoor het dié koerant hom van hierdie regering en sy ondersteuners (sekondêre "anti"-Biko-bronne) gedistansieer.

* In vergelyking met primêre bronne het sekondêre "pro"-Biko-bronne deurentyd die gesindheidsobjekte positiewer (ten opsigte van Biko en adv. Kentridge) of negatiewer (ten opsigte van die res) geëvalueer. 'n Moontlike oorsaak hiervan is dat laasgenoemde bronne om een of ander rede met voorbedagte rade deur primêre bronne (vernaamlik John Burns) aangewend is om die gesindheidsobjekte in 'n beter of swakker lig te stel. Dit sou byvoorbeeld vir 'n primêre bron soos Burns (The New York Times se korrespondent in Suid-Afrika) "veiliger" gewees het om die gesindheidsobjekte via sekondêre bronne (met wie hy hom assosieer) te evalueer, dit wil sê hierdie bronne as 'n dekmantel te gebruik. Selfs in die geval van berigte wat hulle tot kommentaar en vertolking geleen het, het Burns grotendeels sekondêre bronne aangehaal.

* Burns het inderdaad 'n versigtige benadering tot die evaluering van die gesindheidsobjekte gevolg. Hy het deurentyd tekens met lae evaluatiewe ladings gebruik, en eerder die assosiasie/dissosiasie-metode aangewend. Soos hierbo genoem, het Burns by voorkeur sekondêre bronne gebruik. Die moontlikheid is ook nie uitgesluit nie dat Burns se gematigde evaluering van byvoorbeeld die Regering en

Polisie sy werklike gesindheid jeens hierdie gesindheids-objekte verteenwoordig. Hoekom het hy egter sekondêre bronne aangehaal wat dié gesindheidsobjekte (en ook mnr. Kruger en landdros Prins) veel negatiewer geëvalueer het?

* Lewis was in teenstelling met sy kollega in Suid-Afrika venynig en padlangs. Hy het deurentyd tekens met hoë evaluatiewe ladings gebruik en relatief min die assosiasie/dissosiasie-metode aangewend. In sy eerste rubriek is daar 'n ooglopende en sterk positiewe verband tussen hom en senator Clark wat hy as 'n sekondêre bron gebruik het. Andersins het Lewis dit blykbaar nie nodig gevind om sekondêre bronne te gebruik nie.

Daar is reeds na die verskillende werksomstandighede van Lewis en Burns verwys. Aangesien hulle verskillende funksies vervul, behoort hul produkte te verskil. Burns het egter die geleentheid gehad om hom skerper uit te druk en om een of ander rede (moontlikhede is reeds genoem) het hy dit nie benut nie.

* Primêre bronne het wel sekondêre "anti"-Biko-bronne die geleentheid gegun om evaluatiewe oordele uit te spreek, maar dit is in die meeste gevalle deur teenstellings "geneutraliseer". In die oë van 'n leser van The New York Times sal die geloofwaardigheid van die sekondêre "anti"-Biko-bronne waarskynlik laag wees, omdat die belangrikste van dié bronne self deur die primêre bronne en sekondêre "pro"-Biko-bronne afgetakel word. Wat wel in die guns van sekondêre "anti"-Biko-bronne getel het, was die enkele inkongruente stellings deur die ander bronne.

In die lig van bovermelde het die evaluatiewe oordele oor die gekose gesindheidsobjekte die volgende belangrike inhoudseienskappe getoon:

× Die bekendstelling van Steve Biko aan die lesers van The New York Times het die eerste sestien berigte van die universum oorheers. Die onderliggende tema van die evaluatiewe oordele oor die swart leier was die kwessie of hy politieke geweld voorgestaan het. Primêre bronne sowel as sekondêre "pro"-Biko-bronne het hom voorgelou as vredeliewend, saggeaard, gematig, en as iemand wat oor die vermoë beskik het om die verskillende rasse in Suid-Afrika in vrede te laat saamleef. Sekondêre "anti"-Biko-bronne het egter hierdie aansprake betwis. Dié bronne het hom én sy groepe aan revolusie, ondermyning, terreur en geweld gekoppel.

Op 'n ander vlak as die evaluatiewe dimensie het primêre en sekondêre "pro"-Biko-bronne Steve Biko as bekend, belangrik en invloedryk bestempel. Mnr. Vorster het hierdie bewerings sterk betwis.

× Die indruk is onder meer gewek dat die Suid-Afrikaanse Polisie Biko nie soos 'n mens behandel het nie. Verle Anthony Lewis en die sekondêre "pro"-Biko-bronne se evaluatiewe oordele vorm hierdie denkbeeld by 'n mens.

Terwyl John Burns die Polisie grootliks op grond van hul getuienis gedurende die geregtelike ondersoek geëvalueer het, asook meer van die assosiasie/dissosiasie-metode (veral tussen die Polisie en Biko) gebruik gemaak het, het Lewis die Polisie van sadisme, wreedhede, leuens, toesmeer-

dery, ensovoorts beskuldig.

Adv. Kentridge was die belangrikste sekondêre "pro"-Biko-bron. Al sy evaluatiewe oordele het betrekking op die getuienis wat gelewer is met verloop van die geregtelike ondersoek. Enersyds het hy die getuienis as sodanig geëvalueer; andersyds het hy die Polisie daarvan beskuldig dat hulle Biko wou verneder. Die advokaat het veral gekonsentreer op die getuienis dat die Veiligheids-polisie Biko naak en in hand- en voetboeie aangehou het.

Ander sekondêre "pro"-Biko-bronne, meesal deur John Burns aangehaal, het die Polisie van moord en aanranding op die swart leier beskuldig. Woordvoerders van die Regering het ook erken dat die Polisie moontlik aan ongerymdhede skuldig kon wees. Andersins het sekondêre "anti"-Biko-bronne die Polisie verdedig.

* Die algemene indruk wat gewek word op grond van die evaluering van die Regering deur primêre en sekondêre "pro"-Biko-bronne, is dat Biko se dood aan die politieke bedeling in Suid-Afrika gewyt moet word. Dié bedeling, wat deur die blanke bewind alhier voorgestaan en onderhou word, is uitgebeeld as onderdrukkend en verdrukkend.

Wat die primêre bronne betref, het Lewis weer Burns oorskadu. Eersgenoemde het die Suid-Afrikaanse Regering as 'n onderdrukkende regime bestempel, en hy het aangevoer dat die huidige bewind ongevoelig vir ordentlikheid en die waarheid is. Volgens Lewis kondoneer die Suid-Afrikaanse Regering die "sadisme van die polisie". Burns, daarenteen, het op 'n versigtiger wyse sy standpunt probeer tuisbring

dat die Regering al hoe meer beperkings op burgervryhede begin lê. Hy het egter besondere aandag aan die spanningsvolle verhouding tussen Biko en die Regering geskenk.

Onder die sekondêre "pro"-Biko-bronne het Biko self prominent gefigureer. Hy het die Regering as rassisties, dweepsugtig, uitbuitend, onderdrukkend, ensovoorts bestempel. Ander aangehaalde bronne in hierdie groep het die Regering vir Biko se dood verantwoordelik gehou.

Sekondêre "anti"-Biko-bronne het ter verdediging op aanklagte dat die Regering Suid-Afrika in 'n "polisiestaat" omskep, aangevoer dat die Suid-Afrikaanse Regering 'n beskaafde regstelsel en 'n onafhanklike regbank daargestel het.

* Die enkele geabstraheerde evaluatiewe oordele oor adv. Sidney Kentridge deur primêre bronne (veral John Burns) en sekondêre "pro"-Biko-bronne, sluit nou aan by die lofredes oor sy bekwaamhede en optrede gedurende die geregtelike ondersoek. Sy "buitengewone sin vir geregtigheid", "menslikheid", en sy vermoë om onder druk "kalm" te bly, strook ook met die voorhouing van die advokaat as die onbetwiste oorwinnaar in sy kruisverhoor-stryd met die Veiligheidspolisie. Beskuldigings teen hom dat hy 'n moeilikheidsmaker is, weeg nie teen bowegenoemde op nie.

* Mnr. J.T. Kruger se verklaring van 13 September 1977 en sy "dood-laat-my-koud"-uitlating op die Transvaalse kongres van die Nasionale Party het die grondslag van die evaluering van hierdie gesindheidsobjek gevorm. Die verklaring is as vals, misleidend, en 'n mengelmoes van snert afgemaak. Die minister se uitlating is 'n belangrike bron

van dissosiatiewe stellings tussen hom en Steve Biko, en in hierdie verband word hy beskuldig van lighartigheid en onverskilligheid jeens die dood van die swart leier.

Terwyl primêre bronne nadruk lê op die minister se hantering van die saak, en hulle daarvan weerhou om mnr. Kruger pertinent met Biko se dood te verbind, haal hulle (by uitstek John Burns) sekondêre bronne aan wat mnr. Kruger van deelname aan 'n toesmeerpoging en van moord op "Azaniërs" (Biko was ook 'n "Azaniër") beskuldig.

* Dieselfde tendens as hierbo vind 'n mens ook ten opsigte van die evaluering van landdros M.J. Prins. Sekondêre bronne word aangehaal (deur Burns) wat die bevinding as absoluut verkeerd en onregverdig bestempel. Volgens hierdie bronne het die landdros oorweldigende getuigenis wat die teendeel bewys, verontagsaam.

John Burns gebruik egter 'n meer subtiële vorm van evaluasie, naamlik die assosiasie/dissosiasie-metode (onregstreekse evaluering). Deur 'n assosiatiewe verband te lê tussen landdros Prins aan die een kant, en die Regering en Polisie aan die ander kant, wek hy reeds vóór die hofuitspraak die indruk dat die landdros nie teen die Veiligheidspolisie sou optree nie.

- - - - -

Hierdie ondersoek na die aard en inhoud van die evaluatiewe oordele oor ses gesindheidsobjekte wat prominente plekke in die Steve Biko-geval beklee het, het die algemeen bekende

negatiewe gesindheid van The New York Times jeens Suid-Afrika geïllustreer. Die dood van Steve Biko het aan hierdie koerant die geleentheid gebied om die Suid-Afrikaanse Regering, sy instellings, amptenare, beleid, ensovoorts as moreel sleg (om presies te wees - meer as nogal sleg) voor te hou. Na aan die goeie pool vind 'n mens egter Steve Biko en die man op wie die hoop gevestig was om die "sinistêre" dood van die swart leier op te los. Aan albei van dié gesindheidsobjekte word kwaliteit toegeken wat hulle in die kader van moreel goed plaas.

Hierdie ondersoek het nie alleen die inhoudelike aspekte van die evaluatiewe oordele blootgelê nie, maar ook sommige wyses aangetoon waarop dié oordele gevel is. Uit hoofde van die bepaalde oogmerke van hierdie ondersoek kon die motiewe en oogmerke van die bronne (kommunikators) nie in perspektief gestel word nie - en ook nie die invloed wat hulle boodskappe op die ontvangers gehad het nie. Hopelik bied hierdie studie van die gemanisfesteerde inhoud 'n basis op grond waarvan geldige afleidings omtrent sulke latente aspekte gemaak kan word.

LITERATUURLYS

Abbagnano, N. 1967. "Positivism". In Edwards, P. (red.), The encyclopedia of philosophy. New York: Macmillan & The Free Press.

Abu-Lughod, I. 1962. "International news in the Arabic press - a comparative content analysis". Public Opinion Quarterly 26: 600-612.

Anderson, B.F. 1971. The psychology experiment: an introduction to the scientific method. Belmont: Brooks/Cole.

- - - - -

Bagdikian, B. 1972. "The politics of American newspapers". Columbia Journalism Review vol. 10, no. 2, pp. 8-13.

Baldwin, J.M. (red.) 1960. Dictionary of philosophy and psychology. Gloucester (Massachusetts): Peter Smith.

Barger, H.M. 1973. "Images of political authority in four types of black newspapers". Journalism Quarterly 50: 645-651.

Becker, L.B., McCombs, M.E. en McLeod, J.M. 1975. "The development of political cognitions". Pp. 21-64 in Chaffee, S.H. (red.), Political communication. Issues and strategies for research. Beverly Hills: SAGE.

- Berelson, B. 1952. Content analysis in communication research. Glencoe: The Free Press.
- Berelson, B. 1968. "Behaviorial sciences". In Sills, D.L. (red.), International encyclopedia of the social sciences: vol. 2. New York: Macmillan & The Free Press.
- Berelson, B. en Janowitz, M. 1966. Reader in public opinion and communication. New York: The Free Press.
- Bessler, H. 1972. Aussageanalyse. Düsseldorf: Bertelsmann Universitätsverlag.
- Bletz, J.C.F. 1976. "Pers en buitelandse beleid". Internationale Spectator 30: 338-342.
- Boorstin, D.J. 1971. The image. A guide to pseudo-events in America. New York: Atheneum.
- Botha, M.E. 1973. Neutraliteit versus normaliteit in die sosiologie. Potchefstroom: Studiestuk van die Instituut vir Bevordering van Calvinisme.
- Boulding, K.E. 1969. The image. Ann Arbor: The University of Michigan Press.
- Bray, C.W. 1974. "The media and foreign policy". Foreign Policy 16: 109-125.
- Brown, T.R. 1978. "Did anybody know his name? Coverage of Steven Biko and the Black Consciousness Movement in South Africa by the New York Times and the Washington Post 1969-1977". Referaat gelewer op die jaarlikse kongres van die Association for Education in Journalism: Seattle.
- Browne, D.R. 1968. "The American image abroad as presented by TV". Journalism Quarterly 45: 307.

- Brugsma, W.L. 1969. "Pers en buitelandse politiek".
Internationale Spectator 23: 1673-1682.
- Budd, R.W. 1964. "US news in the press Down Under".
Public Opinion Quarterly 28: 39-56.
- Budd, R.W., Thorp, R.K. en Donohew, L. 1967. Content analysis of communications. New York: The Macmillan Company.

- - - - -

- Cater, D. 1959. The fourth branch of government. Boston: Houghton Mifflin.
- Chaffee, S.H. (red.) 1975. Political communication. Issues and strategies for research. Beverly Hills: SAGE.
- Cohen, B.C. 1963. The press and foreign policy. Princeton: Princeton University Press.
- Colle, R.D. 1968. "Negro image in the mass media". Journalism Quarterly 45: 55.

- - - - -

- Dajani, N. en Donohue, J. 1973. "Foreign news in the Arabic press. A content analysis of six Arab dailies". Gazette: 19-155.
- Danielson, W.A. 1963. "Content analysis in communication research". Pp. 180-206 in Nafziger, R.D. en White,

- D.M. (redd.), Introduction to mass communications research. Baton Rouge: Louisiana State University Press.
- Davison, W.P. 1965. International political communication. New York: Praeger Publishers.
- De Koning, T.L. 1979. "Kwalitatiewe ontleding van 'n aktivistiese koerant". Communicatio 5/2: 3-21.
- Desmond, R.W. 1972. The press and world affairs. New York: Arno Press.
- Deutsch, K.W. en Merritt, R.L. 1966. "Effects of events on national and international images". Pp. 130-187 in Kelman, H.C. (red.), International behavior: a social-psychological analysis. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Deutschmann, P.J. 1958. "Measurement in communication research". Pp. 170-200 in Nafziger, N.O. en White, D.M. (redd.), Introduction to mass communications research. Baton Rouge: Louisiana State University Press.
- Dunn, D.D. 1969. Public officials and the press. Reading: Addison-Wesley.
- Du Plessis, J.A. 1977. "South Africa: The link of terror". FAA Study Report no. 7: Oct. 1977.
- - - - -

Fagen, R.R. 1966. Politics and communication. Boston: Little, Brown.

Fauconnier, G. 1975. Mass media and society. Leuven: Universitaire Pers.

Feld, S. en Smith, C.P. 1958. "An evaluation of the objectivity of the method of content analysis". Pp. 234-241 in Atkinson, J.W. (red.), Motives in fantasy, action and society - a method of assessment and study. Princeton: D. van Nostrand Company.

Ferguson, G.A. 1976. Statistical analysis in psychology and education. Tokio: McGraw-Hill Kogakusha.

Finlay, D.J., Holsti, D.R. en Fagen, R.R. 1967. Enemies in politics. Chicago: Rand McNally.

Fitzgerald, J.D. en Cox, S.M. 1975. Unraveling social science. Chicago: Rand McNally.

Freedman, J.L., Carlsmith, J.M. en Sears, D.D. 1974. Social psychology. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.

- - - - -

George, A.L. 1959. "Quantitative and qualitative approaches to content analysis". Pp. 7-32 in I. de S. Pool (red.), Trends in content analysis. Urbana: University of Illinois Press.

George, A.L. 1976. Propaganda analysis - a study of inferences made from Nazi propaganda in World War II. Westport: Greenwood Press.

- Gerbner, G. 1958. "On content analysis and critical research in mass communication". Audio-Visual Communication Review 6/3: 92, 171-199.
- Gerbner, G., Holsti, O.R., Krippendorff, K., Paisley, W.J. en Stone, P.J. 1969. The analysis of communication content. Developments in scientific theories and computer techniques. New York: Wiley.
- Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F. en Plug, C. (redd.) 1979. Psigologie-woordeboek. Johannesburg: McGraw-Hill.
- Gruber, T. 1971. "Inhaltsanalyse und Einstellungsmessung". Publizistik 16: 351.

- Hamlyn, D.W. 1967. "Empiricism". In Edwards, P. (red.), The encyclopedia of philosophy. New York: Macmillan & The Free Press.
- Hess, J.D. 1964. "The religious journals' image of the mass media". Journalism Quarterly 41: 106.
- Hoinville, G., Jowell, R. e.a. 1978. Survey research practice. Londen: Heinemann.
- Hollander, E.P. en Hunt, R.G. (redd.) 1967. Current perspectives in social psychology. London: Oxford University Press.

Holsti, O.R. 1967. "Cognitive dynamics and images of the enemy". Pp. 25-96 in Finlay, D.J., Holsti, O.R. en Fagan, R.R., Enemies in politics. Chicago: Rand-McNally.

Holsti, O.R. 1969a. Content analysis for the social sciences and humanities. Reading: Addison-Wesley.

Holsti, O.R. 1969b. "A computer content-analysis program for analyzing attitudes - The measurement of qualities and performance". Pp. 355-380 in Gerbner, G. e.a., The analysis of communication content - Developments in scientific theories and computer techniques. New York: Wiley.

- - - - -

